

Leuens wat die Kerk my geleer het...

Ter Verduideliking

Die woord Bybel word deurgaans vervang met “Skrif” of “Woord (van God)”, vir geen ander rede nie as dat elke ander onderwerp ook ‘n “bybel” het: kookkuns, motorherstelwerk, rekenaarprogramme en vele meer. Tot waar anders vermeld, word aanhalings uit die 1933/1953 Afrikaanse vertaling gebruik vanuit theWord sagteware¹. Alle aanhalings uit Skrif is in *ligblou kursiewe* teks om aan te dui dat dit aanhalings is. Sommige woorde is egter in **sterker** teks of onderstreep en dit is slegs om meer klem daarop te lê. Alle vreemde woorde is ook in *kursiewe* teks. Sekere woorde is (tussen hakies) en is my interpretasie om iets beter te verduidelik. Woorde in [reghoek hakies] dui op die meer bekende woord, soos in ‘n meer bekende vertaling. Wanneer ‘n vreemde woord opduik, mag my spelling verskil met dié van sommige vertalings. Die rede is bloot omdat ek die letter transliteer terwyl sommige vertalers die klank transliteer. Ek gebruik die afkorting nY om die tyd aan te dui nadat Jesus op aarde geleef het en vY vir die tyd voor Sy geboorte.

Wat hier onder geskryf is, is my eie gedagtes en waarneming, maar alles word gestaaf deur Skrif; derhalwe vra ek nie om verskoning vir enigiets wat hier geskryf is nie. Indien enige persoon of instansie voel dat hulle persoonlik aangeval word of neerhalend van gepraat word, vat dit asseblief op met die Outeur van Skrif.

Baie dankie aan my vrou, Gerda, Joyce Swart en Johan Kriel vir hul proeflees, terugvoer en waardevolle insette.

By geleentheid word Hebreeuse teks ingevoeg. Neem asseblief kennis dat Hebreeus van regs na links gelees word. Die Hebreeuse *alefbet* [alfabet] het geen hoofletters en kleinletters nie. Wanneer dit aangehaal en hoofletters in die Romeinse karakters weergegee word, dui dit slegs op ordentlikheid, respek en het geen ander betekenis nie.

Inleiding

Ek het grootgeword in ‘n leuenwêreld, opgegroeï met oneindig baie leuens en ook geleer om daardie leuens oor te dra. Ek het selfs baie van hulle geglo, vir lank! Terselfdertyd het ek self ook nuwe leuens uitgedink, dit selfs vir my kinders, vriende en kollegas geleer. Gelukkig het daar ‘n tyd in my lewe aangebreek wat die Skepper-lewende God my verlos het van al die leuens, maar die skade was alreeds gedoen in die leuens van ander. Vir dit pleit ek vergifnis en vra om verskoning.

Terwyl ek my gedagtes orden om hierdie artikel aanmekaar te sit, het Vader my op ‘n ander artikel laat afkom wat my laat besef het daar is net een manier om hierdie lewe aan te pak: in totale sinchronisasie met ons Hemelvader en in volle gehoorsaamheid aan Sy Woord – die **hele** Woord.

Die artikel waarop ek afgekom het is ‘n bekentenis van ‘n man in sy middel vyftigs wat glo hy is gay,

¹ theWord sagteware is gratis beskikbaar vanaf www.theword.net en is sekerlik die vriendelikste sagteware om Skrif te bestudeer.

alhoewel hy getroud is en kinders het. Hy woon in een of ander Amerikaanse dorp waar hy grootgeword het, beklee 'n goeie pos en het hoë aansien by die dorpsmense. Hy het die aand voor sy huwelik intiem verkeer met sy jarelange goeie vriend. Hy het ook verhoudings met ander mans in verskeie dorpe – sommige sien hy maandeliks en ander jaarliks. Intussen bly hy getroud omdat hy sy vrou respekteer en sy kinders liefhet, maar hy wonder oor hoe dit sou wees indien hy vorendag sou kom met die waarheid.

Hierdie is een voorbeeld van hoe meeste mense in leuens betrokke raak in hul leuens en eintlik nooit daarvan ontslae raak nie. Ten spyte van 'n goeie opvoeding, ouers wat jou liefhet en alles vir jou doen, gaan die leuens nooit weg nie; hulle raak intendeel net meer en ook meer ingewikkeld. Ek is die oudste van drie kinders; my broer is ses jaar jonger en my suster agttien jaar jonger! Sy is gebore net nadat ek matriek geskryf het.

Een van die eerste leuens wat ek geleer is, was oor Kersvader of Vader Kersfees. Ek was geleer dat hy 'n goeie mens is wat alles weet en dat hy vir jou geskenke bring as jy 'n gehoorsame kind is. Ek het ook 'n foto waar ek as 'n jong seuntjie van omtrent drie jaar oud in OK Bazaars op Kersvader se skoot sit en huil, intendeel, skree soos 'n maer vark! Ek was té jonk om te onthou of ek daardie Krismis 'n geskenk van die goeie Vader Kersfees gekry het. Dalk het ek op sy "swartlys" gekom, want ek kan nie onthou dat ek ooit eers daarna iets van hom gekry het nie, maar ek weet my ouers en grootouers het wél geskenke gegee tydens Kersfees. Dit moes egter iewers 'n indruk op my gemaak het, tot só 'n mate dat ek jare later verskeie kere ook daardie rol vervul het om vir kinders, my eie inkluis, te gaan lieg.

Terwyl ek my gedagtes hier verwoord, vra ek ook vergifnis van my Hemelvader vir die kere wat ek daardie warm, ondraaglike rooi pak gedra het en geskenke uitgedeel het wat gekoop is met geld wat eintlik ander gate moes toestop. Ons gesin kon mos nie by ander afsteek nie! Bowendien, dit was slegs eenkeer 'n jaar en dit was tóg vir 'n goeie doel, of só is ons geleer – nóg 'n leuen.

Soos ons ouer geword en meer verstaan het, is ons blootgestel aan die regte fisiese Bybel en een van die stories daarin het vertel van Jesus wat teen die einde van die jaar gebore sou wees. Daar was nie noodwendig 'n verduideliking oor wie Jesus was en hoekom hy gebore is nie, wel, nie wat ek kon onthou nie. Ten einde ons dankbaarheid aan God te betuig vir Jesus wat gebore is, moes ons dan 'n boom iewers afkap, in die huis dra en dan versier met allerhande mooi tooisels sodat ons Jesus se verjaardag kon vier. Daar was ook liggies oral oor die boom gedrapeer en hierdie liggies kon flikker in 'n verskeidenheid van patrone. Dit was dan ook hierdie tyd van die jaar wat boekies met Kersliedere afgestof is en almal het heerlijk saam gesing oor drie konings wat elkeen 'n geskenk vir Jesus gebring het. Dit sou dan die rede wees waarom ons ook vir mekaar geskenke moes gee – uit dankbaarheid aan die Jesuskind wat gebore is. Vir eers was dit genoeg om te weet vir jonger kinders, want die ander leuens wat aan Jesus gekoppel is sou later volg. Die skakel tussen Kersvader en Jesus was dan juis een van daardie aspekte wat ek nie kon begryp nie.

Ons was deur die jare 'n baie hegte familie en my Pa se broer en susters het relatief na aan mekaar gewoon. Neefs en niggies het mekaar dus ook gereeld gesien. As familie was dit dan ook gebruikelik om tydens Kersfees by Oupa en Ouma se huis bymekaar te kom om die geleentheid ordentlik te vier. Die aand voor Kersfees het ons almal, broers, susters, neefs en niggies, huisbediendes ingesluit, saam op die mat voor die groot helder verligte boom gesit – die dooie boom met baie liggies, gekleurde balletjies en 'n engeltjie heel bo. Die boom was in een van die hoeke van die sitkamer en ons het letterlik in 'n kwartsirkel van een muur tot die volgende gesit. Ek kan nie onthou dat my Oupa dit ooit gedoen het nie, maar my Pa en sy broer het jaarliks beurte geneem om geskenke uit te deel. Ouma, my Ma en al die tannies het altyd bygedra met eet- en drinkgoed en dit was inderdaad 'n geleentheid om te onthou. Die volgende dag is almal vroeg op en trek mooi aan om die Kersdiens

in hul eie kerke by te woon. Daarna, teen 12:00 is almal weer in Oupa en Ouma se huis: hierdie keer vir die Kersefees. Die tafels het gekreun onder al die kos, want daar was versnaperinge, voorgeregte, hoofgeregte, nageregte, koeldranke en soms nog van dit wat die vorige aand oorgebly het – van alles té veel. Elke familie se huisbediende het weereens saamgekom en was weggestuur met meer eetgoed as wat ons almal kon verorber. Na my Oupa se afsterwe het my Ouma die huis verkoop en in 'n versorgingsoord gaan woon. Dieselfde patroon is egter gevolg op 'n kleiner skaal deur ons uitgebreide gesinne, meeste van die kere in my ouers se huis. Op hierdie stadium was beide my broer en ek getroud en het ons ons eie kinders gaan vermaak soos ons geleer is.

Teen die middel van Januarie is die boom se liggies en tooisels in my ouerhuis afgehaal en netjies in houters gepak sodat dit weer teen die einde van die jaar gebruik kon word. Hierdie tyd van die jaar was ook my verjaardag en ek het altyd uitgesien daarna om die boom af te takel, want dan kon ons begin voorberei vir die volgende ge-leuen-theid – my verjaardagpartytjie. Minder as 'n maand gelede het ek geskenke ontvang en nou kon ek alweer iets te wagte wees!

My verjaardag was in sekere opsigte vir my uniek: my verjaardag was die eerste in die uitgebreide familie van bykans 20 mense; ek het my eerste skooljaar begin op my verjaardag. Vir die volgende klompie jare was my verjaardag óf voor die nuwe skooljaar se begin óf daarna, behalwe in matriek, toe die skooljaar weer op my verjaardag begin het! Dit was vir my 'n teken dat ek daardie jaar sou klaarmaak en kon aanbeweeg na die grootmenswêreld.

Nietemin, met verjaardae is geen familie amptelik uitgenooi nie. Dit was 'n ongeskrewe reël dat almal sou opdaag vir hierdie heerlike gesellighede – amper 'n Kersfees in die klein. Nog steeds het tafels gekreun onder al die eetgoed. Die volwassenes het uiteraard 'n gewone verjaardagkoek gehad, maar vir ons kinders was die verjaardagkoek mooi versier met jou naam en die regte hoeveelheid klein kersies wat jou ouderdom aandui, wat dan aan die brand gestee is en wat die verjaardagkind moes uitblaas. Indien jy almal gelyk kon uitblaas, kon jy 'n wens maak wat sou waar word voor jou volgende verjaardag, mits jy niemand anders van daardie wens vertel het nie! Na meer as ses dekades wag ek nog vir daardie vervulling...

So het die jare verloop en ons het ouer geword. Met die ouer word, aan die begin van die tiener stadium, het ek sekere gebruike begin bevraagteken:

1. Waarom besprinkel sekere kerke babatjies (alhoewel hulle dit klassifiseer as “doop”) en ander kerke kom baie na daaraan om grootmense in 'n mini swembad te verdrink;
2. Die Skrif praat van Jesus wat drie dae en drie nagte in die graf sou wees, maar van “goeie Vrydag tot Sondagoggend gee net twee dae en twee nagte;
3. Hoe kan God, Jesus en die Heilige Gees een wees en tog drie? Wie is wie en wanneer en hoekom verander enige een in een van die ander?
4. Sommige kerke laat kinders toe om “nagmaal” te gebruik, terwyl ons kerk (en sommige ander) jou op ongeveer ouderdom 17 eers voor die hele gemeente vrae moet laat antwoord en as jy reg antwoord mag jy nou ook saam met die grootmense “aansit”.

Teen hierdie tyd was ek darem al redelik bekend met meeste Bybelstories: die skepping, Israel se verdrukking in Egipte, Dawid en Goliat, Daniël en die leeu, Jona en die walvis, Paulus se sendingreise en laastens die drie wyse manne. Sondagskool het 'n tipe bekoring van sy eie gehad, alhoewel ek nie spyt was wanneer daar nie lesse was nie. Ek het skitterend gedoen met die Bybelkenniseksamen elke jaar en het een diploma na die ander huistoe gebring.

Teen ongeveer ouderdom 15 het my Pa se oudste suster, 'n oujongnoui wat saam met Oupa en Ouma langs ons gewoon het, 'n elektroniese orrel gekoop. Dit was vir my baie beter as die gewone meganiese klavier wat ek die afgelope klompie jare geleer speel het en in 'n japtrap het ek die

instrument bemeester. Vir 'n lang tyd het die familie op Vrydagaande by Oupa en Ouma se huis bymekaargekom en dan moes ek hulle vermaak op die orrel. 'n Kort rukkie daarna het die kerkorrel (wat eintlik, na regte, 'n pyporrel is wat in 'n kerk gebruik word) my begin bekoor. Ons kerkorrelis het my bietjie touwys gemaak en voordat ek my kon kry, het ek in 'n ander kerk vir 'n troue gespeel! Vir 'n skoolseun het dit baie beteken want dit het ekstra kontant in my sak gesit. Ek het meer gereed begin afloswerk doen vir eredienste in verskeie gemeentes.

Ek was skaars 16 jaar oud toe ek stry kry met ons predikant oor die huweliksmars van Mendelssohn wat toe die gebruik was vir meeste huwelikbevestigings. Ek het soms ander musiek gespeel wanneer die bruid moes inkom, maar die predikant het aangedring op die "regte kerkmusiek". Toe ek hom daarop wys dat Mendelssohn se lewe nie iets was om op trots te wees nie en die musiek eintlik vir 'n fuifparty gekomponeer is, het hy my verbied om weer vir enige troue in "sy kerk" te speel. Gelukkig was dit nie die enigste kerk nie en ek het op daardie stadium ernstig daaraan gedink om oor te gaan na die Rooms-Katolieke Kerk. Dieselfde huweliksmars het my ook in die moeilikheid gehad tydens my studies. Een van my mede-studente se Ma het by 'n besigheid gewerk wat musiekinstrumente verkoop. Ons het eendag daar aangegaan en ek het 'n nuwe model orrel gesien. Die bestuurder het my gevra om iets te speel en ek het Mendelssohn 'n goeie Jazz les gegee. Dieselfde bestuurder het my vinnig gestop en gevra ek moet sy winkel verlaat, want hy laat nie toe dat kerkmusiek so verkrag word nie! Ek wonder tot nou toe nog wat hy sou sê as dit 'n stuk van oom Johann Sebastian Bach was...

Verbasend reëlmatig het die jare aangestap. Ek het klaargemaak met skool, universiteitslewe aangedurf en na ses maande gesien dit gaan nie werk nie. In reaksie op 'n advertensie het ek by die SAUK begin werk as leerlingtegnikus. Die ooreenkoms was dat hulle my studies sou betaal en ek vir dieselfde tydperk daarna moes werk om my "skuld" te vereffen. Dit het goed afgeloop en gedurende die klompie jare het ek ook betrokke geraak by verskeie orkeste en motorsport. Soms het dit baie fyn koördinerings gekos om alles in te pas – veral wanneer daar ook nog 'n meisie betrokke was.

Op daardie stadium van my lewe was dit nie vir my opvallend nie, maar soos mens deur die jare teruggedink aan sekere dinge, merk jy dat daar oral leuens ingesluit het, op alle vlakke. Ander mense het vir my gelieg, ek vir hulle, baie mense vir mekaar; die baas vir die werker, die werker vir die baas, die werkers vir mekaar. Die leuens het gegaan oor elke denkbare onderwerp en die leuenaars het ingesluit predikante, dokters, kollegas, mede-musikante, motorsportgeesdriftiges asook militêre personeel tydens my weermagopleiding. Die leuens het gewissel van 'n klein wit leuentjie tot 'n blatante "in-jou-gesig" bedrieglikheid.

Tydens my opgroei jare het verskeie ander leuens hul verskyning gemaak: die paashaas, geloftedag en dan natuurlik die tandemuis! Die Engelssprekendes noem dit die "tooth fairy" wat nog moeiliker is om te glo, want meeste mense het al muise teëgekomp, maar nog nooit 'n simpel feëttjie nie. Nietemin, dit was vir my wonderlik om 'n halfpennie in my pantoffel te kry toe ek my eerste tand gewissel het. Ek kon nie wag vir die volgendes nie! Met die volgende tande het dit begin sente word, nie meer pennies nie. Dit was seker die vierde of vyfde tand wat ek my Pa by my bed betrap het toe hy die geld in my pantoffel wou sit. Sy verweer was dat hy wou seker maak ek slaap rustig ('n "wit" leuen?), maar ek het hom die volgende keer op heterdaad betrap. Uiteraard was ek teleurgesteld, want die tandmuis was eintlik meer aanvaarbaar, veral vir 'n kind.

Die paashaas het vinniger verdwyn as wat hy gekom het, maar ek het nogtans met hom kennis gemaak. My Ma is van Ierse oorsprong en hulle het geglo jy moet eiers bont verf. Daarna word dit weggesteek en kinders gaan soek dit. Ons het dit moontlik een- of tweekeer gedoen. Wat wél daarna van hom oorgebly het was die sjokolade "eiers" wat ons as kinders gekry het gedurende die Paasseisoen. Selfs terwyl my eie kinders klein was het my Ma dit nog vir hulle gebring. Hoe kan 'n

Ouma dan nie vir haar kleinkinders bederf met 'n groot, hol sjokolade "eier" of malvalekker nie?

Geloftedag, wat op 16 Desember gevier was, het nooit vir my sin gemaak nie. My voorouers het in die negentiende eeu uit Duitsland en Ierland gekom lank nadat die gelofte deur Piet Retief afgelê is. Dit het, onder andere, verklaar dat hulle en hul nageslag die dag soos 'n *Shabbat* sou eerbiedig. Gegewe dat my voorouers op daardie stadium nie deel van die land was nie, is ek dus nie werklik deel van die gelofte nie. Daar was egter sekere aspekte waaraan ek toegegee het en vir baie jare het ons saam met 'n woonwaggroep gekamp by 'n feesterrein om Geloftefees te herdenk. Daar was volkspele gedoen, saam gebrui en dan natuurlik die sedige geloftediens op die "*Shabbat*" deur 'n plaaslike of uitgenooide prediker, waarna almal teruggegaan het huistoe na 'n gesellige braaivleis. Vir my het dit meer gegaan rondom die geselligheid as enigiets anders. Die ander vraag wat ons moet vra: Het hierdie mense werklik geweet wat *Shabbat* beteken, of het hulle doodgewoon die term gebruik om God te beïndruk en hulself te troos?

'n Ander volksinstelling (volksiekte?) was Republiekdag. Uiteraard het dit gepaard gegaan met die volkslied – Die Stem – en iets wat ons alreeds op skool geleer het en wat my altyd sal bybly. Niks was meer belangrik nie as om staande Die Stem te sing by elke geleentheid moontlik – Geloftedag inkluis. Die woorde van CJ Langenhoven is nog steeds in my kop: "ons sal lewe, ons sal sterwe, ons vir jou Suid-Afrika!" Is ek ook bereid om te sterwe vir my geloofsoortuigings, vir die pad waarop ek agter Jesus aanloop? Ironies dat dit met internasionale sportbyeenkomste gebruik word...

Agtergrond

Vir meer as twintig jaar was ek permanent kerkkorrelis by verskeie gemeentes. Dit was een van die ampte in die Christenkerk waarmee die gemeentede meer begeesterd kon word as met die preek van 'n predikant. Daar word ook baie nou saamgewerk met die predikant om die erediens vlot te laat verloop en selfs die kerkraad het normaalweg nie dieselfde noue verbintenis soos 'n kerkkorrelis het nie.

Om kerkkorrelis te wees verg ook baie opoffering, toewyding, tyd en selfs geld. Die vergoeding was soms nie werklik die moeite werd nie – selfs nie eens die ekstra vergoeding vir begrafnis en huweliksbevestigings nie. Afloskorrelis was moeilik om te reël en deur die jare het ek soms ook moes lieg en sê dat ek nie 'n aflos kon kry nie – sonder om enigiets te probeer. Die kerkkantoor moes dit dan self reël. Dit mag klink na 'n klein leuen, maar dit was 'n leuen.

By verskeie geleenthede soos begrafnis, huweliksbevestigings en dies meer moes ek ook predikante hoor lieg oor eienskappe van die gestorwene, huwelikspaar en dies meer. Agterna het die predikant en ek maar net saam gelag oor wat hy gesê het. Een van die grootste predikantleuens sou egter kom terwyl ek aansoek doen as orrelis in die gemeente waar ons woonagtig was.

Meeste van my vorige poste was hoofsaaklik buite ons gemeente, of die area waarin ons woonagtig was. Op hierdie stadium was ek 'n afloskorrelis en het aansoek gedoen in ons eie gemeente, op aandrang van predikant A. Sonder dat ek daarvan bewus was, het predikant B 'n ander orrelis genader om ook aansoek te doen. Hierdie persoon was permanent aangestel in 'n ander gemeente, maar hy was ook die musikonderwyser by die plaaslike hoërskool en bevriend met predikant B. Die man het darem 'n universiteitsgraad in musiek terwyl ek net Royal Schools of Music Klassieke Klavier klaargemaak het. Nodeloos om te sê is ek nie aangestel nie. Die stories en verskonings, eintlik leuens, waarna ek moes luister sou boekdele vul. Volgens my vriend, predikant A, het hy nie geweet daar is nog 'n aansoek nie en die kerkraad was onder druk om die hoogsgekwalfiseerde persoon aan

te stel, met verskonings aan my *ad nauseum*. Spies en Plessie sou 'n TV-reeks hiervan kon maak!

Na meer as veertig jaar het ek en my gesin ons voete afgegee van die hoofstroom gereformeerde kerk. Vir etlike maande het ons rondgeswerf en by 'n Apostoliese gemeente beland van wie die pastoor en ek baie goeie vriende was. Hy het gereeld ons motorfietsklub bedien wanneer ons op dagritte gegaan het. Ek wou op daardie stadium niks weet van die musiekbediening nie, maar nadat hy lank gesmeek het, het ek ingegee. Ek het die musiekbediening vir 'n paar maande gelei toe die pastoor skielik oorlede is. Ons het vir 'n kort tydjie aangebly in die gemeente, maar ongeveer 'n jaar later is ons na 'n sustersgemeente waar ek weer die musiekbediening behartig het. Ons was ook ingeskakel met 'n oulike groepie mense in een van die huisselgroepe. Na ongeveer 'n jaar het ons selgroepleier en ek spontaan, afsonderlik, beide die begeerte uitgespreek om Hebreeus te begin leer, sonder enige invloed uit ander oorde. Dit was vir albei van ons vreemd om gelyktydig hierdie drang te ontwikkel. Ons het dit egter opgevolg en sonder verwyf ingeskryf by die plaaslike *Ulpan* (skool vir Hebreeuse studie). Ons was albei baie opgewonde en het dit uiteraard nie geheim gehou nie.

Weereens, soos by elke ander gemeente, het die pastoor en ek baie nou saamgewerk. Dit was altyd vir my belangrik om die musiek te laat inskakel by die boodskap, ook met geleenthede soos doop en nagmaal. Ek het ook egter verskeie nuwe leuens begin leer en my woordeskaf is aangevul met woorde soos wegraping, sondaarsgebed, "eenmaal-gered-altyd-gered" en "moet-kan-praat-in-tale". Dit was interessant dat daar baie dinge agter die skerms gebeur het en gesê is, terwyl totaal ander dinge voor die lidmate plaasgevind het. Daar was menige Sondag dat ek myself sou voorneem om die pastoor en kerkraad aan te spreek, maar geleenthede het hul nie voorgedoen nie – moontlik 'n voorsienigheid van God.

Een Donderdagaand, gedurende Maart 2003, terwyl ons musikante gereedgemaak het om te oefen, het ek duidelik iemand die woord "*Shabbat*" hoor sê. Op daardie stadium het ek nog nie begin met Hebreeuse studies nie en was dus nie werklik bekend met die woord nie. Ek kon nie sien wie met my gepraat het nie en het almal gevra, maar niemand het erken dat hulle direk met my gepraat het nie. Ek het dit afgemaak as 'n vreemde verskynsel en aangegaan met my lewe. Daarna het verskeie dinge egter begin gebeur: wildvreemde mense is oor my pad gestuur per e-pos en telefoonoproepe – almal mense wat God se sewende dag, die *Shabbat*, onderhou. Dit was vir my baie insiggewend.

Baie inligting het in my rigting gekom, waarvan sommige nie eintlik sin gemaak het op daardie stadium nie. As gevolg van die Hebreeuse klasse het ek geleidelik meer van die e-posse begin verstaan. Sommige terme was in Hebreeus, vir geen ander rede nie as dat die "ou testament" oorspronklik in Hebreeus en Aramees geskryf is. Verder het ek 'n leessiklus ontdek, bykans drieduisend jaar oud, om die vyf boeke van Moses binne 'n tydperk van een jaar deur te lees en bestudeer. Dit was vir my baie interessant en bykans elke dag het meer inligting bygekome. Een van die redes hoekom die eerste vyf boeke só belangrik is, is omdat dit al die instruksies bevat wat God vir ons as mens wil leer. Selfs Jesus het vir die Fariseërs gesê dat hulle Hom nie sou glo indien hulle nie vir Moses geglo het nie (Johannes 5:46). Hierdie vyf boeke word genoem die *Torah* in Hebreeus of Pentateug in Grieks. *Torah* beteken slegs "instruksies", alhoewel dit verkeerdelik vertaal is in meeste vertalings as "wet", wat weereens 'n leuen is wat die teëstander ingebring het om mense te verwar en God in onguns te bring. 'n Ander aspek van hierdie leessiklus was ook om te sien hoe *Torah* vergelyk kan word met die vier Evangelies en om ons te wys hoe goed Jesus die *Torah* moes ken, aangesien Hy dit altyd en oral aangehaal het.

Vir die volgende klompie jare het God lank en hard met my gewerk. Ongeveer 'n jaar nadat ek die eerste keer die woord "*Shabbat*" gehoor het, het nog 'n gebeurtenis sekere dinge in my lewe begin verander.

Een Sondag, net na die lofprijsing, is ek deur die pastoor gevra om by die orrel te sit. My gedagte was dat hy 'n onaangekondigde dopeling of inseëning vir 'n kind sou hê. Hy het egter onmiddelik met 'n persoonlike aanval teen my begin en my beskuldig daarvan dat ek probeer om 'n Jood te word. Sy redes het gespruit uit die leer van Hebreëus, my soeke na hoe die oorspronklike Skrif inmekaar steek, my navorsing oor hoe Jesus en Sy dissipels geleef het en omdat ek soveel aandag aan *Torah* gee. Sonder om hom enigsins te antwoord het ek gesit en luister na sy aanval, opgestaan na die diens en huistoe gegaan – om nooit weer terug te keer nie. My telefoon het van die mikkie af gelui vir die volgende twee dae van mense wat skakel en vra of ek hierdie aanval dan net goedsmoeds sou aanvaar, aldan nie. My antwoord vir almal was dieselfde: dit was God se manier om my na 'n ander, beter, plek te stuur.

Na verskeie maande van rondval tussen verskeie kerke, het ons by 'n oulike en gesellige groep mense beland wat geen denominasie verteenwoordig nie, maar baie ingestel is op Israel, die manier waarop Jesus geleer het en selfs soms die oorspronklike name van God en Jesus gebruik het. Dit was aanvanklik effens vreemd, maar ek kon myself daarmee vereenselwig. Weereens het ek die musiekbediening behartig, maar het begin besef hierdie is slegs 'n tydelike tuiste. God wou hê ek moet breek met Sondagkerk en met hoofstroom Christendom. Dit was baie moeilik, want my vrou was vir die eerste keer in 'n lang tyd gelukkig in 'n gemeente, met die prediker en met die mense. God het egter meer en meer druk op my begin sit – tot en met die begin van 2011. Ek het geleidelik begin leisels oorgee aan 'n ander musikant en einde Junie 2011 was ek kerkloos en kerkloos. Die besluit was geneem in gehoorsaamheid en nou het ek myself in God se hande gelaat om te doen met my wat Hy wou. Hy het my gewys op al die leuens waarmee ek grootgeword het en wat ek moes "ontleer" – afleer, verleer, vergeet. Dit het 'n groot leemte in my geskep wat slegs Hy kon gebruik om die nodige inligting in my te kry soos Jesus vir Sy dissipels en ander geleer het.

Eerste Leuen

Die eerste leuen waarvan ek moes afsien, was dat God se weë nie 'n geloof (religion) is wat ek beoefen nie – iets wat ons almal in die Christelike kerke geleer is en meestal net op Sondag (of 'n klein gedeelte daarvan) toepas – vir 'n uur of wat. Kerkbywoning moet nie wees uit gewoonte, tradisies of ritueel nie. Geloof gaan oor my en ek, iets wat ek doen soos en wanneer nodig, amper soos 'n toorstokkie. Wanneer jy byvoorbeeld vorms moet invul, is een van die velde om te voltooi die vraag wat jou geloof is. Terwyl dit maklik is om te skryf “Christen”, beteken dit vir baie mense om soms Sondag in 'n kerkbank te sit, dalk te slaap, asook om darem die jaarlikse kerkkermis (moes dit dalk “kerkmis”?) te ondersteun en die Kerssangdiens by te woon. Wanneer ek dus wil skinder of 'n skurwe grap vertel, kan ek gou my geloof “afskakel”, skinder of die grap vertel en dan weer my geloof aanskakel – niemand het seergekry nie en niemand is benadeel nie maar almal betrokke het dit geniet! Inteendeel, wat dalk meer prakties sou wees, is om dit net aan te skakel soos nodig – tydens eredienste of Bybelstudie, of die min kere wanneer iemand van die kerk huisbesoek doen. Die teëstander het in die tuin van Eden alreeds geweet wat hy beplan en hoe hy mense sou weg stuur van die waarheid. Jesus leer vir ons Hy is die Weg (Pad), die Waarheid en die Lewe (Johannes 14:6). Hy het ook gesê dat ons Hom moet volg (Johannes 8:12; Lukas 9:23 en ander). Alles in ons lewens werk op dieselfde manier met 'n pad, soms kort, soms lank: ons begin by 'n punt en gaan na 'n bestemming toe – in of na ons huise, by of na ons werke, in of na skole, met of na ons ontspanning.

Hoe volg mens iemand anders op 'n pad? Deur letterlik (in die voetspore) agter daardie persoon aan te loop en te doen soos hy (Hy) doen. Dit is wat die woord “discipel” beteken en is presies wat God my geleer het: om af te sien van enige vorm van geloof wat meestal baie wankelig kon wees en dan voltyds in die voetspore van Jesus te loop. Dit moet dus 'n lewenswyse (lewenspad) word en nie 'n geloof nie, 'n verhouding. Dit moet iets wees wat daagliks, sekond vir sekond, deel is van jou lewe en nie iets waarop jy net antwoord wanneer iemand jou daarna vra of 'n vroom gesiggie voorhou wanneer die predikant in die omgewing is nie. Jesus het die perfekte voorbeeld vir ons kom stel, soos Johannes vir ons leer in 1 Johannes 2:

⁶“Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.”

Petrus, een van Jesus se binnekring, sê vir ons in 1 Petrus 2:

²¹“Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstap kan navolg.”

Soos my asemhaling en hartklop moet dit die enigste ander aspek in die wêreld wees wat 24/7/365 deel van my is – my lewenswyse volgens God se reëls in die voetspore van Jesus. Sonder dat ek daarvoor loop en spog moet dit altyd sigbaar wees vir ander mense en hierdie kan slegs gedoen word in gehoorsaamheid. Ons lees in 1 Petrus 1:

¹⁴Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie.

Indien ons dan vertrou dat God ons geroep het tot 'n nuwe lewenswandel, word die volgende vers in 1 Petrus 1 op ons van toepassing:

¹⁵Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word,

Los die leuen van geloof en volg Jesus na op die voorwaardes wat God ons gee – jy sal nooit spyt wees nie! Lees verder.

Tweede Leuen

Tot nou toe het ek nog geen prediker gehoor wat anders praat nie; al die Protestantse en Katolieke predikers, hetsy Evangelies, Pinkster of Ortodoks is kop in een mus: met Jesus se dood aan die kruis het die wet weggeval en hoef ons niks daarmee te doen hê nie. Ons is gered slegs deur genade.

Nou wil ek graag weet: wanneer ek deur 'n verkeersman gestop word omdat ek 'n verkeersoortreding begaan het en hy gee my 'n waarskuwing, het hy die verkeerswet weggeneem deur die waarskuwing of was sy "genade" genoeg vir my? Sover ek weet bly die wet steeds van toepassing, selfs na die waarskuwing, want met my volgende oortreding mag ek dalk nie 'n "genadige" verkeersman kry nie. Terwyl ek binne die **wet** van die verkeersregulasies bly is ek veilig en sal nie vervolgt word nie.

Presies dieselfde is geldig in ons geestelike lewe.

God se wet, die *Torah*, God se instruksies, stel beperkinge of grense waarbinne ek vrylik kan beweeg. Terwyl ek binne die wet bly is ek veilig, want God is ook daar om my te beskerm. Wanneer ek egter buite die grense beweeg, is ek op my eie, want God se wet beskerm my nie meer nie – daar is dan nie 'n wet nie. God is egter alomteenwoordig en wanneer ek buite Sy wet na Hom roep, is Hy getrou en regverdig om my terug te plaas binne die grense van Sy wet, nie onder die wet nie, waar ek weereens Sy beskerming geniet en veilig is.

As kind het ons 'n vistenk gehad met 'n klompie vissies in. In die begin het my broer en ek baie gestry oor wie die vissies gaan voer of die tenk skoonmaak, maar later van tyd was dit amper 'n las om na hulle om te sien. Wat ek wel uit hierdie episode in my lewe geleer het, is dat daardie vistenk met die water die veiligste hawe is vir die vissies. Buite die vistenk spartel die arme vissie om asem te haal, maar binne die grense van die vistenk is die vissie veilig en kan hy homself geniet na hartelus. So het ons almal grense nodig om ons te beskerm – soms teen onself!

Die teëstander het baie fyn gewerk deur vertalers om die woord *Torah* te laat vertaal as wet. Wanneer ons dit reg ontleed, beteken dit eintlik "instruksies" of "reëls". Elke huis het sy eie *Torah*, reëls, waarvolgens ouers en kinders leef en werk. Soortgelyk het werkgewers 'n "*Torah*" vir hul werknemers. Oral in die lewe waar reëls neergelê is, kan ons dit beskou as "*Torah*". Dink mooi daaroor na, maar ironies is meeste van daardie reëls gegrond op God se *Torah*!

Dit is dus 'n infame leuen dat God se wet weggeval het, weggeneem is, nie meer van krag is nie of watter ander onsinnige stelling iemand daarvolgens sou wou maak. Indien dit waar sou wees, sou geen land, owerheid, skool of huis enige reëls kon hê nie! Wanneer ons rondom ons kyk, sien ons egter hoe die teëstander probeer om anargie te bewerkstellig.

Jesus het self vir ons gesê in Mattheus 5:17 dat Hy gekom het om die wet te vervul. Verlede keer toe ek my woordeboek nageslaan het, het dit nie beteken om weg te neem of tot niet te maak nie – Hy het gekom om dit vir ons beter te verduidelik. Wanneer ons verder lees in Mattheus 5 lees ons in verskeie verse (21, 27, 31, 33) hoe Jesus sê: "Julle het gehoor..." en Hy noem 'n aspek of opdrag van die wet. Daarna sê Hy (in verse 22, 28, 32, 34): "Maar Ek sê vir julle..." en verduidelik dit dan beter sodat daar 'n groter begrip is. Van wanneer af beteken "beter verduidelik" en "tot niet maak" dan nou dieselfde? Belaglik!

Terwyl Jesus aan die kruis gehang het, het Hy uitgeroep: "Dit is volbring". Hy het dus die lewenstaak waarvoor Hy aarde toe gekom het, voltooi. Ons lees in Kolossense 2:

¹³"En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam

*met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het, ¹⁴en die **skuldbrief** teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, **uitgedelg en weggeruim** het deur dit aan die kruis vas te nael,”*

Gedurende die tyd, onder andere, waarin Jesus op aarde was, was dit gebruiklik om gevangenes se skulde of oortredings op 'n brief te skryf voordat hulle gevonnissen word. Die brief is soms ook op die deur van die sel of aanhoudingskamer geplaas sodat besoekers en ander wagte sou weet wat die oortreding is. Wanneer hulle vrygelaat is aan die einde van hul straf tydperk is hierdie selfde brief aan hulle teruggegee met die Griekse woord *tetelestai* (Τετέλεσται – têtêles-tai) – ten volle betaal, skuld vereffen – daarop gestempel. Hierdie brief moes gewoonlik aan sy persoon gedra word om te kan bewys dat sy skuld aan die gemeenskap vereffen is.

Jy en ek en elke ander persoon op aarde staan skuldig voor God, maar Jesus, ons Verlossing, het daardie **aanklag**, daardie **skuldbrief**, weggeneem – nie die wet nie. Sy bloed het versoening vir ons bewerkstellig. Hy kon nie die wet weggeneem nie, want dan sou ons nie weet wat sonde is nie! Ons lees in Romeine 8:

²“Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.

Ons sien ook in 1 Johannes 3:

⁴Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.

Hierdie kan nie duideliker gestel word nie. Ons is dus nie kwytgeskeld van die wet van Moses/Jesus nie, maar wel, deur Jesus se **gehoorsaamheid**, van die wet van die sonde (die nagevolge) en die ewige dood. Christendom het aaklig gefaal deurdat hulle nie die wet van Moses nagekom het nie; selfs Jesus het dit gedoen!

Derde Leuen

Aangesien ek nou die leuen van aan- en afskakelgeloof afgeleer het en, in gehoorsaamheid aan God, 'n nuwe lewenswandel of lewenswyse, 'n intieme verhouding, met God begin het, het ek ook beseft dat God se wet nog steeds my enigste riglyn moet wees, die reëls waarvolgens ek moet leef om Hom tevrede te stel. Dit gaan alles oor Hom – nie oor my nie!

Daar bestaan 'n geringe moontlikheid dat die kerk waar ek betrokke is my sal toelaat om my nuwe lewenswandel met God uit te leef soos Hy wil hê ek dit moet doen, alhoewel ek glo dit sal nie maklik wees nie, want: die kerk, dit is elke gemiddelde Christenkerk, sê egter vir my die wet van God is afgeskaf met Jesus se kruisdood. Volgens die kerk is *Torah* (instruksies) net vir die Jode gewees en nou is slegs die wette van die kerk geldig. Daar is nou geen kwessie watter gevolgtrekking ek gaan bereik en watter besluit ek gaan neem nie: ek breek met die Christelike kerk en hul vorm van aanbidding en volg Skrif – reg van die begin af in Genesis tot aan die einde van Openbaring – alles.

Alreeds in die eerste paar bladsye van Skrif lees ons God het 'n rusdag ingestel, die Sabbat, of *Shabbat* in Hebreeus. Die probleem is egter dat my kerk, waarvan ek sopas weggebreek het, vir my gesê (nie geleer) het die *Shabbat* is net vir die Jode. Regtig? Kom ons gaan ondersoek dit self...

Weereens moet ons aandagtig, in gehoorsaamheid en met 'n angstige, begerige en leergierige gees luister wat God vir ons sê. Dit kan gebeur deur ander mense, boodskappe per selfoon of e-pos, of deur God Self, nadat ons gees stil geword het en beseft slegs Hy kan ons lei – want Hy wil ons lei! Ons moet egter seker maak dat wat ons geleer word wél in Skrif is en nie iemand anders se vrugbare verbeelding nie. Toets dus elke lering aan Skrif, soos ons geleer word in Handeling 17:

¹¹“Hierdie Jode [in Beréa] was meer edel as dié in Thessalonike; hulle het elke dag die boodskap met gretigheid ontvang terwyl hulle uit die Skrifte onderskei het om te sien of hierdie dinge so was.

God het in ses dae die aarde met alles daarop en daarin asook die hemele geskape. Ons lees in Genesis 2:

¹So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leëmag.

Dit stop egter nie hier nie, want ons sien twee verse verder:

³En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak.

God het nie gerus omdat Hy moeg was nie, want Hy wat God is kan nie moeg word nie. Jesaja sê vir ons in hoofstuk 40:

²⁸Weet jy dit nie? Of het jy dit nie gehoor nie? 'n Ewige God is die HERE, Skepper van die eindes van die aarde; Hy word nie moeg of mat nie; daar is geen deurgroning van sy verstand nie.

Hy het gerus om vir ons 'n voorbeeld te stel, soos wat Jesus baie later ook vir ons verskeie voorbeelde sou stel terwyl Hy op aarde was. God het die sewende dag geseën omdat Hy die mens gemaak het wat kan moeg word en rus nodig sou hê na ses dae se werk. God het 'n **afspreekdag** met die mens gemaak, 'n dag waarop die mens sy normale werk kon laat staan (nie bekommerd te wees oor inkomste nie) en vir 'n volle 24 uur kon baljaar in God se liefde en deernis!

Jou kerkdiens begin Sondag om 09:00. Jy daag 15:00 daar op, maar daar is niemand. Inteendeel, jy kom enige ander dag 09:00 daar aan en daar is ook niemand nie. Hoekom? Want die afspraak wat eenparig deur almal gemaak is, is dat die kerk Sondagoggend om 09:00 begin. Dit is egter nie God se afspraak nie. Sy afspraak is die sewende dag, volgens Skrif – die **hele** 24-uur dag – vanaf die vorige

dag sonsondergang tot Saterdag sonsondergang.

God het 'n afspraak met die **mens** gemaak vir die sewende dag van die week. Daar is baie mense wat glo dit is net vir die Jode, maar daar was geen Jode in Genesis 2 nie – slegs Adam en Eva. Die eerste Jood, eintlik Hebreër (wat later verduidelik sal word), was Abram/Abraham, waarvan ons begin lees aan die einde van Genesis 11 en verder. Dit was ongeveer 2 000 jaar ná die Skepping dat Abraham geleef het, dus sou baie mense moontlik deur mondelingse oorlewering bewus wees van die sewendedag *Shabbat* wat alreeds in Genesis ingestel is, net soos byvoorbeeld aspekte van offerandes mondelings oorgelewer is. Die woord *Shabbat* beteken rus of beëindiging. Jesus sê vir ons in Mattheus 11:

²⁸*“Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.”*

Hy het ook vir ons gesê in Markus 2:

²⁷*“Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie.”*

Ons lees in Eksodus 31:

¹⁷*Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig 'n teken; want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik.*

Die woord “verkwik” kan ook as “verfris” vertaal word en beteken letterlik “asemhaal”, net soos ‘n bries of stroom van lug; hierdie verkwik van God is slegs figuurlik. Die laaste gedeelte van die vers kan dus vertaal word as: *“Hy het opgehou en asemgehaal.”* As ons weer kyk na Jesaja 40:28, sien ons duidelik dat God nie verfris is om krag of energie te herwin soos ‘n mens nie, want Hy is die Bron van alle krag en energie! Dit was egter God se “stop” en “asemhaal” wat die *Shabbat* geskep het!

Wanneer ons nou wandel in Jesus se voetspore, Wie beter om vir ons die rus te gee wat God weet ons nodig het! Ons beweeg ook nou nader aan hoe Jesus, die dissipels en vele ander mense van daardie tyd, geleef het: ‘n onbreekbare ewigdurende verhouding met God, waartydens ons leef volgens Sy wet (die *Torah*, instruksies) en elke sewende dag die afspraak nakom wat God met ons gemaak het. Jesus sê wat Hy bedoel en bedoel wat Hy sê, ook in Mattheus 11:

²⁸*“Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.”* ²⁹*Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele;* ³⁰*want my juk is sag en my las is lig.”*

God het, deur Sy Woord en verskeie mense, agt jaar lank aan my moes werk rakende *Shabbat* en toe ek uiteindelik ophou slimmer wees en oorgee, het daar meteens ‘n groot las van my skouers afgeval. Daar was egter ook ander dinge wat moeilik was om te verwerk. Vir bykans ‘n jaar vantevore was ek gewoon om gedurende *Shabbat* (Saterdag) op my eie Bybelstudie in my studeerkamer te doen. Die probleem het egter gekom toe ek die eerste klompie Sondae by die huis bly en nie kerk toe gaan nie. Ek het intens skuldig gevoel en moes myself dwing om nie daardie skuldgevoelens te hê nie! Soos tyd verbygegaan het, het God in my die oortuiging geplaas dat ek doen waarvoor Hy my geroep het en wat Hy van my verlang en dat ek in Sy Wil leef. Indien jy nog twyfel, luister gerus na ‘n vier-deel reeks oor onderhouding van God se *Shabbat*².

² <https://www.bibletools.org/index.cfm/fuseaction/Audio.details/ID/520/Sabbathkeeping-Part-1.htm> Die ander dele sal op dieselfde blad gevind word.

aangespreek moet word nie. Die Rabbi's het baie ernstig probeer om, volgens die derde opdrag van God se wet, God se Naam te beskerm teen mense wat dit sou wou misbruik, veral in die lande waar Israel in ballingskap was. Tot op hierdie vlak het die Rabbi's goed daarin geslaag onder hul eie mense. Meeste Rabbi's was egter nie noodwendig die hoog-heiligste nie, tot selfs vandag! Intendeel, ons sien hoe haal Jesus hulle uit om elke hoek en draai. Hulle word genoem "witgepleisterde grafte" in die Afrikaans 1953 vertaling, "geveinsdes" in die WEG en "toneelspelers van 'n vals karakter" in die PWL. Die Rabbi's van toentertyd het 'n verbod geplaas op die gebruik van God se werklike Naam en in stede daarvan word die woord "Adonai" gebruik wanneer hulle bid. "Adon" (אֲדֹנָי) is die Hebreeus vir Meester. Die term "HaShem" word in die algemeen gebruik, soos met sosiale en nie-"godsdienslike" byeenkomste. Hierdie woord beteken egter bloot "die Naam" (אֱלֹהִים "ha" – die) en (שֵׁם "Shem" – naam) en het werklik geen ander betekenis nie. Adonai kan beteken "my Meester" of "my meester" – die gebruik van 'n hoofletter en 'n kleinletter dui selfs ook op enige heidense god, afhangende van die verband waarin dit gebruik word. Verwys asseblief na die laaste paragraaf van "Ter verduideliking" op bladsy 1. Hierdie is weereens 'n rede om self, persoonlik, die Skrifte in hul oorspronklike taal te bestudeer en nie staat te maak op die kanselmantjie wie se pensioen jy elke maand aanvul nie. Vir dieselfde rede, en meer, kan ek ook in die ry kom staan.

God sê egter vir ons op verkeie plekke in Skrif dat ons Sy Naam moet aanroep, nie Sy titel nie: Psalm 116:13, 17; Jesaja 52:6; Sagaria 13:9. In Shakespeare se tragedie, Romeo & Juliet, word die bekende reël gebruik: "What's in a name?" Die Hebreërs (Jode) het hul kinders name gegee wat hul nering of lewenstaak sou aandui. Meeste profete se name in oorspronklike Hebreeus het iets te doen met God se naam, iets waarna ons bietjie later sal kyk.

'n Bekende Italiaanse komponis, Giuseppe Verdi, se naam beteken letterlik Josef Groen, indien dit direk vertaal sou word. Dit sou egter baie onvanpas wees om hom as sulks aan te spreek of aan mense voor te stel omdat hy nie op daardie naam sou reageer nie. Stel jouself voor jy sien op een van die groot advertensieborde langs die snelweg: "Josef Groen in persoon by die Stadsteater!" Baie min mense, indien enige, sal weet wie dit is en derhalwe nie die vertoning ondersteun nie. Hiermee sê ek nie dat God nie reageer wanneer ek nie Sy Naam gebruik nie, maar Hy wil hê dat ons Sy Naam gebruik, want op daardie manier erken ons Hom as ons Skepper, ons Versorger, ons liefdevolle Vader, die Almagtige Een. Wanneer ek God se Naam gebruik weet die teëstander ook dat ek die hoogste Gesag aanroep en hy sidder!

'n Naam spreek van 'n persoon se karakter en die gesag wat daardie persoon verteenwoordig. Avraham (Abraham) se naam beteken "vader van 'n menigte", Eva se oorspronklike naam (חַוָּה – Chava, uitgespreek ga-wá) beteken "moeder van lewe", Esau beteken "harig". Wanneer ons dus na God se oorspronklike Naam kyk in die Hebreeuse teks, bestaan dit uit vier letters, יְהוָה, genoem die tetragrammaton (Grieks vir vier letters), wat ook in transliterasie geskryf word as YHWH of YHWH. Hierdie Naam is inderdaad afgesonderd (heilig) en mag nie net goedsmoeds gebruik word nie. Vir daardie rede pla dit my geensins om in 'n flik te hoor "oh my god" nie, want meeste van daardie vals karakters weet nie eens wie hulle aanspreek nie! Dit mag dalk een van hulle eie demone of vriende wees, of net om iets te sê omdat hulle nie weet wat om te sê nie – soos baie "voorspoed"-predikers. Lees bietjie later oor hulle...

Selfs akteurs wat kort-kort "jesus christ" uiter, het min besef van wat hulle doen en daarom behoort ons ook vir hulle in te tree soos Jesus gedoen het aan die folterpaal en sê: "Vergewe hulle, want hulle ken beslis nie Verlossing van God of die God Wat Verlossing bewerkstellig het nie!"

Wanneer ek egter met God praat, wil Hy graag hê dat ek Hom met daardie Naam, יְהוָה, sal vereer. Ek mag Hom ook aanspreek as Vader of selfs die Aramese woord, Abba, wat ook Vader beteken,

gebruik. Wanneer ek God se Naam aanroep, erken ek Hom vir Wie en Wat Hy is – die Gewer van alles! Daar is egter een bepaling: sommige mense wat die klok hoor lui het en nie weet waar die hamer is nie, roep God aan as Abba-Vader – een term. Dit is uiters dwaas om hierdie term te gebruik, want albei woorde beteken dieselfde en ons sal dan sê "Vader Vader." God is nie doof nie en sal hoor wanneer ons die eerste keer roep. Hierdie is weereens een van daardie soetsappige clichés wat ons aanleer van die dierbare voorspoedsteoloë. Al drie kere wanneer hierdie term in Skrif gebruik word, is dit ter verduideliking – die tweede woord verduidelik of beklemtoon die eerste. Slegs in derde-wêreldse lande word sulke terme herhalend gebruik, meestal vir en deur die minderbevoorregtes.

Daar is ook baie gedagtes en argumente rondom die "korrekte" uitspraak van God se Naam, maar niemand het werklik die finale uitspraak bemeester nie. Terwyl sommige mense mag praat van "Yahweh" of "Yahveh", verkies ek persoonlik om "Yahuah" te gebruik. God weet immers dat ons met Hom praat en dit is al wat belangrik is.

Soos vroeër genoem, het meeste profete se name iewers 'n verkorte vorm van God se Naam:

- ☞ Jesaja is eintlik *Yasha'yahu* wat beteken "Yah is ons redding"
- ☞ Jeremia is eintlik *Yirmeyahu* wat beteken "Yah sal ons verhoog"
- ☞ Daniël is eintlik *Dani'el* wat beteken "my Regter is El"
- ☞ Esegïel is eintlik *Yechezq'el* wat beteken "El sal versterk"

Daar is baie mense wat dit dalk nie mag besef nie, maar meeste gelowiges ken en gebruik ten minste alreeds vyf Hebreeuse woorde:

- ☞ *Amen* (אמן) – dit is waar, laat dit so wees
- ☞ *HalleluYah* (הללויה) – prys/loof Yah (God)
- ☞ *Shofar* (שופר) - ramshoring
- ☞ *Shabbat/Sabbat* (שבת) – God se afgesonderde dag
- ☞ *Shalom* (שלום) – algemene groet, met aankoms of vertrek en sluit ook seënwense in

Laat ons dus God se Naam, יהוה, met die nodige eerbied en ontsag gebruik sodat Hy daardeur verheerlik kan word.

Vyfde Leuen

Wat van Jesus se werklike naam? Het die naam Jesus enigsins betekenis of is hier ook iets vreemds aan die gang? Sou die Naam van God nie weerspieël word in die Naam van Sy Seun nie?

Gedurende my tienerjare het ek gedink my Verlosser se naam is Jesus en Sy van is Christus! Meeste predikante het dit gewoonlik aanmekaar gebruik tydens preke, Jesus Christus, soos dit na regte sou hoort. Die feit is egter dat hierdie terme eintlik niks in Afrikaans beteken nie, maar slegs 'n Griekse verkragting is van die oorspronklike Hebreeus. In Mattheus 1:21 sê die boodskapper aan *Miryam* [Maria] dat sy swanger sal word en wanneer die Kind gebore word moet sy Hom *Yeshua* noem – nêrens was daar enige sprake van Jesus nie, behalwe in doelgerigte misvertalings - verkrachtings. Die woord *Yeshua* beteken “YAHUAH (God-die-Vader) verlos”, wat presies die rede is waarom *Yeshua* gekom het! Die Hebreeuse woord vir verlos is *yasha* (ישע) en kan ook beteken om uit te roep vir hulp. 'n Verbuiging van *yasha* word gebruik in *Mattityahu* [Mattheus] 21:9 wanneer die skare uitroep: “Red (ons) (רושיעדה) – ho-Shie-‘ah) **asseblief** (נא) – Na), Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die **Naam** van יהוה. U in die hoogste hemel: **red (ons) asseblief!**” Op daardie stadium het meeste van die Jode geglo *Yeshua* is die nuwe aardse koning wat verlossing sou bring van die Romeinse ryk. Niemand het enigsins aan die geestelike realm gedink nie. Hulle het almal die geskifte en profesië gevolg en geweet dat die tyd ryp was vir die nuwe koning waarvan die Skrif melding gemaak het. In die 1953 Afrikaanse Skrif is hierdie twee woorde (*hoshiah* en *na*) saamgevoeg as “Hosanna (vir die Seun van Dawid!)” en “Hosanna (in die hoogste hemele!)” Ongelukkig gee die WeG dit soortgelyk verkeerdelik weer. Dit skep die indruk dat “hosanna” 'n woord van lofprysing is, soos ek altyd gedink het, geleer en belieg is. Dit is egter absurd! Die woorde is 'n uitroep tot bevryding en 'n vooruitskouing van die komende Messias soos ons sien in Psalm 118:

²⁵Verlos my, יהוה; יהוה, bevry my! ²⁶Geseënd is hy wat kom in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה! Ons het julle geseën vanuit die huis van יהוה.

Bevestiging hiervan kan ook gelees word in *Mattityahu* [Mattheus] 21:9; 23:39; *Markos* [Markus] 11:9; *Luka* [Lukas] 13:35; *Yochanan* [Johannes] 12:13. Dit is woorde wat jy en ek kan uitroep wanneer ons in verdrukking of moeilikheid is.

Toe *Yeshua* se Naam in Grieks oorgesit is, moes die “vertalers” 'n bietjie kortpad vat. In die Griekse alfabet is die naaste letter aan “y” die letter “i”. Daar is ook geen “sh” klank of letter nie en derhalwe het hulle bloot “s” gebruik. Die Griekse taal, soos Hebreeus en verskeie ander tale, het manlike en vroulike vorme en in Grieks eindig vroulike name en woorde op “a”, derhalwe moes hulle 'n “s” aan die einde sit om 'n manlike naam aan te dui. Op hierdie wyse het *Yeshua* toe lesous geword en so het ons Verlossing letterlik “verdwyn”. Gedurende die 17de eeu is *lesous* in Latyn vertaal as *lesus*, wat later verander het na Jesus, toe die letter “j” by die alfabet gevoeg is as 'n afsonderlike letter, ongeveer 500 jaar gelede. Dus het 'n leuen vir bykans 2 000 jaar die ronde gedoen en almal is mislei, nie net met ons Verlosser se Naam nie, maar ook met Sy geboorte.

Lank voor die geboorte van *Yeshua* het heidense nasies dagewening (solstice) gevier. Weereens is daar baie agtergrond waarvoor hierdie artikel nie plek het nie, maar weens sonaanbidding is dagewening gevier rondom 25 Desember in die noordelike halfrond, wanneer die son “herbore” word vir die nuwe siklus waaruit ook die somer sal voortvloei. Hierdie gebruik het ingesluip saam met sommige “gelowiges”, tot só 'n mate dat dit vroeg in die vierde eeu amptelik deur die Christelike (lees RKK) kerk aanvaar is as *Yeshua* se geboorte. 'n Heidense fees met 'n “Christelike” geur is **nie** 'n aangename geur vir God nie. Kyk na my aanmerkings aan die einde. Hy het ons beveel om te breek met sulke gebruike – die volk van *Yisra'el* was menigmaal in ballingskap as gevolg van sulke gebruike! Terwyl God spesifieke offergawes en bydraes vir ons uitstip in Sy Woord, is dit egter vir Hom van minder belang. Hy verheug Hom in ons **gehoorsaamheid**. In *Yochanan* 14:15 sê *Yeshua*

(namens God-die-Vader, sien *Yochanan* 14:10): *“As julle My lief het, voer voortdurend My opdragte uit.”*

Die vorige teks is geneem uit ‘n onlangse vertaling vanuit Aramees en Hebreeus, die PWL-vertaling, en vir die res van hierdie skrywe sal aanhalings daaruit gemaak word, tensy anders vermeld. Sien die vorige gedeelte vir meer inligting oor hierdie vertaling.

Net ‘n waarskuwing: sommige Afrikaanssprekende hou daarvan om Engelse vertalings te lees en daar is niks mee verkeerd nie. Bly egter weg van die Aleph Tav Scriptures van Bill Stanford. Dit bevat baie onreëlmatighede en eie leerstellings. Indien jy ‘n goeie Engelse vertaling wil gebruik, kyk gerus na die Complete Jewish Bible (CJB) van David Stern. Dit is beskikbaar as harde- en sagteband by enige ordentlike boekwinkel en ook as ‘n elektroniese weergawe vir theWord. Besonderhede beskikbaar onder die bronnelys.

Daar is genoeg bewyse dat *Yeshua* nie in Desember gebore is nie. Dit was middel winter en geen skaapwagter sou só onmenslik wees om sy skape buitekant te hou nie, want hy wou self ook nie in die koue wees nie. Verder het God vir ons Sy eie vasgestelde tye gegee, waartydens *Yeshua* moontlik eerder gebore sou wees. Dit is totaal ondenkbaar dat Sy Seun, ons Verlosser, gebore sou word tydens een van daardie heidense feeste. Hy het uitdruklik Sy uitverkore volk opdrag gegee om nie die weë van die heidene te volg nie in (onder andere) *Yirmeyahu* 10:

²*So sê יהוה: “Moenie die maniere van die nasies leer nie en moenie vrees vir die tekens van die hemel nie, alhoewel die nasies daarvoor vrees,*

Ons sal gedurende die volgende leuen leer dat God selfs ‘n nuwe begin vir die jaar gegee het om weg te breek van heidense gebruike. Ons leer egter ook uit Skrif dat geboortes vermeld word maar nooit gevier word nie. Wat belangrik is, is wanneer en hoe mense tot sterwe kom, want dit is wat ons vir ons geliefdes en die wêreld nalaat. Vir hierdie rede het God dit nie nodig geag om vir ons te sê wanneer *Yeshua* gebore is nie. Diegene wat werklik wil weet kan dit uitwerk omdat al die gegewens in Skrif is. Moet asseblief net nie alles glo wat Professor/Doktor/Dominee/Pastoor/Rabbi Google jou vertel nie!

Ek wil op hierdie stadium ook ‘n ander belangrike punt maak: baie mense het in die Naam van Jesus tot bekering gekom en baie mense sal in die toekoms nog daardie Naam gebruik. Hierdie Naam van ons Verlossing het verkeerdelik in gebruik gekom maar sal moontlik altyd in gebruik wees, as gevolg van die misleiding wat die teëstander bewerkstellig het. Ek skiet dus glad nie die Naam van Jesus af nie en sal dit self gebruik, soos vroeër in hierdie skrywe, om, waar nodig, ongelowiges na God en tot bekering te lei. Wanneer ons egter tot die besef kom, verkies ek persoonlik om die Naam te gebruik wat oorspronklik gebruik is, ook deur die BoodsAPPER aan *Miryam*. Terwyl die oorspronklike Hebreeuse name van plekke en persone gebruik sal word, word die bekende name met eerste gebruik in [reghoek hakies] aangetoon.

Sesde Leuen

Net soos 'n gebou 'n fondasie nodig het, het God vir ons fondasies en boustene gegee om Sy Koninkryk te help bou. Gedurende die Skepping het Hy vir ons die *Shabbat* gegee, 'n spesiale afspraak waartydens Hy aan ons baie spesiale aandag gee, maar ook dieselfde van ons verwag, soos ons in 'n vorige gedeelte gesien het. Hierdie *Shabbatte* is egter die grondslag van iets baie meer opwindend en insiggewend.

Een van die mees verwaarloosde boeke in Skrif in die gemiddelde Christenkerk is Levitikus. Ek glo die rede hiervoor is omdat meeste van God se reëls hierin vervat is en die mens van nature opstandig en rebels is om nie God se instruksies te wil volg nie. Meeste predikante het dan ook geen benul waarom Levitikus gaan nie want hulle word dit nie op kweekskool geleer nie, veral nie met Skrifte (Bybels) wat nooit oopgemaak word nie! Sommige van diégene wat egter begrip daarvoor het, wil dit nie vir hul gemeentes leer nie, want in sekere gevalle mag dit dalk hul pensioen nadelig beïnvloed – en hierdie woorde kom uit 'n predikant se mond!

Ons sal later by ander hoofstukke stilstaan, maar laat ons begin by hoofstuk 23. Hier word sewe feeste beskryf, behalwe vir die *Shabbat* wat 'n fees op sy eie is en ook ingewerk word by **elke** fees:

- ☞ *Pesach*: 'n weeklange fees opgedeel in drie, met *Pesach* op die 14de van die eerste maand, die Fees van Ongesuurde Brode op die 15de en die Fees van Eerste Vrugte op die 16de. Die eerste en laaste dae is elkeen 'n *Shabbat*;
- ☞ *Shavu'ot* (Hebreeus vir "weke"): 50 dae na *Pesach*, sewe weke plus een dag; daarom ook genoem die Fees van Weke en is 'n *Shabbat*. Die fees is ook bekend as *Pentecost* (50ste in Grieks) of Pinkster en nee! Dit is nie deur die NG of susterskerke ontwikkel nie, alhoewel dit die engste fees van God is wat sommige (nog) beoefen;
- ☞ *Yom T'ruah*: Fees van Trompette, 'n *Shabbat*, op die eerste dag van die sewende (vantevoren eerste) maand. Volgens oorlewering is hierdie die dag waarop *Adam* en *Chava* [Eva] geskape en is dit ook as "nuwejaar" gevier. Dit is dieselfde dag waarop *Noach* [Noag] die dak van die ark verwyder het en gesien het dat die aarde droog is (Genesis 8:13);
- ☞ *Yom Kippur*: Dag van Verootmoediging, die tiende dag van die sewende maand en die mees heilige dag op God se kalender, weereens 'n *Shabbat* en 'n vasdag;
- ☞ *Sucot*: Loofhuttefees, 'n uiters uitbundige en genotvolle fees van agt dae waartydens geen werk gedoen word nie; weereens is die eerste en laaste dae 'n *Shabbat*.

Meer oor hierdie feeste bietjie later.

Niemand het 'n doktorsgraad of vlieëniersopleiding nodig om eenvoudige woorde in ons eie moedertaal te lees nie. Die eerste woorde van Levitikus 23 lui as volg:

¹יהוה het met Mosheh gepraat en gesê: ²Praat met die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: 'Die vasgestelde tye van יהוה moet julle as afgesonderde byeenkomste verklaar; hierdie is My vasgestelde tye.'

God Self skep vasgestelde tye waartydens mense afgesonderde byeenkomste moet hou want hier praat God met Sy dienskneg, *Mosheh* [Moses] en sê vir hom dit is **Sy** (God) se feeste – nie die Jode, Grieke, Palestyne, Britse, Russiese, Suid-Afrikaners of enige ander nasie se feeste nie. Dit is God se feeste, dus moet almal dit eerbiedig: die Jode, Grieke, Palestyne, Britte, Russe, Suid-Afrikaners... **alle** nasies.

Laat Skrif homself bewys: kom ons spoel etlike duisend jaar terug ("rewind") na Genesis 1:

¹⁴God het gesê: "Laat die ligte in die ruimte van die hemele wees om te onderskei tussen die dag en die nag en laat hulle wees vir tekens en seisoene, vir dae en jare."

Die Hebreeuse woord vir “tekens” is *otot* (אֹתוֹת – ô-tôt), meervoud en *ot* (אֶת – ôt), enkelvoud. Volgens Mickelson se *Strong’s Dictionary of the Hebrew and Greek Testaments* dui dit op:

a signal (literally or figuratively), as a flag, beacon, monument, omen, prodigy, evidence, etc.

God het dus vir ons die son, maan en sterre gegee as bakens (dink aan vroeëre skeepvaart), as ‘n vlag of ‘n teken van iets besonders (vergelyk *Yeshua* se geboorte).

Die Hebreeuse woord vir “seisoene” is *moedim* (מוֹעֲדִים – mô-ê-diem), meervoud en *moed* (מוֹעֵד – mô-êd), enkelvoud. Volgens Mickelson se *Strong’s Dictionary of the Hebrew and Greek Testaments* beteken dit die volgende:

1. *(properly)* **an appointment, i.e. a fixed time or season.**
2. *(specifically)* **a festival.**
3. *(conventionally)* **a year.**
4. *(by implication)* **an assembly** (as convened for a definite purpose).
5. *(technically)* **the congregation.**
6. *(by extension)* **the place of meeting.**
7. *(also)* **a signal** (as appointed beforehand).

Seisoene kan dus ook vervang word met afspraak of vaste tye. Jou baas maak met jou ‘n “vaste tyd” vir Dinsdag 15:00 in sy kantoor – of – jou baas maak met jou ‘n afspraak vir Dinsdag 15:00 in sy kantoor. Daar is geen verskil nie.

God het dus die son, maan en sterre gemaak om vir ons spesifieke tekens aan te dui. Een omwenteling van die aarde om die son is een dag wat ons opdeel in sekondes, minute en ure. Die dag word ook opgedeel in donker en lig, of nag en dag. Wanneer die son sak, is dit die **teken** dat een 24-uur dag verby is en ‘n nuwe 24-uur dag begin: *En dit was aand en dit was môre, die eerste / tweede / derde... dag* (Genesis 1:5, 8, 13, 19, 23, 31) – eers die aand en dan die môre, daarna die middag by implikasie. Na ses aande en môres kom die *Shabbat* wat God vir almal geskep het en aan die einde van *Shabbat* is een week verby en begin die hele siklus van voor af. Die sonsondergang van *Shabbat* is dus die **teken** dat een week verby is. DINK SIKLIES. Ek onthou ‘n gesegde wat ons as kinders gehad het: en die poeding (nagereg) kom altyd laaste. Hiermee het ons bedoel: die lekkerste is altyd laaste. So het God dit ook gedoen met die *Shabbat* en die lekkerste vir laaste gelos! DINK SIKLIES!. God beweeg altyd in ‘n sirkel, nie in een lang streep van begin tot einde nie. Hy is buite tyd!

Net na nuwemaan, wanneer die eerste skrefie verskyn, begin ‘n nuwe maan(d), ‘n siklus van ongeveer vier weke. Wanneer die maan 12 keer verskyn het, het die aarde eenmaal om die son beweeg en een jaar is verby. Die samevoegings van al hierdie tekens vorm die seisoene. Hierdie is die eenvoudige weergawe, want die sterre is ook betrokke en met die sonvloed het dinge gebeur wat ander implikasies veroorsaak het. Hierdie artikel kan dit egter nie hier aanspreek nie. Die belangrikste feit is egter dat God al hierdie siklusse, sirkelgebeurtenisse, **vir die mens** geskep het.

God gee deur Sy dienskneg, *Mosheh*, bevel om vir Sy uitverkore volk, *Yisra’el* (Israel), te sê dat Hy tye afgesonder het om tyd met hulle deur te bring, net soos ‘n ouer veronderstel is om tyd met ‘n kind deur te bring. Hierdie is egter baie meer intensief, soos ons sal sien. Elkeen van hierdie feeste sluit *Shabbatte* in en dit is hoekom ons heel eerste, lank voor die feeste, lank voor die Jode, reg aan die begin van tyd, uitvind en leer van *Shabbat*.

Die vraag is: hoekom net vir *Yisra’el* uitsonder? Het God nie ander nasies geskape nie? Het Hy hulle nie lief nie? Is Hy onregverdig om slegs een volk te bevoordeel met sekere voorregte? Kan God inderdaad so onregverdig wees om net met een groep mense of een volk tyd te wil deurbring?

Die skokkende antwoord is: **JA!**

God het die mens geskape om met Hom gemeenskap te hê. Die mens het verbrou en al hoe meer in sonde verval. God het een regverdige man, *Noach* (Noag), op aarde gekry en deur hom 'n nuwe samelewing op aarde begin nadat die vorige samelewing uitgewis is deur 'n wêreldwye vloed. Die mens het weer verbrou en God het *Avraham* uitgeroep om die begin te wees van 'n volk waardeur God die res van die wêreld sou leer wat Hy van ons verwag – ook die volk waaruit die Verlossing gebore sou word. Die uitverkore volk, *Yisra'el*, sou 'n nasie van priesters wees (*Julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees.* – Eksodus 19:6a) wat al die ander volke sou oplei in lofprijsing en aanbidding en dien as rolmodel vir ander nasies. As die uitverkore volk sou alle ander nasies geseën wees:

- ☞ *en Ek sal diegene seën wat jou seën en hom vervloek wat jou vervloek en in jou sal al die families van die aarde geseën word.* (Genesis 12:3)
- ☞ *Geseënd is die nasie wie se God יהוה is, die volk wat Hy vir Homself as erfenis gekies het.* (Psalm 33:12)

Indien *Yisra'el* dus die res van die volke alles kon leer aangaande God se reëls en ook self daarby hou, sou die hele wêreld amper kon terugkeer tot hoe dit was voor die sondeval! Dinge het egter skeefgeloop by die berg Sinai toe die uitverkore volk in afgodery verval het deur 'n beeld te maak om iets fisies te hê en aanbid wat hulle kon aanskou terwyl hulle eintlik vir God aanbid. Dit het God egter nie aangestaan nie en die enigste stam wat nie deel was van hierdie afskuwelikheid nie, die Leviëte, is toe gekies om die priesters te wees, in plaas van die hele volk priesters te wees. Derhalwe het *Yisra'el* 'n volk met priesters geword, pleks van 'n volk van priesters. Hou ook in gedagte dat 3 000 mense dood is as gevolg van die sonde met die goue kalf; ons kom weer daarby. *Yisra'el* bly egter nog steeds God se uitverkore volk (want Hy verander nie) en geen persoon is of sal ooit uitgesluit wees daarvan om by hulle aan te sluit of deel van hulle te word nie:

- ☞ Deuteronomium 31: ¹²*Laat die volk bymekaarkom, die manne, die vroue, die kinders en die vreemdeling wat in jou dorpe is sodat hulle kan hoor, kan leer en יהוה, julle God, respekvol kan vrees en wees versigtig om al die woorde van hierdie wet te hou.*
- ☞ 1 Konings 8: ⁴³*hoor dan in die hemel, U blyplek en doen volgens alles waarvoor die vreemdeling na U toe uitroep sodat al die volke van die aarde 'n verbondsverhouding met U Naam (Karakter en Outoriteit) mag hê, om U respekvol te vrees, net soos U volk Yisra'el en dat hulle mag weet dat hierdie huis wat ek gebou het, by U Naam (Karakter en Outoriteit) genoem word.* (deel van *Sh'lomo* [Salomo] se gebed met die inwyding van die tempel)
- ☞ Yechezq'el 47: ²³*In die stam waarin die vreemdeling bly, daar moet julle hom sy erfenis gee," verklaar יהוה-God.*

Hierdie gedagtes word onder andere bevestig in:

- ☞ *Galatiërs* [Galasiërs] 3: ⁷*Weet daarom dat dié wat uit die vertrou is, hulle is kinders van Avraham.*
- ☞ *Filippense* 3: ³*want óns is die besnydenis, die van ons wat God in die Gees dien en roem in Yeshua, Die Gesalfde Een en ons vertrou nie op die vlees nie;*

Die voorwaardes was egter om in te val by die reëls soos deur God neergelê en dit het tot vandag toe nog nie verander nie, omdat Hy nie verander nie. Sodra jy God se roepstem hoor en instem tot Sy reëls, word jy deel van Sy volk, volgens 1 *Kefa* [Petrus] 2:

⁹*Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,*

Dit beteken egter nie om nou skielik te moet verJoods nie! Moenie nou alles wat jy weet los en uitvind hoe om Joods te word nie – intendeel, jy weet en doen moontlik alreeds meer as baie Jode! Waarvan ons hier praat is slegs geestelike *Yisra'el*, die geestelike kinders van *Avraham*, almal van ons

wat 'n besnede hart het en die rede hoekom *Yeshua* aan 'n folterpaal moes sterf. Bietjie meer hieroor later.

God wil net tyd deurbring met mense wat Hom werklik uit hul eie liefhet, mense wat aan Hom gehoorsaam is uit eie, vrye keuse; dit waarmee Hy mens geskape het, mense wat Sy reëls nakom omdat hulle graag wil. Die Skrif is Sy reëls; Hy het dit geskryf en as jy God se Skrif deel van jou lewe wil maak moet jy daarby inval – alles – jy kan nie die reëls verander om by jou lewensstyl te pas nie, tensy jy Rooms Katoliek is! Volgens hulle pous mag hy Skrif verander soos hulle dit goed dink. Soos iemand dit gestel het: jy kan nie kruidenierstrollie-godsdiens beoefen waar jy kies wat jy wil hê en dié los wat jy nie wil hê nie. Dit is óf alles óf niks.

As jong seun het my ouers soms kinders van 'n kinderhuis uitgenooi om by ons laat kom kuier vir skoolvakansies. Daardie kinders moes dieselfde reëls as ons gehoorsaam en het dieselfde straf gekry wanneer hulle dit nie nagekom het nie. Hulle het egter ook dieselfde voordele gekry as ons.

Jy moet dus deel word van geestelike *Yisra'el*, die geestelike geslag van *Avraham*: jy moet wedergebore word en in **gehoorsaamheid** leef, volgens die voorbeeld wat *Yeshua* kom stel het. Wat God vir ons gewys het met 'n fisiese *Yisra'el* in die "ou testament", het 'n geestelike vereiste geword met die dood en opstanding van *Yeshua*. Skrifgedeeltes om dit te bevestig:

☞ *Yochanan 3: ³Yeshua antwoord en sê vir hom: "Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir jou sê: as iemand nie van bo af gebore word nie, is dit onmoontlik vir hom om die Koninkryk van God te sien."*

☞ *Yochanan 1: ¹³dié wat nie vanuit die bloed of vanuit die begeerte van die vlees of vanuit die begeerte van 'n man nie, maar vanuit God, gebore is.*

☞ *Ya'aqov [Jakobus] 1: ¹⁸Omdat Hy wou, het Hy geboorte gegee aan ons deur die boodskap van die waarheid sodat ons die eerstelingoes van Sy skepping kan wees.*

☞ *1 Kefa [Petrus] 1: ³Geseënd is God, die Vader van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, wat in Sy groot omgee vir ons die geboorte gegee het van bo af, deur die opstanding van Yeshua, Die Gesalfde Een, uit die dood, tot die versekerde verwagting van lewe*

☞ *1 Kefa 1: ²³soos mense wat van bo af gebore is, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die Lewende boodskap van God, wat tot in ewigheid bly,*

☞ *Titus 3: ⁵het Hy ons Lewe gegee; nie op grond van die dade van onpartydige opregtheid, wat ons gedoen het nie, maar deur Sy eie liefde, deur die wassing van die geboorte wat van bo af is en deur die vernuwung van die Gees wat Afgesonderd is;*

God het 'n volk uitverkies om 'n voorbeeld te wees vir al die ander nasies op aarde. Deur hierdie uitverkore volk sou Hy die ander nasies na Hom toe lei en hierdie volk se priesters sou mense leer hoe om God te gehoorsaam. Die probleem is egter dat dit makliker was vir *Yisra'el* om net so ongehoorsaam te wees aan God as die ander nasies vir wie hulle moes leer! Die hele boek van *Shoftim* [Rigters] vertel ons hoeveel leiers God moes stuur om 'n afvallige volk terug te lei na Hom toe. Later moes al die profete help om 'n afvallige volk terug te lei na God toe en uiteindelik, ten einde laaste, het *Yeshua* op die toneel verskyn. Vergelyk dit met die storie van die huiseienaar en sy wingerd in *Mattityahu* 21:33-46.

Die meerderheid van die fisiese volk *Yisra'el* het hul kans verbeur toe hulle *Yeshua* laat kruisig het en is tydelik uitgesluit van God se raadsplan (Romeine 11:7-15). Dit het die deur oopgemaak vir nie-Jode (nie-*Yisra'el*, vreemdelinge volgens Skrif) om deur God se guns ingeënt te word op die mak olyfboom (Romeine 11:17-24). Juis vir hierdie rede (verse 18-21) mag geen nie-Jood neersien op gebore Jode (fisiese *Yisra'el*) nie. Ons lees daarom in Efesiërs 3:

⁶die wonderlike belofte: dat die ander nasies mede-erfgename is, lede van Sy liggaam en van die belofte wat in Hom gegee is deur die goeie boodskap.

Elke belofte het egter ook 'n voorwaarde: ons sien in Openbaring 14:

¹²Hier is die volharding van die afgesonderdes: hulle wat die opdragte van God uitvoer en getrou bly aan Yeshua.

Dit word ook bevestig in Deuteronomium 7:9, Yochanan 14:15; 15:14 en Openbaring 22:14.

Nog 'n bewys dat hierdie God se feeste is en nie net vir die Jode nie, is opgeteken in Handeling. Ons lees in Handeling 2:

¹Toe die dae tot by die Fees van weke (Shavu'ot) voltooid was, was hulle almal as een bymekaar ²en daar kom skielik uit die hemel 'n klank soos van 'n magtige stormwind en dit het die hele huis, waarin hulle gesit het, gevul.

Hierdie samekoms was ongeveer 120 **gehoorsame** manne, Jode, gelowiges in en navolgelinge van Yeshua, wat in opdrag van Hom in Y'rushalayim [Jerusalem] gebly het om Shavu'ot te vier. Luka, wat ook Handeling geskryf het, gee vir ons 'n volledige relaas van Yeshua se laaste dag op aarde en Sy hemelvaart. In hoofstuk 24:49 vertel hy ons: *"Ek sal die Belofte van My Vader oor julle stuur, maar julle moet in die stad Yerushalayim bly totdat julle aangetrek is met wonderwerkende Krag van Bo."* Dit was tien dae vantevore, want ons weet dat Yeshua veertig dae na Sy dood opgevaar het.

Net 'n ter syde: tydens die sonde van die volk met die goue kalf is 3 000 mense dood. Dit was gedurende die eerste fees van Shavu'ot, die instelling van die gemeente van God. Nou, in Handeling, waar ons lees van gehoorsame manne wat in afwagting sit, gebeur iets wonderliks: die bevestiging van God se gemeente, volgens die orde van ons nuwe, ewige Priester, Yeshua! God stuur die Gees wat Afgesonderd is volgens Handeling 2:

³Daar verskyn aan hulle tonge soos van vuur, wat self verdeel en op elkeen van hulle gaan sit ⁴ en hulle is almal volgemaak met die Gees wat Afgesonderd is en het begin praat in verskillende tale, soos die Gees aan hulle gegee het om te praat.

Sommige mense het gedink hulle is dronk, maar Kefa het met 'n vervulde gees oorgeneem en aan hulle verduidelik dat dit 'n vervulling is van die profesie van Yo'el [Joël] 2:

²⁸Dit sal gebeur na hierdie dat Ek My Gees sal uitstort op die hele mensdom en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense sal drome droom en julle jongmanne sal visioene sien. ²⁹Selfs op die diensknegte en op die diensmaagde sal Ek in dié dae My Gees uitstort. ³⁰Ek sal wonders in die lug vertoon en op die aarde: bloed, vuur en pilare van rook. ³¹Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en ontsagwekkende dag van יהוה kom. ³²Dit sal gebeur dat elkeen wat die Karakter en Outoriteit van יהוה aanroep, bevry sal word, want op die berg Tziyon en in Yerushalayim sal daar bevryding wees, soos יהוה gesê het aan die oorgeblewenes wat יהוה geroep het,

Let wel: in sommige vertalings mag hierdie die eerste 5 verse van hoofstuk 3 wees

Wanneer ons verder lees, sien ons nog 'n wonderwerk in vers 41: 3 000 lewens word by die gelowiges gevoeg! Wat God jare gelede by die eerste Shavu'ot weggevat het, sit Hy by hierdie Shavu'ot terug. Klink vir my na goie basiese boekhoukunde. Ons leer van ons vriend, Iyov [Job] in hoofstuk 1:21b: *יהוה het gegee en יהוה het weggevat, geseënd is die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה!*

Ons het dus, as gelowiges, 'n verpligting om God se Woord, die hele Woord, al Sy instruksies, na te kom; dit sluit in die **feeste van God** wat Hy ons volledig leer in Levitikus 23 en verskeie ander plekke in Skrif. Die leuen wat Christenkerke ons geleer het dat hierdie slegs Joodse feeste is moet totaal ontleer word en ons, as gelowiges, moet hierdie feeste herdenk soos Yeshua dit saam met Sy studentevolgelinge (dissipels) gedoen het sodat ons ook daardie seënninge kan ontvang. Daar is sewe

feeste en elke fees dui op 'n gedeelte van die verlossingsplan van God. *Yeshua* het alreeds vier van hierdie feeste tot op die minuut vervul met Sy eerste koms; die laaste drie sal vervul word met Sy tweede koms. 'n Onontbeerlike bron waarin hierdie feeste volledig bespreek en verduidelik word is God van die Verbond/Feeste van die Verbond deur Gerrie C Coetzee⁴. Soortgelyke artikels met eenvoudige verduidelikings kan ook afgelaai word by Nuwe Lied⁵ se webwerf.

Wanneer jy God se feeste bestudeer sal jy sien dat sekere feeste wat jy oor die jare geleer het om te vier nie genoem word nie: kersfees, paasfees en verskeie ander feestelikhede wat nie God se goedkeuring wegdra nie. Dit is nog steeds vir my amusant hoe mense enige fees wil verchristelik, of dit die Heidelberg Varkfees, die Bloemfontein Rosefees of die Ficksburg Kersiefees is: die plaaslike predikant word opgeroep om die verrigtinge te open met Skriflesing en gebed. Wat gewoonlik daarna gebeur is so "onchristelik" dat selfs ou Lucifer welkom sou voel! Dieselfde gebeur teen die einde van 'n sekulêre jaar: enigiets wat mooi lyk word rooi of groen geverf en deel gemaak van krismis... and so all acquaintances should ne'er be forgot. Shame!

⁴ Webblad en kontakbesonderhede: <https://www.padwlewe.ch/PWL%20Tuis.html>

⁵ <http://nuwelied.info/?cat=1> is die beginblad met die nodige skakels vir die res.

Sewende Leuen

Enige kalender gaan daaroor om tred te hou met die groter vorm van tyd: dae, maande en jare, net soos 'n horlosie tyd hou met die kleiner vorm van tyd: ure, minute, sekondes. 'n Kalender is dus die manier waarop ons reëlings tref aangaande ons werk, skool, sosiale aktiwiteite en ander gedenkwaardige tye of afsprake. Elke persoon word jaarliks herinner aan die dag waarop hy of sy gebore is, getroud is, of enige ander mylpaal bereik het. Ongelukkig herinner 'n kalender ons ook aan hartseer tye, soos wanneer iemand dood is of dalk 'n ander teleurstellende gebeurtenis. Selfs sonder 'n fisiese kalender is daar genoeg invloed van buite om ons te herinner op watter dag ons is: werkskedges, radio, televisie, koerante, vriende en kollega's.

'n Kalender gaan oor vasgestelde tye soos ons in die vorige hoofstuk gesien het – elke dag het 24 uur en elke maand het ongeveer 30 dae en 'n raps meer as 365 dae gee een jaar. Elke land het ten minste een dag per jaar wat hulle afsonder as 'n gedenkwaardigheid, soos onafhanklikheid van 'n ander moontheid of die verjaardag van 'n leier. Vele ander dae vul elke land se kalender met nasionale vakansiedae, soos Suid-Afrika se dag van rekonsiliasie op 16 Desember, Amerika se Thanksgiving die tweede laaste Donderdag van November, die koningin van Engeland se verjaardag die tweede Saterdag in Junie in Brittanje en die Jode se herinnering aan die menseslagting in Europa op 27 Januarie. Daar word letterlik elke dag iewers in 'n land iets herdenk of gevier en dan dra humaniste by tot die chaos met drek soos moedersdag, vadersdag, vriendskapsdag en enigiets om mense te vereer en ons aandag van God weg te neem.

Terwyl sommige van hierdie herdenkings moontlik baie edel ontstaan het, is geen van hulle direk gekoppel aan die Skepper-Lewende God nie en ook nie 'n opdrag in Skrif nie. Dit wil sê, Hy het nie een van hulle ingestel of selfs voorgestel nie. Dit beteken nie noodwendig dat ons dit in geheel moet verontagsaam nie, maar ons moet onself afvra of dit wat ons gedurende hierdie dae doen werklik God se seën verdien. Meeste mense, veral diegene wat vir 'n baas werk, verwelkom elke vakansiedag en afhange van op watter dag dit val, neem sommer 'n ekstra dag of twee om langer te kan ontspaan – veral oor 'n "naweek"⁶. Ooglopend is dit ook nie verkeerd nie. Wat egter kommerwekkend is van die gemiddelde mens, is dat meeste van hierdie "vakansiedae" gepaard gaan met uitspattige en onweloweglike gedrag; selfs vir hierdie nie-Goddelike breuk van werk word God nie eens bedank en geloof nie.

Ons lees slegs op drie plekke in Skrif rakende verjaardagvieringe – en al drie is uiters hartseer. In Genesis 40:1-23 lees ons dat Faraon van Egipte sy hoof bakker en hoof skinker in die tronk laat gooi het. Vreemd dat hul name nie genoem word nie, indien verjaardae dan belangrik sou wees. Tydens Faraon se verjaardagviering is albei vrygelaat maar die naamlose hoof bakker is opgehang! Sy liggaam is deur die voëls van die hemel verteer. Dan vertel *Mattityahu* vir ons in 14:3-11 dat *Herodes* met sy verjaardagviering die kop van *Yochanan* (die Doper) op 'n skinkbord laat bring het op aanvraag van die dogter van *Herodias*, *Herodes* se onwettige vrou. Die laaste melding is in *Iyov* (Job) waar sy kinders "op sy [verjaar]dag" fees gehou het. *Iyov* 1:

"^ASy seuns het gegaan en in mekaar se huise volgens elkeen se vasgestelde dag 'n fees gehou en hulle het gestuur en hul drie susters genooi om saam met hulle te eet en te drink."

Nou kom die interessante deel, in vers 5a:

Dit was so dat elke keer as die dae van hulle fees verby was, Iyov gestuur en hulle afgesonder [geheilig] het;".

⁶ Die artikel "Where and how did the weekend originate" kan op aanvraag verkry word: hein@zentgraf.org

Waarom sou hy dit doen? Die antwoord is bietjie later in vers 5:

“Dit mag wees dat my seuns gesondig het en God in hulle hart gevloek het!” Dit het Iyov voortdurend gedoen.

Die kinders van Iyov se verjaardagpartytjies was niks anders nie as afskuwelik voor God en as ‘n regverdige man was dit Iyov se verantwoordelikheid (soos enige ordentlike, Godvresende pa) om vir sy kinders in te tree. Ons verstaan dan uit verse 6-13 en ook 18-19 dat al tien kinders van Iyov doodgemaak is met wat moontlik ‘n tornado kon wees – deur die hand van *hasatan* en met toestemming van God (Iyov 1:12).

Ter versagting wil ek graag hier noem dat daar niks verkeerd mee is om iemand iets goeds toe te wens met die viering van hul geboortedag nie. Ons moet egter onthou dat dit God se wil is dat daardie persoon vir nog ‘n omwenteling op die blou planeet om die son kan swaai en dat ons die voorreg en verpligting het om mense te kan rig volgens die wil van God. Ek het dit teen heidense gebruike soos kerse op koeke aansteek, uitspattighede, selfbevrediging, losbandigheid en onnodige verkwisting van geld wat gewoonlik ook gepaard gaan met die vermorsing van kos en onnodige menseverering.

Terwyl ons by die onderwerp van verjaardae is, glo ek met my hele hart dat ons iewers in Skrif sou lees, selfs net eenkeer, hoe *Yeshua* se studentevolginge vir Hom ‘n verrassingspartytjie sou gehou het – selfs dalk net vir een van die dissipels. Ons lees egter niks behalwe die drie wat hierbo genoem is nie en dit dui daarop dat God geen behae daarin het dat ons enigsins ons geboortedag sou herdenk nie – veral nie op enige uitspattige manier nie. Dit is duidelik dat dit ‘n heidense gebruik was waarmee die Jode hulself nie bemoei het nie en is derhalwe nie aangeteken nie. Ons word egter nêrens verbied om ons jaartalle aan te teken nie – oral in Skrif lees ons hoe oud mense geword het. Elke ander aspek waarop God wil hê ons moet let word in Skrif genoem, soms meer as eenkeer en hoe meer kere, hoe meer belangrik. Kyk hoeveel hoofstukke spandeer Skrif op reëls wat ons moet nakom – maar daar is niks oor die viering van verjaardae of ons eie (nasionale) feesdae nie.

God het alreeds vroeg in Genesis vir ons vertel van vasgestelde tye. Hy het vir ons in Levitikus geleer wat Sy vasgestelde tye is – dag en maand. Ons kan dus nie God se vasgestelde tye hou of vier op ons eie manier of tye nie, maar slegs volgens dit wat Hy vir ons gee en op die manier waarop Hy vir ons wys. ‘n Kalender gaan oor tyd en tyd het begin met die Skepping, dus het God se kalender ook begin met die Skepping. Die kalender wat Hy geskep en gebruik het verskil heeltemal van dié wat ander volke en nasies gebruik, die huidige waaraan ons gewoon is inkluis. Die Gregoriese kalender wat tans deur meeste van die wêreld gebruik word, is ingestel in 1582, wat duidelik wys dat mense steeds probeer om God se tye te verander – ‘n vorm van rebellie. Wanneer God se tye en kalender verander, word Hy uit die vergelyking geskryf. *Dani’el* het hierdie profesie reeds lank gelede gebring:

“Hy sal woorde praat teen die Allerhoogste en planne maak teen die afgesonderdes van die Allerhoogste en beplan om vasgestelde tye en wette te verander en hulle sal in sy hand oorgegee word vir ‘n tyd, tye en ‘n halwe tyd,” (Dani’el 7:25)

Ons het vroeër gekyk na Levitikus 23 wat God se feeste vir ons uitspel. Ons sien ook dat elke fees op ‘n bepaalde dag is wat teen **sonder** begin. Daar word van sewe feeste gepraat:

- ☞ *Pesach*, 14de van die eerste maand (:5)
- ☞ Ongesuurde brood, 15 de van die eerste maand (:6)
- ☞ Eerste vrugte (waaioffer), 16 de van die eerste maand (:10, 11)
- ☞ *Shavu’ot* (Fees van weke), 50 dae ná *Pesach* (:16)
- ☞ *Yom T’ruah* (Fees van trompette), 1ste dag van sewende maand (:24)
- ☞ *Yom kippur* (Dag van verootmoediging), 10de dag van sewende maand (:27)
- ☞ *Sucot* (Loofhuttefees), 15de dag van sewende maand (:34)

Vergelyk hierdie met die heidense kalender wat tans gebruik word. Elke jaar is paasfees op 'n ander datum, hemelvaartsdag (vir diegene wat dit volg) is gevolglik op 'n ander datum. Dit is egter nie die geval met God se kalender nie!

Vanaf die begin van tyd het mense tred gehou met dae. Ons besef dit wanneer ons lees van ouderdomme wat mense bereik het, wanneer hulle kinders gebore is, wanneer die sondvloed plaasgevind het en hoe lank die *Yisra'eliete* in Egipte onderdruk is. Vanaf die Skepping tot en met die einde van *Yisra'el* se slawerny het God se kalender aanhou werk soos Hy dit begin het. God het egter besluit dat 'n nuwe era vir *Yisra'el* sou aanbreek en Hy het self die hele jaar met ses maande geswaai. Eksodus 12:

²“Hierdie maand sal vir julle die begin van die maande wees; dit sal vir julle die eerste van die maande van die jaar wees.”

Hierdie “julle” is *Yisra'el*, waarvoor alreeds baie gesê is en later oor uitgebrei sal word.

God het hierdie instelling gedoen vir vier redes, na my beskeie mening:

1. Na hul slawerny en onderdrukking het God 'n “nuwe begin” vir die *Yisra'eliete* beplan en daarmee saam 'n nuwe jaar waardeur hulle dit kon herdenk.⁷
2. Tot op hierdie stadium het almal die jare erken soos mondelings oorgedra, meestal deur *Adam* en *Seth*. Volgens *Josephus*, 'n geskiedkundige wat kort na *Yeshua* se leeftyd op aarde was, het God egter die mens in 'n spesifieke patroon gekry vir die feeste wat Hy vir Sy volgelinge ingestel het.⁸
3. Meeste ander volke, heidene, Egipte waaruit hulle sopas weg is inkluis, se nuwe jaar het begin tydens die tydperk wanneer die sterrebeeld Libra in verbinding gekom het. Dit is gedurende herfs in die noordelike halfrond en het ook 'n sterk geloofsdoktrine vir die heidense nasies daargestel. Ten einde die uitverkore volk te onderskei, af te sonder [te heilig] van heidense volke, het God 'n nuwe jaar ingestel wat sou begin wanneer die son in die sterrebeeld van Aries inbeweeg. Aries is die teken van die ram en sou dan ook dui op die eerste fees, *Pesach*, wat *Yeshua* as Paaslam tot op die sekond vervul het.⁹
4. Alle feeste val saam met die landboukunde (Levitikus 23:10, 16, 39 en ander).¹⁰

Die laaste punt hierbo is 'n reeks van drie video's waarin Brad Scott briljant verduidelik hoe God se Skepping, landbou en die Hebreeuse letters met mekaar verband hou. Vir diegene wat dit nie weet nie of dalk vergeet het: God het in begin gepraat om die Skepping aan die gang te kry. Hy het tien woorde gespreek. Is dit nie wonderlik nie dat, by *Sinai*, Hy weereens tien woorde gespreek het om Sy reëls aan te kondig?

God wil hê dat Sy mense afgesonderd [heilig], anders moet wees as elke Jan Rap en sy maat. Hy wil hê ons moet dinge op Sy manier doen en nie soos mense wat Hom nie eerbiedig nie. Dit moet ook nie op 'n manier gedoen word wat mense dink hul eerbiedig God nie. As dit nie van Hom kom nie, maak dit Hom nie gelukkig nie!

Wat baie min mense raaksien, is dat die maande deurgaans in Skrif slegs nommers het. God se kalender het nie name vir dae of maande nie – nog nooit gehad nie, behalwe vir *Shabbat*. In die land *Yisra'el* en ander lande met groot Joodse gemeenskappe word die dae oor die algemeen nog steeds net per nommer genoem – geen name nie. Hulle praat van dag een, dag vier, *Shabbat*. Wanneer

⁷ http://www.heraldmag.org/1995/95nd_10.htm

⁸ <http://biblical-thinking.org/cgi-bin/article.pl?035>

⁹ <http://biblical-thinking.org/cgi-bin/article.pl?035>

¹⁰ Brad Scott het skitterende leringe oor hierdie onderwerp. Dit begin by http://www.yah-tube.com/videos/scott/06_agri-bio_linguistics_p1/index.html

hulle met nie-*Yisra'eliete* praat, sal hulle wél die heidense name van die dae gebruik. Name vir dae en maande is weereens gebruike wat oorgeneem is van *Bavel* [Babilon]. Net soos *Yisra'el* nie tevrede was dat God hulle Koning is nie, maar 'n menslike koning wou hê, was hulle ook nie tevrede met nommers vir maande soos God vir hulle gegee het nie en het hulle toegesien dat maande ook nou na verskeie heidense entiteite vernoem word waarvan hulle tydens hul tye in ballingskap geleer het. God leer ons in Eksodus 23:

¹³"In alles wat Ek vir julle gesê het, wees versigtig en noem geen ander god by die naam (karakter en outoriteit) nie en laat dit uit jou mond nie gehoor word nie."

Die teëstander het egter, soos gewoonlik, op 'n slinkse wyse bewerkstellig dat almal elke dag minstens eenkeer 'n heidense naam uiter deur die dae van die week of maande se name te gebruik. Dit is vir hierdie rede belangrik om terug te keer tot God se kalender, om te leef volgens God se reëls en uit te staan as iemand wat vir God afgesonder is. Ek daag jou uit daartoe!

Addendum A bevat 'n vergelykende kalender om aan te dui hoe kalenders verskil en ooreenstem, maar kan hoofsaaklik gebruik word te sien dat God se kalender dieselfde bly, deur al die jare. Die mens het al etlike kere probeer om tyd vas te vang of die omgang daarvan te bepaal, maar sonder sukses. Selfs met moderne tegnologie, bly die kalender van God onvervangbaar.

Agtste Leuen

Dit is nie toevallig dat die *Yisra'eliete* na minder as vyftig dae by die berg *Sinai* uitgekome het nie. Dit was weereens haarfyn beplanning van die enigste Skepper-Lewende God omdat daar nog 'n fees vir hulle voorgelê het. Hou in gedagte die eerste fees was *Pesach* met ongesuurde brood en dan ook die fees van eerste vrugte – drie feeste in een.

Kort nadat die volk by *Sinai* gekom het, het *Mosheh* opdrag gekry om die volk gereed te kry deur hulself te reinig, hul klere te was en gereed te wees vir die derde dag (Eksodus 19:9-15). Hou in gedagte dat hierdie mense gewoon was om die Farao en sy slawedrywers se bevele te volg vir minder as twee eeue. Dit moes uiters moeilik wees om hul vryheid te kon ervaar en besef dat hulle nie weer daarin hoef te verval nie. Daar was egter nog baie van Egipte in hulle; eienskappe, dalk bygelowe, wat hulle aangeleer het wat God wou hê hulle moes afleer/ontleer – net soos jy en ek die leuens van die kerk moet ontleer. Hulle was nie opgewasse om oorlog te maak nie en derhalwe het God hulle met 'n ompad na die beloofde land gelei terwyl hulle leer om Hom te vertrou en as 'n volk saam te staan teen enige vyandighede.

Op die afgespreekte dag, die sesde dag van die derde maand, drie dae nadat hulle hulself moes reinig en 50 dae nadat God hulle uit Egipte bevry het, het God Self die *shofar* [ramshoring] geblaas om *Mosheh* en die volk tot orde te roep. Daarna het 'n tweegesprek gevolg tussen God en *Mosheh* en toe God met die volk begin praat, het hulle gevra dat God eerder met *Mosheh* praat en hy dan met die volk praat (Eksodus 20:18-21). Volgens oorlewering sou die volk hierdie versoek aan *Mosheh* rig nadat God die tweede opdrag gespreek het. Ons sien hier 'n uiters bevreesde klomp mense, amper tot die punt van bygelowigheid wat hulle uiteraard in Egipte aangeleer het.

Laat ons eers stilstaan by 'n paar feite: die volk kom 50 dae na hul vertrek uit Egipte by *Sinai*. Ons sien in Eksodus 12:43 tot 13:10 hoe God die fees van *Pesach* ingestel het. Dit word bevestig in Levitikus 23:5-14. In Levitikus 23:15-21 stel God *Shavu'ot* in, wat 50 dae ná *Pesach* gevier word. Hierdie vertoon wat ons dan nou by *Sinai* ervaar is die eerste viering van *Shavu'ot*! Dus val die gee van God se *Torah* saam met *Shavu'ot*. In die vorige hoofstuk het ons kortliks stilgestaan by Handeling 2 waar volgelingen van *Yeshua* volgemaak is met die *Ruach haQodesh* [die Gees wat Afgesonderd is (Heilige Gees)] tydens *Shavu'ot*. Hier weerlê ons nóg 'n leuen wat die kerke verkondig: die stigting van die “kerk” het gebeur toe die Gees wat Afgesonderd is uitgestort is volgens Handeling 2. Hierdie is slegs nog 'n leuen (van die RKK) om die “ou testament” en die Joodse (Hebreeuse) wortels van ons geloof te verswak. Watter klomp onsin!

Die stigting van die “kerk” het in werklikheid plaasgevind by *Sinai* waar God die uitverkore volk bymekaareroep het. Dis sinneloos om te dink dat God 3 500 jaar gelede 'n volk bymekaar roep, afsonder vir Hom, reëls en instruksies leer en hulle tugtig deur verskeie ballingskappe, net om hulle te verstoot na *Yeshua* se folterdood, sodat Hy skaars sewe weke later 'n “nuwe” kerk kan begin! Dit staan bekend as “vervangingsteologie” en is 'n doktrine van die teëstander wat deur elke ware gelowige verwerp moet word.

Rabbi *Sha'ul* leer ook vir ons van hierdie “kerk in die wildernis” in Handeling 7:

³⁸*Dit is hy wat in die byeenkoms in die wildernis saam met die boodskapper was, wat met hom op die berg Sinai gepraat het en saam met ons vaders was. Hy het die lewende Woorde van God ontvang om aan ons te gee.*

Die Hebreeuse woord vir byeenkoms is *qahal* (קהל – ka-hal). Ons vind ses verbugings daarvan voor *Sinai* (Genesis 28:3; 35:11; 48:4; 49:6; Eksodus 12:6; 16:3) waar dit elke keer verwys na 'n byeenkoms van die hele volk. Die volk is voor *Sinai* bymekaareroep om te leer hoe om 'n nasie te

wees en verskeie kere geseën. By *Sinai* word die volk amptelik God se “bruid” met die *Torah* as ooreenkoms. Sien onder. Daarna vind ons dit 19 keer in Levitikus, Numeri en Deuteronomium waar God aan die byeenkoms instruksies gee rakende offerandes, regsake, siviele kwessies en dies meer. Dit is hoe God ‘n volk wat lank in slawerny was leer om Hom te volg, Hom tevrede te stel. God leer vir ons in Deuteronomium 13:

⁴*Julle moet יהוה, julle God, volg, Hom respekvol vrees, Sy opdragte uitvoer, Sy stem gehoorsaam, Hom dien en aan Hom vashou.*

Let wel: in sommige vertalings mag hierdie vers 5 wees

Laat ons kyk hoe dit werk...

Wanneer ons hierdie gedeelte in Skrif lees, is daar uiters goeie beskrywings van donderweer, blitse en ‘n algehele wolkbedekking:

☞ Eksodus 19: ¹⁶*Dit het op die derde dag, met die breek van die dag, gebeur dat daar harde stemme en weerlig en ‘n swaar wolk op die berg was en die klank van ‘n baie harde ramshoring sodat die hele volk wat in die kamp was, gebewe het.*

☞ Eksodus 20: ¹⁸*Die hele volk het die stemme gehoor, die blitse, die klank van die ramshoring en die rokende berg gesien. Toe die volk dit sien het hulle gebewe en op ‘n afstand bly staan.*

Let wel: in sommige vertalings mag hierdie vers 15 wees

In kort: tydens ‘n Hebreeuse (Joodse) huweliksbevestiging, staan die bruid en bruidegom onder ‘n *chupah* (חופה – uitgespreek “goepah”), ‘n dakkie amper soos ‘n “gazebo”, maar dit kan ook “bedekking” beteken. Die bruidegom gee dan vir die bruid ‘n eensydige huwelikskontrak, ‘n *k’tubah* (כתובה – kê-toe-bah, letterlik “iets wat geskryf is”), waarin hy belowe om haar te versorg in kleding, kos en die vervulling van huweliksverpligtinge. Die bruid hou hierdie geskrewe dokument vir veilige bewaring. Sy het geen verpligting om enige beloftes af te lê nie, alhoewel dit eties sou wees om so iets te doen. Hierdie gebruik strek oor duisende jare en kon moontlik ontstaan het met die tent van *Avraham* wat slegs ‘n bedekking was met al vier kante oop. Genesis 18:1-8 verduidelik hierdie hawe in die wildernis. Dit kon ook wees toe *Yitz’chak* [Isak] vir *Rivkah* [Rebekka] as bruid geneem het in Genesis 24:66. Hierdie “tuiste” wys ook daarop dat die grondslag van enige huwelik die egpaar is sonder enige besittings, met God as die bedekking en gevolglike seëninge van kinders en materiële toevoegings.

Derhalwe was hierdie wolkbedekking ook nie toevallig nie, net soos die datum, God se kalender. God het die hele volk toegedek, beskerm en was op die punt om Sy geskrewe kontrak aan Sy bruid te oorhandig. Hierdie was ‘n eensydige kontrak waarin God die beloftes gemaak en sekere eise gestel het. Die “bruid” het die kontrak deur *Mosheh* ontvang op kliptafels waarop God Self geskryf het. Intendeel, dit is tweekeer geskryf as gevolg van die afgodery met die goue kalf. Onthou herhaling. God het ook gesorg dat hierdie “huwelik” nie in die beloofde land plaasgevind het nie, maar in ‘n openbare plek, omdat dit nie net die volk van *Yisra’el* sou behels nie, maar insluitend sou wees vir al die mense op aarde. Hou in gedagte dat God ‘n volk van priesters sou hê en dat hierdie priesters die ander volkere sou onderrig.

Vanaf Eksodus 20 tot Eksodus 31 gee God vir *Mosheh* instruksies en reëls oor siviele en seremoniële aspekte asook die bloudrukplan vir die tabernakel, maar ons lees van slegs een “wet”, een kontrak, wat *Mosheh* gekry het: *“Toe Hy klaar met hom gepraat het op die berg Sinai, het Hy vir Mosheh die twee tafels van die Getuënis gegee, tafels van klip, geskrywe met die vinger van God.”* (Eksodus 31:18).

Al hierdie instruksies en reëls word saamgevat in een Hebreeuse woord: *Torah*. Hierdie woord

beteen nie net wet nie, soos verkeerdlik in meeste vertalings voorkom nie; dit kan beteken die eerste vyf boeke van die Skrif (Genesis tot Deuteronomium), dit kan beteken alle instruksies vanaf Genesis tot *Mal'akhi* [Maleagi] terwyl dit ook selfs elke ander vorm van Hebreuse lering en gebruik kan insluit. Die mees algemene en aanvaarbare verduideliking is egter dat dit God se reëls is vir **elke** persoon wat Hom erken as Skepper en *Yeshua* as God se Verlossing.

Hierdie huwelikskontrak het dus niks met ongelowiges te doen nie en nou praat ek ook van en met die gemiddelde Christen. God het hierdie oorspronklik vir Sy fisiese uitverkore volk gegee; tog, elkeen wat bely dat *Yeshua* die Redding van God is, elkeen wat van Bo af gebore word, word deel van die geestelike *Yisra'el*, geestelike kinders van *Avraham* vir wie hierdie huwelikskontrak nog net so geldig is as die dag waarop dit gegee is – een kontrak met verskeie (tien) opdragte. Wanneer jy een opdrag verbreek, is die hele kontrak verbreek. Indien jy dus besluit die vierde opdrag (*Shabbat*) is nie op jou van toepassing nie, het die ander nege ook geen toepassing in jou lewe nie en kan jy maar met jou vroom gesig op 'n Sondag in die kerk sit en dit beteken **niks** vir God nie. Jy kan net sowel moord pleeg, steel en enige ander aspekte van die wet van God oortree – een deel is alreeds verbreek.

Dus, die eeue-oue leuen dat die “wet” net vir die Jode gegee is, is opgemaak deur anti-Semitiese predikante en leraars wat eerder hul eie as God se teologie wil verkondig, mense wat eerder kerkbanke en hul eie bankrekeninge wil vul, in plaas daarvan om behoeftiges en ongereddes te help. Dieselfde geld vir al die ander instruksies wat God vir *Mosheh* gegee het. Die wet **kan** egter **nie red nie** en is slegs daar om ons **gehoorsaamheid** aan God te bewys. Ons volg nie die wet om gered te word nie, ons volg die wet **omdat** ons gered is! Slegs die bloed van die Lam (*Yeshua*) kan ons reinig van sonde. Uit al die instruksies wat God gegee het, is sommige nie noodwendig op ons van toepassing nie, omdat sommige slegs vir mans of vrouens gegee is of omdat die tempel nie meer bestaan nie. Dit is egter ons verpligting om na te volg wat God behaag en wat nie – Hy gaan jou nie vra of jy gelukkig is met wat jy doen nie!

Terwyl ons vroeër melding gemaak het van Jode, kan ons net sowel nog 'n netelige saking afhandel. *Avraham* is die stamvader en hy was die vader van *Yitz'chak*, wat die vader was van *Ya'aqov* [Jakob]. *Ya'aqov* het twaalf seuns gehad, waaruit die stamme van *Yisra'el* vloei. Tydens *Dawid* (uitgespreek as Da-wied) se koningskap, het sekere politieke onrus, wat vroeër reeds begin en nou breekpunt bereik het, veroorsaak dat daar skeiding kom tussen die tien noordelike stamme en die twee suidelike stamme. Na koning *Shlomo* (Salomo) se dood het die volk amptelik in twee gebreek – die noordelike stamme (koninkryk van *Yisra'el*) en die suidelike stamme (koninkryk van *Y'udah* [Juda]). Die noordelike stamme het nie “verlore” geraak soos sommige mense graag beweër nie, maar het grotendeels vermeng tussen die res van die wêreld – diegene wat direkte afstammeling van *Ya'aqov* is nie – terwyl die suidelike stamme, *Y'udah* en meeste van *Binyamin* (Benjamin) oorgebly het as God se volk onder die naam *Y'hudim*, die meervoudsvorm van *Y'udah*. Die woord Jood/Jode is daaruit afgelei en dit maak dit dan ook duidelik dat vandag se Jode nie die hele volk van God is nie, maar slegs 'n oorblyfsel. Somtyds word ook na die noordelike stamme verwys as *Efrayim*, een van *Yosef* (Josef) se seuns. Die verduideliking hiervoor is nie op hierdie dokument van toepassing nie. Die goeie nuus is egter dat God, in Sy ewige guns en wysheid, 'n belofte gemaak het dat al twaalf stamme weer bymekaar sal kom: *Yesha'yahu* 11:

¹²Hy sal 'n banier ophang vir die nasies, die uitgebendes van Yisra'el laat vergader en die verstrooides van Y'udah bymekaarmaak uit die vier hoeke van die aarde. ¹³Dan sal die jaloesie van Efrayim verdwyn en die wat Y'udah lastig val sal afgesny word; Efrayim sal nie jaloes wees op Y'udah nie en Y'udah sal Efrayim nie lastig val nie.

Ons dien vir seker nie net die grootste God nie, maar die enigste, ware Skepper-Lewende God!

Negende Leuen

Indien jy nog nie ophou lees het nie, is jy óf baie nuuskierig, óf jy is besig met aantekeninge om my later persoonlik aan te vat. Nadat jy hierdie deel gelees het, gaan jy my moontlik uitmaak as 'n ketter en dalk nooit weer met my wil praat nie.

Hoe dit ook al sy, die klomp snert wat leraars vanaf kansels en oor televisie (veral TBN) verkondig rakende die drie-eenheid is in geheel onskriftuurlik en ongegrond. Ek daag enige persoon uit om die drie-eenheid **uit die Skrif** te bewys, nie net waar dit (opsetlik) verkeerdelik deur vertalings (verkragtigs) as 'n doktrine gestel is nie, soos meeste vertalings. Dit moet ook nie in 'n flou verskoning gebruik word soos Dr. Walter Martin¹¹ dit uitdruk nie:

No man can fully explain the Trinity, though in every age scholars have propounded theories and advanced hypotheses to explore this mysterious Biblical teaching. But despite the worthy efforts of these scholars, the Trinity is still largely incomprehensible to the mind of man.

God het vir ons Sy handleiding gegee om te verstaan, nie om oor te wonder nie. Al die antwoorde vir alles is in die Skrif en slegs mense wie Hom in alle opregtheid volg, mense wat 'n lewende verbondsverhouding het met *Yeshua*, sal die antwoorde kry waarna hulle soek. Dit mag moontlik wees dat sommige antwoorde moeiliker is of langer neem om te vind as ander, omdat God ons verhouding met Hom wil toets, derhalwe moet ons nader aan Hom beweeg in ons daaglikse wandel.

Alhoewel ek nie noodwendig in geheel met enige of alle vertalings saamstem nie, is een van die beter studiebybels die NIV Faithlife Study Bible. Daar is 'n magdom uiteensettings en verduidelikings, verskeie landkaarte, 'n breë tydlyn wat by die Skepping begin en uiteraard 'n volledige woordelys. Waar die woord "trinity" behoort te staan, is niks! Die woorde in daardie groep begin by "tribes", gevolg deur "tribes", "tribulation", "triumphal" en "triumphing" – maar "trinity" skitter in sy afwesigheid!

Teen die einde van die tweede eeu ná *Yeshua* het 'n Griekse biskop, *Theophilus* van Antiogië, die eerste keer die woord "drie-eenheid" gebruik. Hy het dit egter nie gedoen soos dit vandag bekend is nie, maar het dit gestel as "God, die Woord (Logos) en Sy Wysheid (Sophia)"¹². *Tertullian*, 'n Romeinse outeur van Carthage, het die drie-eenheid uitdruklik omskryf as "Vader, Seun en Heilige Gees" en ook sy teologie in dié verband verdedig teen *Praxeus*. Daar is baie min inligting beskikbaar rondom *Praxeus*, behalwe dat hy van Griekse afkoms was vanuit hedendaagse Turkye. *Praxeus* was 'n Monargis, iemand wat volgens Deuteronomium 6:4 glo dat God Een is, in direkte teenstelling met die drie-eenheidsleer.

In 325nY het die Raad van Nicaea, onder leiding van keiser Konstantyn I, die geloofsbelydenis¹³ aangeneem soos deur 318 biskoppe gewysig is van die oorspronklike geloofsbelydenis soos deur die apostels (volgelingen van *Yeshua*) saamgestel. Daar word beweer dat elke volgeling/apostel een van die artikels bygedra het om die "twaalf artikels" van die belydenis te vorm.¹⁴ Ek sal graag wil weet watter een is deur *Y'hudah van K'riot* (Judas Iskariot) bygedra! Hierdie belydenis word in meer besonderhede bespreek in addendum B.

Vir etlike jare het die biskoppe met mekaar verskil oor bewoording en volgens *Athanasius* (293–373)¹⁵ is sekere vaktaal gebruik wat nie in Skrif voorkom nie, omdat spesifieke Skriftuurlike

¹¹ Walter Martin, *Essential Christianity*, Vision House, Santa Anna, 1975, p. 21

¹² *Apologia ad Autolyicum*, Book II, chapter 15. [Patrologiae Graecae Cursus Completus](#) (in Greek and Latin).

¹³ <http://www.ccel.org/ccel/schaff/creeds1.iv.iii.html>

¹⁴ "Apostles' Creed", *Dictionary of the Christian Church*, Oxford University Press, 2005, p. 90, ISBN 978-0-19-280290-3.

¹⁵ "Athanasius, Bishop of Alexanria, Theologian, Doctor". [Justus.anglican.org](#). Retrieved 2 January 2012

uitdrukkings verkeerdelik as kettertaal gesien sou word.¹⁶ Athanasius het gedurende die laaste paar jaar van sy lewe baie veranderinge aangebring en ook verskeie byvoegings, veral rakende die Gees wat Afgesonderd is waaraan oorspronklik min aandag gegee is. Teen die einde van die vierde eeu het die Kappadosiese Vaders, by name "Basil of Caesarea", "Gregory of Nyssa" en "Gregory of Nazianzus", almal biskoppe in hedendaagse Turkye, die drie-eenheidsleer bevestig soos dit vandag bekend is.

Die ondersteuners van die drie-eenheidsleer noem verskeie verse om te "bewys" dat dit korrek is. Wanneer ons egter Skrif bestudeer, sien ons egter daar is net een God is volgens Deuteronomium 6:

⁴"Hoor, luister en doen Yisra'el, יהוה is ons God; יהוה is een."

Dit word bevestig in Deuteronomium 4:

³⁹"Weet daarom vandag en neem dit ter harte: יהוה, Hy is God, bo in die hemel en onder op die aarde; **daar is geen ander nie.**"

In Mattityahu 6:9 leer Yeshua ons:

"Julle moet dan so bid: 'Ons Vader wat in die hemel is, U Karakter en Otoriteit (Naam) is afgesonderd;".

Ons sien in Luka 18:

¹⁹Yeshua sê vir hom: "Waarom noem jy My goed? Daar is nie een goed nie behalwe die een God."

Markos gebruik soortgelyke woorde in sy weergawe by hoofstuk 10:

¹⁸Yeshua sê vir hom: "Waarom noem jy My goed? Daar is nie een goed nie, behalwe net Een, God."

Sommige mense beweer die woorde van 1 Yochanan 5:6-8 bewys die drie-eenheid, maar dit is weereens verkragtings, verkeerde vertalings, dwalinge wat mense moet mislei, wat hierdie verse reg laat klink, terwyl hulle nie is nie. Kom ons vergelyk 'n klompie vertalings. Vir gebrek aan spasie sal ons net ses vertalings vergelyk: die Afrikaans 1953, PWL (2017), Woord en Getuienis (2016), Bible in Basic English (1965), KJV (1611) en The Scriptures (2008). Vir leesbaarheid en onafgebrokenheid word die tabel op 'n nuwe bladsy begin:

¹⁶ ["Athanasius: De Decretis or Defence of the Nicene Definition, Introduction, 19"](#). Tertullian.org. 6 August 2004. Retrieved 2 January 2012.

Vers/Vertaling	Afr 1953	PWL	W&G	BBE	KJV	TS
6	Dit is Hy wat deur water en bloed gekom het, Jesus die Christus; nie deur die water alleen nie, maar deur die water en die bloed; en dit is die Gees wat getuig, want die Gees is die waarheid.	Dit is Hy wat deur water en bloed gekom het, Yeshua Die Gesalfde Een; nie deur water alleen nie, maar deur water en bloed	Dit is Hy wat deur water en bloed gekom het, Yeshua die Messias; nie deur die water alleen nie, maar deur die water en die bloed; en dit is die Gees wat getuig, want die Gees is die waarheid.	This is he who came by water and by blood, Jesus Christ; not by water only but by water and by blood.	This is he that came by water and blood, <i>even</i> Jesus Christ; not by water only, but by water and blood. And it is the Spirit that beareth witness, because the Spirit is truth.	This is the One that came by water and blood: יהושע Messiah, not only by water, but by water and blood. And it is the Spirit who bears witness, because the Spirit is the Truth.
7	Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een;	en dit is die Gees wat getuig, want die Gees is die Waarheid.	Want daar is drie wat getuig:	And the Spirit is the witness, because the Spirit is true.	For there are three that bear record in heaven, the Father, the Word, and the Holy Ghost: and these three are one.	Because there are three who bear witness:
8	en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig.	Daar is drie wat getuig: die Gees, die water en die bloed en die drie is in eenheid.	die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig.	There are three witnesses, the Spirit, the water, and the blood: and all three are in agreement.	And there are three that bear witness in earth, the spirit, and the water, and the blood: and these three agree in one.	the Spirit, and the water, and the blood. And the three are in agreement.

Behalwe vir die verskillende opbreek van verse, sien ons twee vertalings wat totaal verskil van die ander: Afrikaans 1953 en die KJV. Daar is mense wat beweer dat die Afrikaanse vertaling nie noodwendig uit die Hebreeuse grondteks vertaal is nie, maar grotendeels vanuit die KJV. Dit lyk na 'n moontlikheid, maar hierdie is nie die platform vir so 'n bespreking nie.

Sommige vertalers of uitgewers bou hul eie doktrines in vertalings; dit is duidelik uit die tabel hierbo. Ons word gewaarsku om te waak teen sulke vals profete in *Mattityahu 7*:

¹⁵*“Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsgtige wolwe is.”*

Daarna gee *Yeshua* ook die oplossing om hulle uit te ken in die eerste gedeelte van die daaropvolgende vers:

^{16a}*“Aan hulle vrugte sal julle hulle ken”;*

Hy herhaal dit in vers 20: *“So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken.”*

Ons word ook duidelik gewaarsku om nie enigiets uit Skrif weg te neem of daarby te voeg nie. God se Woord staan vas en mag nie deur die mens verander word nie, ongeag van wat koning Jimmy of die Pous en sy trawante sê. Ons leer in Deuteronomium 4:

²*Julle mag by die boodskap wat ek julle beveel, niks byvoeg nie en ook niks wegvat nie, om die opdragte van יהוה, julle God, te onderhou, wat ek julle beveel.*

Mosheh leer ons ook in Deuteronomium 12:

³²*Wat ek julle ook al beveel, dit moet julle doen; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van wegvat nie.*

Let wel: in sommige vertalings mag hierdie hoofstuk 13 vers 1 wees

Dit gaan nie net oor hierdie boodskappe van *Mosheh* nie. Ons leer ook van *Shlomo*, onder die skuilnaam *Agur*, in Spreuke 30:

⁵Elke woord van God is rein; Hy is 'n Skild vir hulle wat hulle vertrou in Hom plaas. ⁶Voeg niks by Sy woorde by nie sodat Hy jou nie tereg wys en jy as 'n leuenaar gevind word nie.

Hierdie was sekerlik vir koning Jimmy bedoel met vers 7 in die boonste tabel...

Die laaste aanhaling vir hierdie onderwerp, leer *Yochanan* ons, nie noodwendig net vir daardie boek nie, maar vir die hele Skrif, uit Openbaring 22:

¹⁸Ek getuig teenoor elkeen wat die boodskap van die profesie van hierdie boek hoor: wie ook al by hierdie dinge byvoeg, God sal die plaas, waarvan in hierdie boekrol geskrywe is, op hom sit ¹⁹en wie ook al iets van die boodskap van hierdie profesie uit die boekrol wegvat, God sal sy deel wegvat uit die boekrol van die lewe en uit die afgesonderde stad uit, die dinge waarvan in hierdie boekrol geskryf is.

Diegene wat gereeld Skrif bestudeer weet dat enige herhalings in die Skrif God se manier is om die belangrikheid van 'n betrokke saak daar te stel. Wanneer ons iets lees en nie weer sien is dit meestal inligting of geskiedenis; wanneer ons iets lees en dit word op 'n ander plek herhaal, is dit vir God belangrik en moet ons begin kennis neem. 'n Derde of meer keer is dit 'n uitdruklike opdrag wat nie verontagsaam mag word nie. Die *Shabbat* is 'n skitterende voorbeeld want dit kom 21 (7 x 3) keer voor net in *Torah*... Is dit nou nie toe-val-lig nie!

Ons het dus geen verskoning om in 'n strik gevang te word nie. God het vir ons Sy handleiding gegee om self te bestudeer, nie sodat ander mense dit vir jou moet lees terwyl jy hulle pensioen aanvul nie. Dit is ook nie nodig dat jy na die filosofie van 'n prediker luister wat 50 versies uit een hoofstuk lees en dan sy eie interpretasie rondom een uitgesoekte versie vir jou gee nie. Jy mag ook jou prediker betaal uit jou tiende, maar nie om jou te leer nie – dit moet wees om hom te onderhou.

Die drie-eenheid is 'n foefie wat deur die Rooms-Katolieke (katoliek=Universele, Allesomvattende, Globale) Kerk ingebring is en enige persoon wat deel het daarin, het ook deel in afgodediens.

Wanneer ons sien God is een, beteken dit *Yeshua* is nie God nie. *Ruach haQodesh*, die Gees wat Afgesonderd is, is ook nie God nie. Spreuke 8 stel dit baie duidelik; veral in verse 22 tot 25 kom dit mooi na vore. Dit is hoekom *Yeshua* vir die man sê dat niemand goed is nie, behalwe God. Moet egter nooit vergeet nie: *Yeshua* is inderdaad Goddelik (Divine); Hy is die Regterhand van God, Hy is die Een deur Wie ons verlossing bewerkstellig word. Ons mag Hom egter nie aanbid nie, want dan doen ons presies dieselfde as wat die volk van *Yisra'el* met die goue kalf gedoen het en *Yochanan* met die boodskapper van Openbaring. Ons word geleer dat ons, na wedergeboorte, mede-erfgename is van *Yeshua*. Romeine 8:17 stel dit baie duidelik:

¹⁷“en as ons kinders is, dan ook erfgename. Erfgename van God en mede-erfgename van Yeshua, Die Gesalfde Een, want as ons saam met Hom ly, sal ons ook saam met Hom die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God smaak.”

Hier lees ons van erfgename en mede-erfgename – twee verskillende terme, maar tog dieselfde. *Yeshua* kan nie 'n erfgenaam van Homself wees nie; Hy erf van God en jy en ek erf van God. Ek en jy is egter geskape wesens, dus is *Yeshua* ook 'n geskape Wese (Spreuke 8), maar vir 'n **spesifieke** doel en met die nodige Goddelikheid wat jy en ek nie het nie. Die Engelse woord is “Deity”. Dit beteken eenvoudig “Godheid” of “Goddelikheid”. *Yeshua* het dus daardie spesiale verhouding met Vader wat jy en ek nooit sal hê nie, in elk geval nie op hierdie sondige aarde nie. Ons het egter dieselfde eienskappe as “kind van God”. Jy en ek was geskape met 'n doel: die belangrikste is om God te eer in alles wat ons doen, maar ons het 'n sondige natuur en dit kan God nie behaag nie. Sy Seun, *Yeshua*,

kon egter daardie gaping vul omdat Hy soos ons geskape is, maar nie 'n sondige natuur het nie. Hy kon dus namens ons aan 'n folterpaal sterf, sodat almal wat Hom bely, almal wat erken dat Hy God se Verlossing vir ons is, ook nou mede-erfgename kan word en geestelike kinders van *Avraham*. Deur *Yeshua* se Goddelikheid te bevestig, sien ons in Hom die volheid van Vader-God se Gees. Dit maak Hom verskillend van enige ander mens, behalwe miskien *Adam* voor die sondeval. Ons mag *Yeshua* egter nie aanbid nie, want Hy is slegs die Pad na God, vir Wie ons moet aanbid. Indien ons *Yeshua* sou aanbid, beoefen ons politeïsme, 'n gebruik wat God uitdruklik verbied (Eksodus 20:3).

Hierdie konsep vat bietjie om aan gewoon te raak in die begin, veral as ons besef hoeveel leuens hierin geweef was deur die jare. Ons moet ook nooit dink ons is in enige opsig *Yeshua* se gelyke nie, nie terwyl ons op hierdie sondige aarde is nie. Dit is egter die voorreg wat ons het om na uit te sien: in die Ewigheid gaan ons nie net kinders van die enigse Skepper-lewende God wees nie, maar ook broers en susters van Hom wat in ons plek kom sterf het, net soos *Yosef* (Josef) 'n geestelike dood gesterf het om sy broers en ander familie te red.

Alles wat alreeds in die *TaNaKh* ("ou testament") gebeur het is nie net die grondslag van die "nuwe testament" nie, maar ook 'n skaduprent, 'n vooruitskouing (preview) van dit wat moes kom. Dit is een van die grootste redes hoekom ons nooit, maar nooit, die voorste gedeelte van Skrif moet onderskat of ignoreer nie.

Ja, die manne met die blink pakke, blink voertuie en blink skoene – alles blink behalwe hul gesigte, soos *Mosheh* se gesig geblink het na sy ontmoeting met God. So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken...

Tiende Leuen

Terwyl die “voorste gedeelte” van Skrif ter sprake is, dit wat die sogenaamde geleerdes die “ou testament” noem, laat ons sommer hierdie kwessie net hier afhandel.

Wat presies is oud aan hierdie “testament”? Die “nuwe testament” is ook baie ouer as jy en ek. Hoekom is dit nie ook “oud” of “nuwer” nie? Hoekom word hierdie groepe boeke “testamente” genoem? Hier kom die dierbare Rooms-Katolieke kerkvaders weer in die prentjie...

Die Hebreeuse Skrif bestaan net uit die “ou testament”. Dit word genoem die *TaNaKh* (tanag) en is ‘n akroniem of afkorting vir “*Torah*” (die pentateug – eerste vyf boeke), die “*Nevi'im*” (uitgespreek nê-wie-iem – Hebreeus meervoud vir profete) en *K'tuvim* (uitgespreek kê-toe-wiem – Hebreeus meervoud vir geskrifte). Die eerste vyf boeke is dus die *Torah*, in Grieks is dit pentateug (vyf boeke) en die ander geskrifte word opgedeel tussen poësie en profetiese geskrifte. Die poësie boeke sluit in *Tehilim* [Psalms], Lied van Liedere (Hooglied), *Mishle* [Spreuke], *Prediker*, *Rut*, *Esther*, *Iyov*, Klaagliedere en selfs *Dani'el*. Die Jode beskou die boek van *Dani'el* nie as ‘n profetiese boek nie omdat dit buite *Yisra'el* geskryf is en ook nie in Hebreeus, soos die meeste ander nie, maar in Aramees.

Al die ander boeke is opgedeel in groot (belangrike) en klein (minder belangrike) profete. Groot profete sluit in *Yeshu'ahu*, *Yirmeyahu* [Jeremia] en *Yechezq'el* [Esegiël] terwyl kleiner profete genoem word soos *'Amos*, *Yo'el* [Joël], *Ovadyah* [Obadja] en ‘n paar ander.

Gedurende *Yeshua* se tyd op aarde, het Hy, Sy studentevolginge en *Yochanan*, die man wat Hom gedoop het, asook *Sha'ul* [Paulus] en vele ander van dieselfde tydperk, nie dieselfde voorreg as ons gehad om van hulself in verskeie boeke of manuskripte te lees nie. Intendeel, dié van hulle wat enigszins iets geskryf het, het óf iets geskryf om geskiedkundige gebeurtenisse aan te teken óf juis vir mede-gelowiges geskryf om hulle te leer en in lyn te hou met God se reëls. Daardie boeke was besig om geskryf te word, tot sover as 100 jaar na *Yeshua*.

Die enigste geskrifte wat *Yeshua* en Sy tydgenote gehad het, was die *TaNaKh* – die “ou testament”. Die “nuwe testament” was besig om te gebeur. Die ander feit wat soos ‘n paal bo water staan, is dat elke Hebreër/Jood gedurende en ná die tyd van *Yeshua* nog steeds *Shabbat* gehou en feeste gevier het. Hulle het ook die voedsel- en gesondheidsreëls van Levitikus 11 *et cetera* gevolg, iets wat jy gerus in gedagte kan hou vir ‘n gesonde liggaam, gees en verstand. Kyk gerus na *Kefa* toe hy uitgenooi is om onrein kos te eet. Dit is opgeteken in Handeling 10. Hy het ‘n afsku daarin gehad om iets te moet eet wat hog nooit as kos beskou het nie, selfs dertig jaar na *Yeshua* se hemelvaart. Dit bewys aan enigeen wat ‘n gesonde verstand het dat geen, maar geen van God se “wette”, God se reëls, rakende reinheid, kos, *Shabbat* of enige van die ander nege opdragte, verval het of gekanselleer is nie – nie deur *Yeshua* nie (en Hy het baie tyd en geleentheid gehad om dit te doen) en ook nie deur enigiemand anders nie. Hou in gedagte wat ons in die vorige hoofstuk behandel het rakende kwessies wat vir God belangrik is. Hy sou dit in die handleiding skryf – nie om Homself te vrywaar nie, maar om ons te leer.

Kom ons wyk vinnig af om die geskiedenis van Skrif te bekyk. Hou in gedagte dat hierdie Boek nie oorspronklik vir jou of my geskryf is nie. Intendeel, dit is vir niemand spesifiek geskryf nie. Dit is slegs ‘n versameling van geskiedenis wat niks met ons te doen het nie, ‘n klomp poësie en baie profesie wat ons nie aangaan nie – of gaan dit ons tog aan?

Die Bybel, Skrif, bestaan tans uit 66 boeke en is geskryf deur 40 skrywers oor meer as 1 600 jaar. Meeste van die boeke is in Hebreeus geskryf omdat dit die voertaal was van die volk van *Yisra'el* met

wie God 'n persoonlike verhouding gehad het. Die profete, konings, skaapwagters en ander skrywers was almal afkomstig vanuit *Yisra'el*. Sommige boeke van die *TaNaKh*¹⁷ is in Aramees geskryf. Die taal is baie verwant aan Hebreeus, soos 'n dialek, en is soms gebruik wanneer *Yisra'el* ander nasies of groepe wou uitsluit van hul doen en late (2 Konings 18:26, *Yasha'yahu* 36:11, *Dani'el* 2:4). Ongeveer 250 jaar voor *Yeshua* het die Hebreeuse en Aramese dokumente ander mense se belangstelling geprikkel en 72 Hebreeuse geleerdes het in Alexandrië, Egipte, bymekaargekom om die *TaNaKh* in Grieks te vertaal. Dit het bekend gestaan as "Septuagint", wat eenvoudig 70 beteken (die hoeveelheid mense wat die vertaling gedoen het). Vir een of ander onverklaarbare rede het die volgorde van die boeke verander vanuit die *TaNaKh* na dit wat ons vandag ken. Sommige nuwe vertalings het egter die oorspronklike volgorde herstel, veral waar die oorspronklike name herstel is.

Na ongeveer 400 jaar van stilte, na *Mal'akhi*, die laaste profeet, met geen profesie en geen ander geskrifte, het *Yeshua* op die toneel verskyn. Vanaf ongeveer 40nY tot 95nY het baie ooggetuies en geskiedskrywers die lewe van *Yeshua* neergepen. Daar word beweer dat die volledige "nuwe testament" in Grieks geskryf is. Ek stem egter nie saam nie en glo dat meer as helfte moontlik in Grieks kon wees, slegs omdat dit vir nie-Joodse groepe geskryf is, mense buite die beloofde land. Die kans is egter baie goed dat ten minste *Mattityahu*, *Yochanan* (1 evangelie en 3 briewe), Hebreërs, *Ya'aqov*, *Kefa* (2 briewe), *Y'hudah* en Openbaring in Hebreeus geskryf is as gevolg van die Joodse idioome wat oral deurbreek.

Yeshua, die studentevolgelinge, *Sha'ul* en elke ander leraar van daardie tyd het dus, soos vroeër genoem, elke aanhaling gemaak slegs uit die *TaNaKh*. Ons lees in *Yirmeyahu* 31:

³¹"*Let op, daar kom dae,*" verklaar יהוה, "wanneer Ek met die huis van *Yisra'el* en die huis van *Y'hudah* 'n **nuwe verbond** sal sluit,".

Let wel: in sommige vertalings mag hierdie vers 30 wees

Kanse is goed dat *Yeshua* hierdie woorde iewers sou aanhaal, soos Hy baie ander aangehaal het. Een voorbeeld is *Luka* 4:21 waar Hy *Yasha'yahu* 61 aanhaal. Hy het juis gesê in *Mattityahu* 26:

²⁸"*want dit is My bloed, van die **Nuwe Verbond**, wat vir baie uitgestort word tot vryspraak van sondes,*".

Sha'ul leer in 1 Korinthiërs 11:

²⁴*en Hy het dit [die brood] geseën, dit gebreek en gesê: 'Vat en eet; dit is My liggaam wat vir julle gebreek word; so moet julle doen om aan My te dink.'* ²⁵*Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: 'Hierdie beker is die **nuwe verbond** in My bloed; so moet julle dit doen, elke keer as julle drink om aan My te dink,'*

...ook in 2 Korinthiërs 3:

⁶"*wat ons waardig gemaak het om bedienaars van die **nuwe verbond** te wees, nie deur wat geskryf is nie, maar deur die Gees, want die geskrewe woord maak dood, maar die Gees gee lewe.*"

Laastens sien ons aanhalings van *Yirmeyahu* deur *Sha'ul* in Hebreërs 8:

⁸*want Hy vind fout met hulle en het gesê: "Let op, daar kom dae, sê יהוה, dat Ek oor die huis van *Yisra'el* en oor die huis van *Y'hudah* 'n nuwe verbond tot sy doel sal bring, ⁹nie volgens die verbond wat Ek vir hulle vaders gegee het op die dag toe Ek hulle aan die hand gegryp het, om hulle uit *Mitzrayim* uit te lei nie, want hulle het nie gebly in My verbond nie en Ek het hulle verwerp," sê יהוה. ¹⁰"Hierdie is die verbond wat Ek ná dié dae sal gee vir die huis van *Yisra'el*," sê יהוה: "Ek sal My wette in hulle begrip gee en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en*

¹⁷ Henry H. Halley, *Halley's Bible Handbook*, 25th ed., Zondervan Publishing House, 2000, 1071.




Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees ¹¹en hulle sal nie meer elkeen sy medemens en elkeen sy broer leer en sê: 'Ken יהוה' nie, want hulle almal sal My ken, vanaf hulle kleinste tot hulle oudste. ¹²Ek sal hulle reinig van hulle oortredings van die wet en hulle sondes nie meer onthou nie."

Al hierdie teksverse praat oor die "nuwe verbond" en uiteraard het dit by baie mense vasgesteek. Ongeveer 30nY lees ons in Handeling 11:

²⁶"en toe hy hom kry, het hy hom saam met hom na Antiogea gebring en hulle het 'n hele jaar lank as een saam in die gemeente bymekaargekom en baie mense geleer en die studentevolginge is in Antiogea vir die eerste keer 'volgelingen van dié Gesalfde Een' genoem."

Meeste vertalings bevat die woord "Christene", wat weereens 'n walglike term is. *Yeshua* is na hierdie aarde toe gestuur om gelowiges te verlos van hul sondes – ons het vroeër gesien dit is wat Sy Naam beteken. Die gebruik van daardie tyd, was om iemand te salf in 'n spesifieke amp. Ons het dit gesien met konings en priesters. Die Hebreeuse woord vir "gesalfde" is *mashiach* (משיח – ma-sjie-ag). Tydens sy leringe op aarde het *Yeshua* bekendgestaan as *Yeshua haMashiach* en in Grieks sou dit wees *Iesus Christos*, wat die Afrikaanse weergawe gee van Jesus Christus. 'n Christen is dus niks anders nie as 'n volgeling van die gesalfde een, net soos die vertaling hierbo uitwys.

Gaan soek die woord "Christian" by doktor/professor Google en sien watter uiteenlopende verduidelikings aangebied word. Enigiets van dissipel (is jy werklik iemand wat ander persone na God lei en hoeveel het jy al gelei?) tot navoring van die geloof wat gegrond is op die leringe van Jesus! Hier is 'n paar aanhalings:

-  Professing belief in Jesus as Christ or following the religion based on the life and teachings of Jesus.¹⁸
-  There are many important differences of interpretation and opinion of the Bible and sacred tradition on which Christianity is based.¹⁹
-  Because of these irreconcilable differences in theology and a lack of consensus on the core tenets of Christianity, Catholics, Protestants and Orthodox often deny that members of certain other branches are Christians.²⁰

Hier is nog iets wat die aandag sal prikkel:

Unfortunately over time, the word "Christian" has lost a great deal of its significance and is often used of someone who is religious or has high moral values but who may or may not be a true follower of Jesus Christ. Many people who do not believe and trust in Jesus Christ consider themselves Christians simply because they go to church or they live in a "Christian" nation. But going to church, serving those less fortunate than you, or being a good person does not make you a Christian. Going to church does not make you a Christian any more than going to a garage makes you an automobile. Being a member of a church, attending services regularly, and giving to the work of the church does not make you a Christian.²¹

Eina!

¹⁸ <https://www.thefreedictionary.com/Christian>

¹⁹ Olson, *The Mosaic of Christian Belief*.

²⁰ Ehrman, Bart (2003). "Introduction: Recouping Our Losses". [*Lost Christianities: the battles for scripture and the faiths we never knew*](#). Oxford, New York: Oxford University Press. p. 1. ISBN 978-0-19-518249-1. "Many of these Christian groups, of course, refuse to consider other such groups Christian."

²¹ <https://www.gotquestions.org/what-is-a-Christian.html>

Die term “Christen” is dus nie noodwendig gebruik om ‘n groep mense te identifiseer nie, maar ook om met hulle te spot. Alhoewel dit gebruik is deur mense om te verwys na nie-Joodse gelowiges, was die term nooit deur gelowiges binne die land *Yisra’el* gebruik nie. Die term het egter posgevat, tot so ‘n mate dat dit “universeel” – lees **katoliek** – geword het. Die woord “katoliek” beteken universeel, wêreldwyd, omdat dit die doel was van die RKK om wêreldwyd te breek met wat die Jode en ander ware volgelingen van *Yeshua* nagestreef het.

Die katolieke biskoppe, onder leiding van die keisers, wat later deur ‘n pous vervang sou word, het hulself die mag toegeëien om *Dani’el* 7:25 in vervulling te bring. Hulle het tye verander – *Shabbat* na Sondag – en vieslike name toegevoeg by kalenders in die vorm van dae en maande; en jy, my vriend, vriendin, het jou laat vang met daardie slap RKK riem omdat jy nie self die Skrif bestudeer nie!

Die term Christen het gekom om te bly. Dit het egter ook groot verwarring by baie mense tuisgebring en tans is daar meer as 41 000 denominasies of vertakings van Christenskap! Veronderstel elke vertakking het net een persoon, beteken dit dat minstens 41 000 mense van mekaar verskil in hul geloof en weier om enigsins saam te stem, eenvoudig omdat hulle Skrif verskillend “interpreteer”. Is dit waarvoor *Yeshua* aarde toe gekom het?

Laastens, ‘n aanhaling uit ‘n skrywe wat ek in April 2012 neergepen het:

If a doctrine doesn't line up with *Torah*, then it cannot be true. If this is the case, then “Christian” is yet another title, not a way of life.

Gegewe al hierdie inligting, behoort die term “Christen” eintlik aan die Rooms-Katolieke en moet elke werklike volgeling van *Yeshua* hom-/haarself daarvan ontbind, aangesien hulle Jesus volg en nie *Yeshua* nie.

Laat ons terugkom na die onderwerp: ons het gekyk na testamente en verbonde. Hierdie Christene, wie hulle ook al mag wees, het vasgehou aan die woordjie “verbond”. Gedurende die laat eerste en vroeë tweede eeu is baie boeke vertaal vanuit Grieks (die wat in Grieks geskryf was) in Latyn, Kopties (Egipte) en Siries (Sirië) en is wyd versprei as “begeesterde skriftuur” deur die Romeinse ryk en verder.²² In 397nY, om die geskifte te beskerm teen weerleggers en geestelike instellings, is die 27 boeke wat toe bekend was amptelik saamgevat deur die Sinode van Kartage as die “nuwe testament” – uiteraard gegrond op die uitlatings van *Yeshua* en *Yirmeyahu*.²³

Helaas, die skade was gedoen, want toe word die *TaNaKh* skielik die “ou testament” en meeste mense dink ook dit het verval!

Wat eintlik moet gebeur, en ek daag elke persoon wat hierdie lees uit om dit te doen: skeur daardie blanko bladsy, bladsye, of wat dit ookal mag wees,) uit wat die twee “testamente” skei, want die Woord van God is EEN – net soos Hy! Daar is nie iets soos ou en nuwe testament nie. Daar is die *TaNaKh* en die Apostoliese Geskrifte, want die apostels, die navolginge, studentevolginge van *Yeshua*, het dit geskryf. ‘n Testament is slegs geldig wanneer iemand dood is en ons Verlossing leef! Daar is dus geen testament nodig nie en derhalwe daag ek jou uit om daardie skeiding, wat dit ookal mag wees, tussen die twee “testamente” uit te skeur en dit een boek te maak soos dit hoort! Dit is een van die redes waarom die gordyn, die voorhangsel, tussen die twee gedeeltes in die tempel van bo na onder geskeur het met *Yeshua* se afterwe. Jy sal vanaand rustiger slaap.

²² F.F. Bruce, *The New Testament Documents: Are They Reliable?* 5th rev. ed., Intervarsity Press, 1960, 21-28.

²³ *Ibid.*, 27.

Elfde Leuen

Op 31 Oktober 1517 het Martin Luther, 'n Duitse monnik, priester, professor in teologie en komponis, 95 stellings van kritiek teen die kerkdeur van Wittenberg vasgemaak. Dit was in opstand teen sekere gebruike (misbruike?) in die Rooms Katolieke Kerk (RKK) waarmee hy nie saamgestem het nie en ook leerstellings wat hy wou hervorm. Vorige pogings is aangewend tot hervorming deur mense soos Jan Hus, Peter Waldo en John Wycliffe. Hulle pogings was egter nie suksesvol nie en hulle moes met hul lewens daarvoor boet; Jan Hus is op 'n brandstapel geplaas.

Ongeveer dieselfde tyd het twee manne in Switserland, Zwingli in Zürich en Kalvyn in Genève ook pogings aangewend om sekere leerstellings en gebruike in die RKK te verander. Verskeie Lutherse kerke het opgeskiet in Duitsland en Skandinawië terwyl hervormde kerke gestig is in Switserland, Hongarye, Frankryk, Nederland en Skotland. Die RKK het sterk teruggeveg met 'n teen-hervorming en Rome het baie verlore gebiede en navolgers teruggewen. Geen twee hervormers het dieselfde besware gehad nie. Luther het begin met onder andere toegewings ten opsigte van strawwe vir spesifieke sondes, veral die vagevuur; ander het teologiese beginsels aangespreek, soos vertrouwe slegs in Jesus en nie goeie werke nie; ander het dit teen die pous as persoon gehou terwyl nasionalisme en humanise ook 'n rol gehad het. Terwyl Martin Luther en die mede-hervormers baie kon vermag, het die RKK hulle ook erg gekniehalter en die hervorming het nie gebeur soos dit moes nie. Ongelukkig was Luther ook baie anti-Semities en alhoewel hy volgens Skrif wou lewe, wou hy niks te doen hê met enige Skriftuurlike gebruike nie, omdat dit ook deur Jode beoefen is. Hy het derhalwe alles wat "Joods" is afgeskiet in vlamme.

Derhalwe het *Shabbataanbidding* verskuif na *Sondagaanbidding* (songodaanbiddingsdag?) – "ons wil nie met Joodse gebruike vereenselwig word nie." Hulle het al God se feeste verwerp en hul eie ingestel. Dit sluit in verskeie heidense feeste, want hulle het geglo dat hulle heidene na die kerk sou lok en "oortuig" om gelowiges te word. Intussen het die teenoorgestelde gebeur: heidense feeste is in die kerk ingebring deur heidene wat ingekom en gebly het, maar geweier het om christene te word! Die RKK het ook 'n "heilige" dag ingestel waarop Jesus se geboorte gevier moes word en die hele wêreld daarmee betower – ongeag wat Skrif en geskiedenis ons leer. "Goeie Vrydag" het bykans soos 'n wet geword en "drie nagte en drie dae" het in die niet verdwyn – saam met die logika van syfers.

Baie van hierdie en vele ander verkeerde leerstellings het saam met Luther en die ander hervormers in die hangkaste weggekruip soos die spreekwoordelik spook wat saam getrek het.

Twee belangrike aspekte is hier ter sprake: "doop" en "katakisasie".

In 197nY het *Tertullian* die eerste verwysing geskryf rakende kinderdoop.²⁴ Die gebruik het vroeg in die tweede eeu ontstaan omdat daar verkeerdelik geleer is dat wedergeboorte sou plaasvind deur doop – 'n leuen wat deur die stigters van die RKK daargestel is om ekstra lidmate op hul lyste te kon plaas. *Tertullian* het hierdie gebruik ten sterkste afgekeur, net soos die doop van afgestorwenes, wat die RKK vir dieselfde rede gedoen het.

Beide hierdie gebruike toon duidelike afwykings van Skrif waar mense gedoop word eers na hul belydenis van geloof. Ons lees van Kornelios in Handeling 10:

³⁰*Kornelios sê: "Vier dae gelede, omtrent hierdie uur, was ek besig om te vas en drie-uur die middag het ek in my huis gebid en skielik staan daar 'n man voor my in wit klere* ³¹*en sê: 'Kornelios, jou gebed is gehoor en jou dade van omgee is voor God in herinnering gebring.'*

²⁴ *Die Taufe. Gedanken über die Urchristliche Taufe ihre Geschichte und ihre Bedeutung für die Gegenwart*, Joh. Warns

Kefa het aan hom die boodskap begin bring, steeds Handeling 10:

³⁴*Shim'on het sy mond oopgemaak en gesê: "In waarheid verstaan ek dat God geen aannemer van die persoon is nie, ³⁵maar dat in elke nasie dié een wat Hom vrees en onpartydig opreg is, aanvaarbaar is vir Hom."*

Die einde van die boodskap is Handeling 10:

⁴³*"Van Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom vertrou, vergifnis van sondes deur Sy Karakter en Outoriteit sal ontvang."*

Daarna, met 'n opgewondenheid, het hulle by water gekom: Handeling 10:

⁴⁷*"Niemand kan die water keer dat hierdie mense, wat net soos ons die Gees wat Afgesonderd is, ontvang het, gedoop word nie."* ⁴⁸*Toe het hy beveel dat hulle gedoop moet word in die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een. Hulle het hom toe gevra om nog 'n paar dae te bly.*

Lees gerus hierdie stuk aandagtig deur, met die hulp van die Gees wat Afgesonderd is. Dit spreek boekdele vir gelowiges en lei ongelowiges om *Yeshua* te leer ken en te volg.

Kornelios is **gedoop**, onderdompel, nie besprinkel nie, nadat Hy *Yeshua* bely het as die Gesalfde Een. Geen baba, hoe slim hulle ook al deesdae gebore word, kan bely dat hy of sy daardie selfde vertrou het nie. Die doop behoort een van die wonderlikste ervarings te wees vir enige wedergeborene, iemand wat van Bo gebore is, wat sy of haar vertrou in *Yeshua* stel, maar die RKK het soveel leuens hierin gebou dat dit 'n bespotting van die goeie nuus boodskap geword het. Hierdie hele leuen, met al sy toisels en dooprokkies, skoentjies, 'n doopkoek, is alles deel van heidense gebruike wat geleidelik deel geword het van die RKK tradisie. Mense wat nooit hulle voet in 'n kerk sou sit nie, word skielik uitgenooi na hierdie geleentheid waar 'n baba "gedoop" (amper versuip by sekere kerke!) word en nie een woord kan praat nie, wat nog te sê 'n belydenis doen! Daarna word makietie gehou, meestal sonder God, en dit skrik vir niks...

Rondom die doop skryf rabbi *Sha'ul* in Romeine 6:

³*Of weet julle nie dat dié van ons wat in dié Gesalfde Een, Yeshua, gedoop is, in Sy dood gedoop is nie?* ⁴*Ons is saam met Hom begrawe in die doop tot die dood sodat net soos dié Gesalfde Een uit die dood uit opgestaan het deur die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van Sy Vader, ons ook net so in 'n nuwe lewe kan leef,* ⁵*want as ons een geword het met Hom deur dieselfde dood as Hy, sal ons ook een wees met Hom in dieselfde opstanding as Hy.* ⁶*Ons weet dat ons ou mens saam met Hom gekruisig is sodat die liggaam van sonde vernietig sou word sodat ons nie langer 'n slaaf van die sonde sal wees nie,* ⁷*want hy wat dood is, het homself van die sonde bevry.* ⁸*As ons daarom saam met dié Gesalfde Een dood is, laat ons vertrou dat ons saam met dié Gesalfde Een sal lewe* ⁹*omdat ons weet dat Die Gesalfde Een opgestaan het uit die dood en nie weer sal sterf nie en die dood geen outoriteit oor Hom het nie.* ¹⁰*Hy wat dood is vir die sonde, het een maal gesterf en omdat Hy leef, leef Hy vir God.* ¹¹*Net so moet julle ook julleself beskou as dood vir die sonde en dat julle leef vir God in eenheid met ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een.*

Die probleem met "besprinkeling" het moontlik ontstaan deur misverstande, verkeerde interpretasies en dalk (my eie mening) 'n gebrek aan kennis. Ons lees in verskeie teksverse (Levitikus 4:6, 17; 5:9; 14:7, 16, 27; 16:14, 15, 19 en ander) hoe die priester bloed of olie op die altaar, op 'n melaatse, voor die voorhangsel of op 'n bok sou sprinkel om dit rein te maak of af te sonder. Wanneer 'n persoon uit eie vrye wil gedoop word, word hy of sy nie afgesonder of gereinig nie – dit het alreeds plaasgevind. Deur die doop erken die persoon dat hy of sy saam met *Yeshua* sterf om weer op te staan in 'n nuwe, ewige lewe. Dit is waaroor doop gaan: die volk van *Yisra'el* het uit

Egipte gekom (verlos van slawerny – sonde) deur die hand van God; Hy het hulle geestelik laat sterf voor die Rooisee en hulle daardeur laat trek (gedoop) sodat hulle as nuwe mense, geestelik onverskrokke en vol ywer vir ‘n nuwe lewe, na ‘n beloofde land (die Ewigheid saam met *Yeshua*) kon laat trek. Doop red niemand. Doop is ‘n stap van gehoorsaamheid. Het ‘n baba van drie maande daardie gehoorsaamheid?

Daar bestaan ‘n groot moontlikheid dat *Mosheh* nie genoeg tyd sou hê om elke *Yisra’eliet* te besprinkel voordat die Egiptiese leërmag hulle sou uitroei nie – en dan sou hulle nog moes leer swem ook, want God sou nie nodig hê om die water te skei nie – hulle is reeds “gered deur besprinkeling”.

Vir bogenoemde redes het die dinge gebeur soos in Skrif opgeteken is, om die vooruitskouing van ons verlossing aan te dui. Dit is dus uiters noodsaaklik dat jy, wanneer jy deur *Ruach haQodesh* oortuig is en bely dat *Yeshua* jou Verlossing is, gedoop sal word in gehoorsaamheid – nie om gered te word nie, want dit het alreeds gebeur. Wanneer jy dan die voorreg van ouerskap ervaar, word jou babatjie nie “gedoop” of besprinkel nie, maar wél ingeseën tot ‘n vreugde vir die ouers. Die ouers (nie die kerk of skool nie) se verantwoordelikheid is dan om daardie kind groot te maak in die voetsore van *Yeshua* en tot op ongeveer ouderdom 13 vir seuns en 12 vir dogters word ouers verantwoordelik gehou vir hul dade.

Wanneer die kind hierdie betrokke ouderdom, of dit waarop die kind en ouers saam besluit, bereik, betree hy of sy die “volwasse wêreld” en neem hul self verantwoordelikheid vir hul dade. Die geleentheid is een van die belangrikste in die jongmens se lewe. Vir seuns word dit genoem “Seun van die Seëning” en vir dogters “Dogter van die Seëning”. Dit word baie kuis gevier, sonder enige uitspattighede, met familie en vriende wat as getuies optree dat die vader die kind vryspreek van kind wees en oorgee as volwassene in die samelewing. Hierdie jongmens getuig dan voor die getuies dat hy of sy toegewyd vir God wil lewe. Ongelukkig besef baie min ouers dat die kind se inseëning as baba en die ouer(s) se uitseëning direk met mekaar verband hou en een lang verloop is waartydens die kind voorberei word vir die dag waarop hy of sy die lewe vierkantig as volwassene in die gesig sal staar.

Die gebruik om op 21 jaar oud aan ‘n “kind” ‘n sleutel te gee vir die volwasse wêreld is ‘n heidense en wêreldse gebruik en behoort onder geen omstandighede deur ware gelowiges ondersteun te word nie. Dit het alles begin met die verbod op sigarette en alkohol, veral in die VSA (waar anders?!), waar mense eers op 21-jarige ouderdom toegelaat word om tabak- en alkoholprodukte te mag koop. Dit is as’t ware hul dranklisensie! Klink soos katkisasie...

...wat ons by die volgende onderwerp bring.

Die doop van baba’s het vir die kerk ekstra nommers op hul statistieke geplaas en gemeentes se getalle groter laat voorkom. Die baba’s, later kinders, sou egter geen bydrae maak tot die gemeentekas vir vele jare nie. Hulle is almal egter mooi geleer van al die verhale in Skrif en dan, wanneer hulle naby die ouderdom kom om geld te begin verdien, sodat “die tiende” in die kerk se koffers gestort kon word, is hulle amptelik lidmaatskap toegestaan. Dit moes darem op ‘n waardige manier gebeur en derhalwe het die instelling van katkisasie gekom.

Die woord katkisasie is afgelei van, onder andere, die antieke Griekse woord *κατηχέω* (*katēkhismos*) wat beteken om mondelings oor te vertel of geleer te word. Dit het ontstaan in die RKK en is nooit weggegooi tydens die hervorming nie, soos soveel ander monderings en rommel wat saamgesleep is in die Protestantse kerke. Inteendeel, elke Protestantse vertakking het later sy eie weergawe geskryf! ‘n Voornemende lidmaat, in hierdie geval ‘n jong mens van tussen 16 en 18 jaar, word dan

voor die hele gemeente gebring om “getoets” te word aan die doktrine of leerstellings van die kerk. In sommige gevalle is alle vrae nie noodwendig uit Skrif nie, maar meer geskoei op menslike interpretasies of persoonlike oortuigings. Die mees bekende leerstellings in Afrikaanse kerke is die Heidelbergse Kategismus (HK), wat vir jongmense tussen ouderdomme 13 en 18 (hoërskool) geleer word. Alhoewel die HK baie Skrif bevat, het dit net soveel, indien nie meer nie, konsepte wat suiwer filosofies van aard is.

Die kinderdoop en katekisasie is dus ‘n manier van die kerk om getalle te bewimpel en hul geldkoffers te vul. Daar is sekerlik jongmense wat hierdie proses baie ernstig opneem, maar meeste beskou dit slegs as ‘n onnodige hindernis en antwoord positief op die vrae om dan volwaardige lidmaat van die kerk te wees en te mag deel in die sakramente – doop en nagmaal.

Sakramente?

Jammer, nog iets wat die hervormingsbesem gemis het. Die RKK het sewe “sakramente” en ongelukkig het net vyf tydens hervorming gesnuwel. Die twee wat agtergebly het by Protestantisme is die doop en die nagmaal. Dit is twee dinge wat jou en my as “christen” verhoed om te leef soos God wil hê ons moet leef. Lees verder...

Nugter alleen weet waarom hierdie woord gebruik word – dalk omdat *Yeshua* en die studentevolginge dit in die laataand (nag) geëet het. Tog is dit iets wat die meeste kerke in die “dag” doen! In Engels is dit “communion” en RKK noem dit “mass”. Terwyl “communion” nog aanvaar kan word as ‘n gemeenskaplike ete, beteken “mass” om uit te stuur of te verdaag, van die Latynse woord “messa”. Sien die Engelse “messenger” hierin.

‘n Sakrament is iets wat goed genoeg geag word om baie spesiaal te wees, selfs “heilig” gemaak te word. Die woord kom van Kerklatyn *sacramentum*, van Latyn *sacrō*, wat beteken “hallow” of “consecrate”. Ons sien ook die Engelse “sacred”, wat beteken om afgesonder [heilig] te wees. Dit is dus ‘n “heilige seremonie”. Nou, die doop is slegs ‘n stap van gehoorsaamheid vir die persoon self en nie noodwendig “heilig” nie. Die nagmaal, liefdesmaal is dalk ‘n beter woord, is weereens ‘n persoonlike saak tussen die gebruiker en God en is eintlik ‘n feestelike geleentheid!

Die rede hoekom die RKK dit beskou as “heilig”, is omdat hulle glo die koekie wat hulle eet verander werklik in die liggaam van Jesus wanneer dit in die persoon se mond gaan. Regtig! Dieselfde is waar ten opsigte van die wyn/druiwesap. Regtig! Hulle noem hierdie proses “transubstantiation”: **"The signs of bread and wine become, in a way surpassing understanding, the Body and Blood of Christ."**²⁵ Dit gebeur glo op ‘n raaiselagtige manier, net soos die drie-eenheid baie raaiselagtig is – vir enigeen wat daarin wil glo. Ek kan nêrens ‘n gepaste of beskrywende Afrikaanse woord vir “transubstantiation” kry nie, maar dit kom neer op iets soos “een in wese”.

Hier moet ek toegee dat die Jode ook baie vreemde idees het rondom sekere gebruike. Hulle het twee boeke, *Talmud* en *Mishnah*, wat vir sommige van hulle amper belangriker is as *Torah*! Beide boeke bevat oorgelewerde reëls, wette en instruksies wat genoem word die mondelingse of “oral” *Torah*. Volgens oorlewering sou *Mosheh* hierdie reëls en wette van God ontvang het na die tien opdragte by *Sinai*. Die *Mishnah* was persklaar gemaak deur *Yehudah HaNasi* aan die begin van die derde eeu nY. Sekere belangrike wette word egter nie in die *Mishnah* behandel nie en is later saam met Rabbynse kommentare van die *Mishnah* geredigeer en uitgegee as *Gemara*. Wanneer die *Mishnah* en *Gemara* saamgevoeg word, vorm dit die *Talmud* wat uit 63 traktate (geskrewe werke oor spesifieke onderwerpe) bestaan. Die *Mishnah* word geskryf in Hebreeus en die *Gemara* in Aramees, dus bevat die *Talmud* albei tale. Watter regdenkende mens wil nou Rabbiniese uitleggings

²⁵ ["Article 3 The Sacrament of the Eucharist"](#). *Catechism of the Catholic Church. Holy See.*

lees wanneer mens die Woord van God kan lees?

Daar is ook vreemde reëls wat hulle probeer bewys uit Skrif. As gevolg van drie teksverse (Eksodus 23:19; 34:26; Deuteronomium 14:21) skei die Jode melk en vleis. Hul restaurante bedien die produkte apart en jy sal by geen Kosher MacDonald's 'n kaasburger kry nie. As gevolg van hierdie reël het elke wetsgehoorsame Jood 'n dubbele kombuis – een vir vleis en een vir melk/kaas en ander kos. Dit is egter belangrik om te onthou dat, net soos die wet en feeste van God nie weggevat is nie, is die reëls vir gesonde kos ook deel van God se “wet” en moet Levitikus 11 en Deuteronomium 14 steeds streng beoefen word. Ten spyte hiervan lees ons in 2 *Sh'mu'el* 17:

²⁷*Toe Dawid in Maganayim kom, bring Shovi, die seun van Nagash uit Rabbah, uit die seuns van 'Ammon, Magir, die seun van 'Ammi'el, uit Lo-D'var en Barzillai, die Gil'adiet, uit Roglim, ²⁸beddens, skottels, erdegoed, koring, gars, meel, gebraaide graan, bone, lensies, gebraaide sade, ²⁹heuning, dikmelk, kleinvee en kaas van beesmelk na Dawid en die mense wat by hom was, om te eet, want hulle het gesê: “Die mense is honger, moeg en dors in die wildernis.”*

Selfs die “man na God se hart” het moontlik 'n kaasburger geëet! Nie net hy nie, maar moontlik selfs *Avraham*. Ons sien in Genesis 18:

⁸*Hy neem ook botter, soetmelk en die kalf wat hy voorberei het en sit dit aan hulle voor terwyl hy self by hulle onder die boom bly staan en hulle het geëet.*

Ironies dat die Rabbis van die *Talmud* geen rede gee vir hierdie verbod nie,²⁶ tog is dit deel van moderne Judaïsme!

Daar is soortgelyke reëls wat Skrif nie noodwendig uitspel nie, maar geïmpliseer kon word, soos byvoorbeeld die dra van die *kippa*, 'n klein ronde hoedjie op die kroontjie van 'n man se kop; ligte en ketels wat nie op *Shabbat* aangeskakel mag word nie en te veel ander om hier op te noem.

My persoonlike oortuiging is dat enigiets wat God in Sy Skrif pertinent beveel gedoen moet word en wat Hy pertinent verbied nie gedoen moet word nie – geen onnodige impliserings of persoonlike gevolgtrekkings moet verpligtend gemaak word deur filosofiese snert nie.

²⁶ [Pesachim](#) 44b: die derde traktaat van [Seder Moed](#) ("Orde van Feeste") van die [Mishnah](#) en van die [Talmud](#).

Twaalfde Leuen

Soos met sommige van die vorige leuens, waar moontlik meer as een spesifiek aangespreek is, gaan hierdie leuen geen uitsondering wees nie. Inteendeel, meeste ander leuen wat ek aan kon dink, klein of groot, kry hier 'n plekkie.

Ons gaan hemel toe!

Terwyl ons klein was is aan ons geleer dat jy hemel toe gaan wanneer jy doodgaan. Op hierdie punt is ek onseker of dit 'n maklike uitweg vir ouers is om kinders se strikvrage te ontduik of bevredig en of die ouers, of onderwysers (Sondagskool ingesluit), dit self werklik geglo het. Hier praat ek nie van die onmiddellike gebeurtenis na jou dood nie, maar wel die hiernamaals – die Ewigheid. Ons word geleer dat goeie mense hemel toe gaan en slegte mense hel toe, maar ongelukkig is hierdie stelling nie waar nie.

Wat met die gees van die mens gebeur vanaf die oomblik dat dood intree tot en met *Yeshua* se wederkoms is onseker, omdat weinig inligting in Skrif gegee word en dit nie ons plek is om daarvoor te spekuleer nie. Dit is egter 'n voldonge feit dat niemand, goed of sleg, in die ewigheid in die hemel of in die hel gaan wees nie.

Deur verskeie studies, navorsing en by monde van geleerdes het ek besef dat hierdie 'n leuen is wat deels uit onkunde en deels uit hoop vertel word.

Soos vroeër genoem, het baie *Shabbat*-gehoorsame mense oor my pad gekom vandat God my op hierdie lewenswandel geroep het. 'n Dierbare vriendin het vir my inligting gestuur rakende hierdie onderwerp en ek was geskok om te verstaan, uit Skrif, dat niemand hemel toe gaan nie! Dit sluit ook in die leraars wat dit verkondig...

'n Kort tydjie later het ek met 'n pastoor korrespondensie gevoer en hierdie onderwerp het opgeduik. Ek het die nodige Skrifgedeeltes met my verduidelikings aangestuur, waarop hy my baie duidelik laat verstaan het ons korrespondensie is geskiedenis. Dit was meer as tien jaar gelede.

Ons sien in Openbaring 5:

*⁹wat 'n nuwe lofprysingslied sing en sê: "U is waardig om die boekrol op te tel en sy seëls los te maak, want U is doodgemaak en het ons vanuit elke stam, volk en nasie, met U bloed, vir God losgekoop ¹⁰en U het hulle, vir ons God se Koninkryk, priesters en konings gemaak en hulle sal oor die **aarde** heers."*

Voor die sondeval is die mens opdrag gegee om oor die aarde te heers: Genesis 1:

*²⁶God het gesê: "Laat Ons die mens maak na Ons beeld, net soos Ons en laat hulle heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel, die vee en oor **die hele aarde** en oor al die diere wat op die **aarde** beweeg." ²⁷God het die mens geskep na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskep; man en vrou het Hy hulle geskep. ²⁸God het hulle geseën en God het vir hulle gesê: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die **aarde**, **onderwerp** dit [die aarde] en heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die **aarde** beweeg."*

Alles word herstel soos voor die sondeval. Daar is dus geen rede om "hemel" toe te gaan nie!

Ons lees in die finale boek van Skrif hoe God bevestig wat Hy vroeër gesê en aan die begin van Skepping beplan het in Openbaring 21:

¹Ek het nuwe hemele en 'n nuwe aarde gesien, want die vorige hemele en die vorige aarde het

weggegaan en die see was nie meer nie ²en ek het die afgesonderde stad, nuwe Yerushalayim, sien afkom vanaf langs God uit die hemel, voorberei as 'n bruid wat vir haar man versier is ³en ek het 'n harde stem uit die hemel hoor sê: "Let op, die tabernakel van God is by die mense en Hy bly by hulle en hulle sal Sy volk wees en dieselfde God is by hulle en sal vir hulle God wees.

Hierdie is dieselfde belofte wat vir *Yisra'el* gegee is in Levitikus 26:

¹¹Ek sal My woonplek tussen julle oprig en My Wese sal julle nie verwerp nie. ¹²Ek sal tussen julle loop en julle God wees en julle sal My volk wees.

Hierdie belofte is ook gegee in Eksodus 19:6; *Yesha'yahu* 61:6 en 1 *Kefa* 2:5, 9. Hou in gedagte wanneer God (Skryf) iets herhaal...

God het saam met die mens gewandel voor die sondeval; God wil by die mens bly en dit sal op die nuwe aarde wees – nie in die hemel nie!

Mense wat nie God se lewenswandel gevolg het nie maar voortleef in hul sonde, sal nie "hel" toe gaan soos ons geleer is nie, maar na 'n meer van vuur en swaai waar hulle ewigdurende foltering sal deurgaen (*Openbaring* 19:20; 20:10-11). Die teëstander, *hasatan*, sal ook nie straf uitdeel nie, want hy sal self besig wees om straf te ontvang. Die hel sal wees om nie in God se teenwoordigheid te kan wees nie.

Aangesien niemand hemel toe gaan nie, is daar dus ook nie 'n hondehemel (of dierehemel) nie en alhoewel ons troeteldiere baie beter en meer liefdevol is as sommige mense wat ek ken, sal ons hulle definitief nooit weer sien nie. Daar sal egter diere op die nuwe aarde wees. Volgens *Yesha'yahu* 65:

²⁵Die wolf en die lam sal saam wei en die leeu sal strooi eet soos 'n os en stof sal die slang se kos wees; hulle sal geen kwaad of skade doen op My hele afgesonderde berg nie," sê יהוה.

Verder in *Yesha'yahu* 11:

⁶Die wolf sal by die lam bly, die luiperd sal by die jong bokkie gaan lê, die kalf, die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar en 'n klein seuntjie sal hulle lei. ⁷Die koei en die wyfie beer sal ook wei, hulle jonges sal saam lê en die leeu sal strooi eet soos die os. ⁸Die suigeling sal by die gat van 'n kobra speel en die gespeende kind sal sy hand sit op die adder se nes.

Bykomende inligting is beskikbaar in addendum D.

Eenmaal gered, altyd gered

Baie voorspoedsteologievoorstanders en -predikers hou daarvan om vir hul gemeentede die "versekering" te gee dat hulle vir altyd gered is wanneer hulle (die eerste keer) tot bekering kom. Dalk moet ons oorweeg hoekom *Yeshua* vir ons sê in *Mattityahu* 24:

¹³"maar wie **vasstaan tot die einde toe**, hy sal die lewe hê."

Die verband van hierdie lering gaan juis daarom dat ons nie sal verslap of toegee wanneer ons mislei of gemartel word nie.

Ya'aqov, die half-broer van *Yeshua*, skryf vir ons in hoofstuk 5:

¹⁹My broers, as een van julle van die pad van die waarheid afgedwaal het en iemand hom van sy fout af laat omdraai na God toe, ²⁰laat hy weet dat die een wat 'n sondaar van die foute van sy lewe, na God toe laat omdraai, 'n gees uit die dood red en 'n menigte sondes bedek.

Dis vreemd dat, indien vir altyd gered, ek nou moet omdraai om my gees uit die dood te red.

Wegraping

Terwyl ons die voerspoedvoorstaaers raps, laat ons dit ordentlik doen. Hulle het tog so 'n behoefte om nie gepynig te word of deur een of ander probleem te moet gaan nie, dat hulle die klomp kaf glo wat gedurende die agttiende eeu begin is deur Increase en Cotton Mather, pa en seun, twee Puriteinse predikante van Massachusetts Bay, VSA. Die beginsel is dat, voordat *Yeshua* Sy volgelinge kom haal, Hy 'n uitgesoekte groepie mense op 'n geheimsinnige manier sal kom haal – hulle gaan eenvoudig net verdwyn! Sodoende sal hierdie mense God se wraak, wat in verskeie boeke uitgebeeld word, vryspring en veilig (in die hemel?) wees totdat die res van die gelowiges gehaal word.

Hierdie foefie is verder uitgebrei en gewild gemaak deur John Nelson Darby²⁷ en die Plymouth Brethren²⁸, waarvan hy deel was. Die ironie van hierdie groep, wat ontstaan het in Dublin, Ierland gedurende die laat 1820s, is dat hulle klaarblyklik *sola scriptura* leef, die oortuiging dat Skrif die hoogste gesag is vir enige kerk doktrine. Die woord “wegraping” of die Engelse woord “rapture” kom egter nêrens in Skrif voor nie en dit word ook geensins insinuer of impliseer nie. Die teks waarop hierdie leuen gegrond is kom uit 1 Thessalonisense 4:

¹⁷en dan sal ons wat nog in die lewe is, saam met hulle as een in die wolke ingedra word na 'n ontmoeting met ons Meester in die lug en op die manier sal ons vir altyd by ons Meester wees.

Daar is geen fout met hierdie teksvers in enige vertaling waarna ek gekyk het nie – selfs die KJV se vertaling bevat al die nodige woorde:

¹⁷Then we which are alive and remain shall be caught up together with them in the clouds, to meet the Lord in the air: and so shall we ever be with the Lord.

Indien enige woorde weggelaat sou wees, moes dit “geheimsinnig” of “privileged” of iets dergliks wees. Wat meeste van hierdie verwarde mense egter nie lees of in die regte verband bring nie, is die vorige vers van 1 Thessalonisense 4:

¹⁶want Hy, ons Meester, sal vanaf die hemel afkom met 'n bevel, met die stem van die hoof boodskapper en met die geklank van die trompet van God en dié wat in Die Gesalfde Een gesterf het, sal eerste opstaan

Weereens het selfs die KJV dit reg:

¹⁶For the Lord himself shall descend from heaven with a shout, with the voice of the archangel, and with the trump of God: and the dead in Christ shall rise first:

Die teks “dié wat in die Gesalfde Een gesterf het” is vir beide fisies dooies en lewendiges. Indien jy gedoop is as gehoorsaamheidsgebaar, is jy ook dood in Die Gesalfde Een. Diégene wat fisies dood is sal eerste bymekaargemaak word (opstaan) en daarna dié wat nog fisies lewe gesamentlik (as een [groep] in vers 17) die wolke ingedra word. God het geen blou-oog kindertjies of gunsteling nie; almal word **saam** kom haal.

Vir diegene van ons wat in die weermag was, weet ons 'n bevel word nie in jou oor gefluister nie. Soortgelyk word 'n trompet, of iets wat soos dit klink, nie in 'n kombes toegedraai alvorens dit geblaas word nie. Hierdie doktrine is dus weereens een van daardie leuens wat al só lank en só goed vertel is, dat mense wat te lui is om self Skrif te bestudeer, dit glo. Ironies dat min mense van Adolf

²⁷ Bray, John L (1982). *The origin of the pre-tribulation rapture teaching*. [Lakeland, Florida](#): John L. Bray Ministry. pp. 24–25.

²⁸ [Blaising, Craig A.](#); [Bock, Darrell L.](#) (November 1993). *Progressive Dispensationalism*. Wheaton, IL: [Bridgepoint Books](#). ISBN 9781441205124.

Hitler hou, moontlik oor een van sy bekende spreekwoorde: “As jy ‘n groot genoeg leuen gereeld genoeg vertel, sal mense dit aanvaar as die waarheid.”

Uitverkiesing

Soos vroeër genoem, het meeste Hervormers goeie, dog onvoltooide, werk gedoen. Johannes Kalvyn van Genève en Ulrich Zwingli van Zürich, kon hulself nie vereenselwig met ‘n God wat in geheel vir elke mens ‘n vrye wil gegee het nie. Hierdie manne was egter nie die eerstes om sulke uitlatings te maak nie. Tydens *Yeshua* se tyd het die Essene, volgens geskiedskrywer *Josephus*, ‘n soortgelyke standpunt gehuldig. Gedurende die middeleeue het Gottschalk van Orbais, Thomas Aquinas en Wilhelm van Ockham soortgelyke standpunte gehuldig.

Rabbi *Sha’ul* leer ons in Romeine 8:

²⁸Ons weet dat, vir hulle wat God lief het, Hy hulle in alles help tot die goeie, vir hulle wat Hy afgesonder het om geroep te word, ²⁹want die wat Hy vooruit geken het, dié het Hy ook vooruit gevorm om te lyk net soos die beeld van Sy Seun sodat Hy die Eersgeborene kan wees onder baie broers ³⁰en die wat Hy vooruit gevorm het, dié het Hy ook geroep en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook onskuldig verklaar en die wat Hy onskuldig verklaar het, aan dié het Hy ook Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gegee.

Alhoewel hierdie teksgedeeltes op die oog af lyk soos uitverkiesing, moet ons mooi kyk na die verband wat hier gemaak word. Eerstens, hulle wat God lief het, volgens Deuteronomium 6:5 is “*met jou hele verstand en wil en met jou hele lewe en met al jou vermoëns*”, alleenlik vir hulle sal God in alles help. As gevolg van hul liefde vir God word hulle dan afgesonder (Levitikus 11:44, 45; 19:2; 20:7, 26; 21:8; Deuteronomium 23:14; 1 Kefa 1:15, 16) en geroep. Dit is dus ‘n wilsbesluit by die mens om tot God afgesonder te word – **gehoorsaamheid**. God ken die einde alreeds vanaf die begin (*Yeshu’ahu* 46:10) en weet wie Hom daadwerklik sal volg en wie nie. Dit is vir hierdie mense wat God “roep, onskuldig verklaar en Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gee”. God het niemand gemaak met die doel om na die ewige verderf te gaan nie. Inteendeel, Hy wil hê niemand moet verlore gaan nie, soos ons sien in een van die bekendste teksverse ooit in *Yochanan* 3:

*¹⁶want op dié manier het God die wêreld liefgehad: só, dat Hy Sy enigste uniekgebore Seun opgegee het sodat elkeen wat in Hom vertrou, **nie verlore sal wees nie**, maar die ewige lewe sal hê.*

Dit word bevestig in 1 *Yochanan* 4:

¹⁰Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en Sy Seun, die Vrypraak en Toedekking van ons sondes, gestuur het.

Ongelukkig dink die meeste mense egter om Sondag in ‘n kerk te sit hul verlossing sal bewerkstellig. Dit is nie wat *Sha’ul* bedoel het met die laaste gedeelte van Philippense 2:12 nie. As dit moontlik was kan ek dalk ook eendag ‘n vliegtuig word as ek lank genoeg by ‘n lughawe deurbring!

God wil hê mense moet Hom aanroep, na Hom toe draai. Soos meeste aardse vaders wil Hy net die beste hê vir Sy kinders, wie Hy self, persoonlik gemaak het en hul name geken het nog voordat hulle gebore is. *Yirmeyahu* 1:

⁵“Voordat Ek jou in die baarmoeder gevorm het, het Ek jou geken en voordat jy gebore is, het Ek jou afgesonder; Ek het jou as ‘n profeet vir die nasies aangestel.”

Dieselfde belofte is op elke mens van toepassing, sonder uitsondering, sonder voorbedagte rade en beslis ook sonder uitverkiesing. God wil vir ons sorg: 2 Korinthiërs 6:

¹⁸en Ek sal vir julle ‘n Vader wees en julle sal vir My seuns en dogters wees,” sê יהוה, wat

almal vashou.”

...en sal ons nie vergeet nie: *Yesha'yahu* 49:

¹⁵*“Kan ’n vrou haar suigeling vergeet en nie omgee vir die seun van haar baarmoeder nie? Selfs hulle kan vergeet, maar Ék sal jou nie vergeet nie!*

Hy gee aan almal ’n regmatige kans: 2 *Kefa* 3:

⁹*יהוה* *vertraag nie die belofte soos sommige dit beskou as vertraging nie, maar Hy is ter wille van julle, daarin geduldig, want Hy wil nie hê dat enige een vernietig moet word nie, maar dat almal hulle sal omdraai na Hom toe.*

Persoonlik het ek ’n kleintjie dood wanneer ek predikers of begrafnisondernemers hoor sê: “Dit het God behaag om van ons weg te neem ons geliefde...” Is dit net die naasbestaendes wat daardie persoon liefgehad het, of God ook? Tipies van enige filosofiese snert, word hierdie woorde sekerlik gebruik wanneer iemand nie regtig weet wat om te sê nie. God behaag Hom nie in enigiemand se dood nie, of om enigiemand “weg te neem” nie, soos ons kan sien uit Skrifgedeeltes hier bo. Skrap asseblief hierdie leuen van uitverkiesing, want dit is weereens iets wat ongegrond is en ’n regverdige God in ’n slegte lig wil plaas.

Dieselfde met die cliché “hy/sy word in die Here se genade gelos”. Dit word soms gebruik met mense se afsterwe, maar ook met iemand wat ernstig siek is. Eerstens, indien daardie persoon nie van Bo af gebore (wedergebore, gered) is nie, is daar geen “genade” waarin daardie persoon gelos kan word nie – nie die “Here” of enigiemand anders s’n nie. Die guns (genade) van God is ’n geskenk wat persoonlik aangeneem, aanvaar, moet word; dit kan nie net gegee word aan iemand wat nie ’n persoonlik verbondsverhouding met God het nie.

Drie wyse manne

Hierdie is ook een van daardie leuens waaraan ek self vir lank meegedoen het. Dit was so wonderlik om die “kersverhaal” vir kinders en ander mense te kan vertel, of selfs uit te beeld met musiek en koorsang, begelei met ’n pyporrel!

“En toe, na ’n lang trek, kom die drie wyse manne daar aan en sien vir Jesus in ’n krip en gee vir Hom drie geskenke.”

Toe die orrel se laaste note uitsterf het almal huistoe gegaan en buite die gebou met mekaar gedeel watter wonderlike ervaring hulle gehad het. Niemand het besef dat die predikant, orrelis, koor en ander deelnemers blatant vir hulle gelieg het nie, behalwe vir die drie geskenke!

Nêrens in Skrif lees ons van drie manne, drie groepe, drie kamele of donkies of enigiets anders nie, maar wél die drie tipes geskenke. Weereens doen ons isogese²⁹ (inleeskunde) en vertel ons van iets wat nie daar is nie. Een persoon kon moontlik al drie geskenke gedra het en die moontlikheid bestaan dat dit eerder een of meer slawe sou wees, aangesien die wyse manne hoogeplaasdes was, mense van aansien; hulle sou nie self die geskenke gedra het nie. Sommige geleerdes beweer dat die hele groep uit ongeveer sestig persone kon bestaan! So het selfs ’n kersliedjie die lig gesien (die woordspeling was bedoel!) van drie konings wat uit die Ooste gekom het en almal sing lekker saam aan die leuen!

²⁹ Die teenoorgestelde is eksegese en hierdie artikel beskryf dit baie goed: <https://www.gotquestions.org/exegesis-eisegeesis.html>

Min mense besef dat die drie tipes geskenke merkwaardige betekenis het van *Yeshua* se lewe op aarde: goud is 'n sinnebeeld van Sy Koningskap en Goddelikheid; wierook, 'n welriekende spesery wanneer dit brand, dui op Sy gewilligheid om die finale offerande te wees, 'n aangename geur voor God; mirre, ook 'n spesery, was gebruik vir balsemwerk en verteenwoordig *Yeshua* se dood, maar omdat dit bitter is, ook simbolies van Sy lyding.

Addendum C het meer inligting rondom stories, onwaarhede, wat mense kwytraak.

Drie nagte en drie dae

Óf *Yeshua* is 'n leuenaar, óf die Skrif, óf die RKK.

Die **RKK** beweer Jesus is Vrydag gekruisig en het Sondagoggend opgestaan. Hulle hou selfs 'n diens wat teen sonop begin, om die groot gebeurtenis te "vier". Volgens die Douay-Rheims-vertaling (DRC), wat die norm is van die RKK, lees ons in *Mattityahu 28*:

¹AND in the end of the sabbath, when it began to dawn towards the first day of the week, came Mary Magdalen and the other Mary, to see the sepulchre.

Die **Skrif** is baie duidelik in *Mattityahu 28*:

¹Teen die aand van die Shabbat, toe die eerste dag van die week begin aanbreek, kom Miryam van Migdala en die ander Miryam om na die graf te kyk. ²Let op, daar was 'n groot aardbewing, want 'n boodskapper van יהרהר het uit die hemel afgekom en die steen van die ingang af weggerol en daarop gaan sit. ³Sy voorkoms was soos weerlig en sy klere so wit soos sneeu. ⁴As gevolg van vrees vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword, ⁵maar die boodskapper sê vir die vroue: "Moenie bang wees nie, want ek weet julle soek Yeshua wat gekruisig is. ⁶Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan net soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar ons Meester gelê het ⁷en gaan vinnig, sê vir Sy studentevolginge: 'Hy het opgestaan uit die dood en gaan voor julle uit na die Galila. Daar sal julle Hom sien.' Let op, ek het vir julle gesê." ⁸Hulle het dadelik weggegaan van die graf af, bang en met groot blydskap en gehardloop om dit aan Sy studentevolginge te vertel.

Yeshua het ons geleer in *Mattityahu 12*:

³⁹Hy antwoord hulle egter en sê: "n Slegte en hoererende geslag soek na 'n teken en geen teken sal aan dié gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Yonah, ⁴⁰want net soos Yonah drie nagte en drie dae in die maag van die vis was, net só sal die Seun van die mens drie nagte en drie dae in die middel van die aarde wees.

Terloops, nou dat sy naam genoem word: *Yonah* is nie deur 'n walvis ingesluk nie, want die keelgat is te klein. Dit moes 'n heel ander tipe vis gewees het, moontlik iets wat God spesifiek vir daardie doel geskep het. Hier verdrink nóg 'n leuen!

Terug na die feite van die opstanding:

- ☞ die twee vrouens het teen die einde van *Shabbat*, net na sononder, "teen die aand", by die graf gekom en nie "began to dawn" – vroegoggend – soos die DRC dit weergee nie;
- ☞ Vrydag tot Sondag is maksimum twee dae en twee nagte, indien *Yeshua* wél eers Sondagoggend opgestaan het, anders sou dit minder wees;
- ☞ *Yeshua* se woorde was "drie nagte en drie dae" – eers die nag, dan die dag. Hy moes dus aan die einde van die dag opgestaan het en nie vroegoggend nie, dus aan die einde van *Shabbat*, die Saterdag met sonsondergang, anders sou dit 'n ekstra nag beteken.

Wanneer ons dit terugwerk, kom ons uit by die kruisiging op Woensdag, dag vier, om drie nagte en

drie dae te gee. Volgens Skrif sou dit wees op *Pesach*, wat val op die 14de dag van die eerste maand, of *Nisan*, soos die volk tydens hul ballingskap verkies het om name aan maande te gee. Skrif leer ons dat die lam, wat voorberei moes word vir *Pesach*, vanaf die 10de dag tot en met sy slagting sorgvuldig deursoek moes word vir enige gebreke. Ons leer ook dat *Yeshua* ses dae voor *Pesach* by vriende gekuier het buite *Y'rushalayim*: *Yochanan* 12:

¹Ses dae voor die Pesag het Yeshua na Beit-Anyah gegaan waar El'azar, wat dood was en wat Yeshua uit die dood uit laat ontstaan het, was.

Die volgende dag is Hy op 'n donkie die stad in terwyl baie mense uitskreeu van blydschap: *Yochanan* 12:

¹²Die volgende dag het baie feesgangers, toe hulle hoor dat Yeshua na Yerushalayim kom, ¹³palmtakke gevat en uitgegaan om Hom te ontmoet en uitgeroep: "Red ons nou! Geseënd is Hy wat kom in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה, die Koning van Yisra'el." ¹⁴Yeshua het 'n donkie gekry en daarop gaan sit, soos geskrywe is: ¹⁵"Moenie bang wees nie, dogter van Tziyon! Let op, jou Koning kom na jou toe en Hy ry op die vul van 'n donkie."

Yeshua en Sy studentevolgelinge het die afgelope paar dae bykans 100 kilometer te voet afgelê. Nou, vlak voor een van die ingange na *Y'rushalayim*, wil Hy skielik op 'n donkie klim! Hy kon mos maar ingeloopt het ook. Hierdie is egter 'n vervulling van die profesie in *Z'kharyah* 9:

⁹Swaai in die rondte van vreugde, oorvloediglik, o dogter van Tziyon! Skreeu dit uit, o dogter van Yerushalayim! Let op, jou Koning kom na jou toe; Hy is regverdig en toegerus met verlossing, nederig en ry op 'n donkie, op 'n jong donkie, die vul van 'n donkie.

Dit was dus die vyfde dag voor *Pesach*, die 9de *Nisan*. Vanaf die volgende dag, die 10de, het Hy verskeie plekke besoek waar Hy leringe gegee het. Mense kon Hom uitvra (ondersoek vir "foute"?), maar die owerhede, Fariseërs en mede-volksgenote het begin om planne te maak om Hom dood te maak. Net soos die lam wat met *Pesach* geslag is vanaf die 10de ondersoek is, het *Yeshua* in die kollig gekom. Die nag voor Sy dood was Hy ses keer onwettiglik verhoor en alhoewel Hy deur die Romeinse regstelsel onskuldig bevind is, het die Joodse owerhede deur *Hanan* (Annas), *Kayafa* en die *Sanhedrin* Hom "skuldig" bevind. Die volgende oggend teen die derde uur, dit is 09:00 soos ons dit ken, is *Yeshua* aan 'n folterpaal opgehang. Dit is ook dieselfde tyd wat die oggend brandoffer gebring is. Ses ure later, teen die negende uur, het *Yeshua* uitgeroep "*Nigmar!* – dit is afgehandel!" Hy het gedoen waarvoor Hy gekom het en Sy laaste asem uitgeblaas op dieselfde tyd as wat die paaslam geslag sou word. Derhalwe het *Yeshua* hierdie profesie tot op die minuut volbring. Hy het ook die teken, soos vooraf deur *Yonah* gegee, perfek volbring – drie volle nagte en drie volle dae – vanaf die nag van dag vier tot net voor die begin van die nuwe week, aan die einde van *Shabbat*. Loof *Yah*!

Kerkmusiek

Een van die maniere wat ons het om God te loof is met musiek. Ons lees in Psalm 98:

⁴Roep uit van vreugde tot יהוה die hele aarde; juig, jubel, sing en maak musiek!

Die psalmdigter stel dit baie duidelik dat daar geen fluisteringe moet wees nie. Dieselfde man wat Saterdagmiddag op Nuweland sy lange uitskreeu vir "Province!" kan nie Sondagoggend in die kerk sy mond oopmaak om God te prys met lofsang nie! Ek het as orrelis baie vyande gemaak want ek het maklik opgestaan en die gemeente aangespreek wanneer hulle "loof en prys" asof dit 'n begrafnis is.

As musikant het ek dit later van tyd baie moeilik gevind om sekere vorms van musiek in die kerk te kon speel. Aanvanklik het ek geen probleem gehad nie, want ek was nie aktief betrokke by enige sekulêre groepe nie en die musiek vir lofprysing en aanbidding het daarvoor opgemaak.

Daar het egter geleidelik klein vraagtekens begin ontstaan rondom sekere musiek en die vraagtekens het groter begin word namate tyd aangestap het. Ek het ernstig navorsing begin doen rondom verskeie aspekte van kerkmusiek en baie antwoorde gekry, ook uit vreemde oorde. Uiteraard het ek al die antwoorde, veral laasgenoemde, vergelyk met Skrif en kon geen fout daarmee vind nie.

Nadat my vrou en ek die hoofstroom Gereformeerde, Pinkster- en Charismatiese kerke vaarwel toegeroep het en by hierdie “besadigde” nie-denominasionele groep beland het, het die prediker en verskeie lidmate bevestig presies wat ek alreeds nagevors en Vader my van oortuig het. Enige vorm van dromme (of tromme) moet uitgeskakel word.

Daar is genoeg bewyse in Skrif van verskeie musiekinstrumente, maar geen melding word gemaak van die drom (trom) nie. Die instrument naaste daaraan is die tamboeryn en het van daardie tyd af tot nou toe nie veel verander nie. Die vel wat oor die tamboeryn gespan word verander dit nie in ‘n drom nie, maar help slegs met akoestiek en klankversterking. Die ander slaginstrument in Skrif is die simbaal wat 10 keer buite Psalms genoem word en slegs twee verwysings het in Psalm 150! Kastanjette word slegs eenkeer genoem by 2 *Sh’mu’el* 6:5 en dit was nie vir ‘n bulgeveg nie. Alle ander instrumente is snaar- of blaasinstrumente en dan die mens se stem.

Navorsing het aangedui dat dromme gebruik is met oorlogvoering. Ná veldslae het ‘n paar aangewese persone die groepe soldate terug begelei na hul blyplekke. Verskeie slae en ritmes op die dromme het aangedui of die oorlog suksesvol was, aldan nie en die vroue van die soldate kon dan die nodige voorbereiding tref – al die verbande en pleisters uithaal of vreugdevure aansteek. Dromme is ook gebruik om boodskappe van een groep mense na ‘n ander te stuur, soortgelyk aan morsekode. Laastens is dromme gebruik deur heidennasies om demoniese magte op te roep – iets wat steeds gebeur en aan die toeneem is. Volke wat voodoo beoefen het briljante drommers. Dit klink egter nie vir my na die manier waarop ek my Skepper wil prys nie!

Klassieke (ernstige) musiek bly steeds baie gewild by baie mense en bevat meestal geen dromme nie, behalwe vir die timpani’s (keteltromme) wat gewoonlik ingestem word vir spesifieke note en dan gebruik word ter aanvulling van die musiek – nie as ritme, soos in moderne sekulêre musiek nie. Luister gerus na Tchaikovsky se “1812 Overture”. Die ritme van sekulêre musiek is meeste van die tyd in elk geval harder as dié van ander instrumente wat dit soms moeilik maak om die melodielyn te kan hoor! Ons vind ook by klassieke musiek dat die musikante meeste van die tyd baie kuis aangetrek is – iets wat nie gesê kan word van moderne musiek nie. Ongelukkig het dieselfde tendens ook oorgewaai na kerke, waar musiekleiers en voorsangers dieselfde klere aantrek as na ‘n sokkie – geskeurde, noupassende langbroeke wat niks los vir ‘n mens se verbeelding nie en damesbloese waarvan die halslyn só laag is dat jy die naelringetjie kan sien. Mense het nie meer skaamte vir hulself nie, dus is dit moeilik om skaamte vir God te hê.

Ten spyte van wat enigiemand mag sê, hou ek daarby dat lofprysingsmusiek hoofsaaklik uit sang en akoestiese instrumente moet bestaan en beslis geen dromme nie. Dit behoort ook nie noodwendig eentonig of basies te wees nie, want dromme dra nie by tot musiek se aantrekking nie. Ek wil ook nie musiek maak om God te prys waar die teëstander net so welkom voel en in die voorste ry gaan sit nie.

Ek wonder soms uit watter koerant het Jan de Wet die lirieke gekry vir sy kinderliedjie “Loof Hom met die tromme...” – dit was definitief nie uit Skrif nie, want die “Hom” wat ek ken word nie daarmee geloof nie!

Bedelings

Oor hierdie onderwerp wil ek my nie baie uitlaat nie, behalwe om te sê dat ek in geheel daarteen gekant is.

Ek beskou bedelings amper soos die foefie van wegraping, veral ook omdat mense soos Darby daarby betrokke was en alreeds die eerste op onderstaande lys verwerp. Volgens een bedelingsleer is daar sewe bedelings:

- ☞ Onskuld (Genesis 1:1-3:7)
- ☞ Gewete (Genesis 3:8-8:22)
- ☞ Regering (Genesis 9:1-11:32)
- ☞ Stamvaders (Genesis 12:1 – Eksodus 19:25)
- ☞ Mosaïese wette (Eksodus 20:1 – Handeling 2:4)
- ☞ Genade (Handeling 2:5 – Openbaring 20:3)
- ☞ Millennium (Openbaring 20:4-20:6)

Soos met alle ander dinge is daar egter ook verskille oor sewe of vier en die debatte hou nie op nie.

My eerste klip wat ek teen hierdie gedagtegang gooi raak punt 6. Tot en met die uitstorting van *Ruach haQodesh* het ons klaarblyklik met 'n God saamgeleef wat geen genade betoon het nie. Wat ek verstaan van aanhangers van hierdie leer is dat Hy daardie tipiese ou suurknol was wat reggesit het met 'n karwats om jou te raps die oomblik wanneer jy uit lyn gaan. Tog lees ons in Genesis 6:

⁸*Noag het egter guns gevind in die oë van יהוה.*

'n Kort versie wat lank voor Handeling 2 aanmekaargesit is vertel ons 'n heel ander storie – intendeel, dit vertel ons die waarheid! God is 'n omgee-God, 'n liefdevolle God en terwyl die millennium wél iets is waarvan Openbaring ons leer en iets waarna almal van ons uitsien, beskou ek die hele Skrif as God se handleiding vir die mens, 'n geskiedenisjoernaal en God se liefdesverklaring vir mense wat Hom gehoorsaam. Guns het begin saam met die Skepping en nie net skielik ontstaan in Handeling 2 nie.

Die tweede en, vir nou, die laaste klip is dat Mosaïese wette nie verval het nie. Sommige mag dalk nie van toepassing wees nie, soos vroeër bespreek, maar dit vorm steeds die basis waarop *Yeshua* voortgebou het.

My raad aan gelowiges is om die bedelingsleer, soos die uitverkiesingsleer en enigiets wat nie Skriftuurlik is nie, uit te spoeg, want dit laat 'n slegte smaak in die mond. Bestudeer self Skrif en beweeg weg van enige filosofiese denkwyses. Leer om te dink met 'n Hebreeuse uitsig en verstaan Skrif soos God dit vir ons gegee het en bly weg van daardie manne met hul blink pakke...

Ter Afsluiting

Daar kan baie meer oor al hierdie leuens geskryf word, maar ek wil graag dat elke persoon wat hierdie gelees het nadink oor die feite sonder om 'n hele verhandeling te moet bestudeer. Ons sal nooit van leuens ontslae wees nie, maar ons kan beperk wat ons oordra. Onthou net een ding: 'n leuen maak jou nie spesiaal nie! Inteendeel, uit ondervinding het ek agtergekom dat mense jou met minagting bejeën wanneer hulle jou leuens ontdek.

Een van die belangrikste aspekte is om nie te maak soos “ander volke” nie: Deuteronomium 12:

³⁰let op dat jy nie in die strik val om hulle te volg nadat hulle voor jou uit vernietig is nie en dat jy nie na hulle gode vra en sê: ‘Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien sodat ek dit ook so kan doen?’ nie. ³¹Jy mag dit nie doen aan יהוה, jou God, nie, want alles wat vir יהוה verwerplik is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen, want hulle het selfs hulle seuns en hulle dogters in die vuur verbrand vir hulle gode. ³²Wat ek julle ook al beveel, dit moet julle doen; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van wegvat nie.

Let wel: in sommige vertalings mag vers 32 hoofstuk 13 vers 1 wees

Moenie dat jou kinders leuens uit jou mond hoor rondom sinterklaas, klaasvakie, die paashaas, tandemuis of Engelse “tooth fairy” of enige ander mitologiese karakters nie. Inteendeel, daar bestaan geen feëtjies of kabouters nie en enige normale kind behoort dit te weet van kleins af. Wanneer jou kind uitvind jy het vir hom of haar oor “nietighede” soos hier bo gelieg, gaan jou geloofwaardigheid op elke ander vlak in twyfel getrek word. Hulle mag jou dan nie glo wanneer jy vir hulle die waarheid rondom *Yeshua* vertel nie...

Beweeg weg van allerhande bygelowe soos swart katte, loop onderdeur 'n leer, om wense te maak wanneer jy kerse op 'n verjaardagkoek doodblaas of geld in 'n fontein gooi, goeie geluk met 'n haaspootjie of die optel van 'n muntstuk, slegte geluk wanneer jy 'n spieël breek, “knock on wood” om slegte geluk af te weer, om 'n wens te maak met 'n hoender se “wensbeentjie”, om jou vingers te kruis vir “goeie geluk” of die hoop dat iets waar sal word, 'n sambreel binnenshuis oop te maak, Vrydag die 13de, die gebruik van 'n perdeskoen vir geluk of ongeluk en 'n magdom ander dom-onnosel dinge wat mense deur die jare bymeekaarmaak. Dit sluit ook in al die Grimm-stories en ander waar 'n wolf 'n meisie met 'n rooi baadjie jaag, vang en later oopgesny moet word om haar te red, of drie varkies wat huise bou. Vertel jou kind eerder in elke opsig die waarheid, verkieslik deur 'n verhaal uit Skrif of iets uit jou eie kinderdae.

Laat ons wegbeweeg van al hierdie wêreldse dinge, leuens, bygelowe en vashou aan die Woord van God. Laat ons lewe soos *Yeshua* geleef het, soos Hy vir ons die voorbeeld gestel het: toegespits op wat God van ons verlang, nie mense nie. Jy gaan moontlik vriende verloor, familie gaan jou wil onteien, maar om deel van die Koninkryk van God te wees is ver bo enigiets hier op aarde.

Christendom het gefaal deurdat hulle nie die wet van *Mosheh* nagekom het nie; selfs *Yeshua* het dit gedoen! Hou in gedagte dat *Yeshua* en Sy studentevolginge Jode was, nie Christene nie.

Hoe wil God hê ons moet leef?

- ☞ 2 Yochanan 1: *⁴Ek was baie bly toe ek van jou kinders gekry het wat in **waarheid** leef, volgens die opdrag wat ons van die Vader gekry het*
- ☞ Y'hoshua [Joshua] 22: *⁵Wees net baie versigtig om die opdragte en die wet, wat Mosheh, die kneg van יהוה, julle beveel het, te onderhou, om יהוה, julle God, lief te hê en in **al** Sy paaie te loop en Sy **opdragte** te onderhou en aan Hom vas te hou en Hom te dien met julle hele verstand, wil en emosie en met julle hele gees.”*
- ☞ Kolossense 3: *²Word gevoed deur die dinge wat daarbo is, nie met dit wat op die aarde*

is nie,

☞ Psalm 51: ¹⁶want U begeer nie offers nie, anders sou ek dit gee; U het geen behae in brandoffers nie. ¹⁷Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en stukkende binneste sal U, o God, nie verag nie!

Let wel: in sommige vertalings mag hierdie verse 18 en 19 wees

☞ 1 Sh'mu'el 15: ²²Sh'mu'el het gesê: "Het יהוה soveel behae in brandoffers en slagoffers soos in **gehoorsaamheid** aan die stem van יהוה? Let op, om **gehoorsaam** te wees is beter as offers; om te luister beter as die vet van ramme,

Laastens, 1 Yochanan 2:

³Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy opdragte uitvoer. ⁴Hy wat sê: 'Ek ken Hom' en Sy opdragte nie uitvoer nie, is 'n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie, ⁵maar wie ook al Sy woorde **voortdurend** uitvoer, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword, want hieraan weet ons dat ons in Hom is: ⁶hy wat sê dat hy **voortdurend** in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te **leef** soos wat Hy geleef het.

Wat bly dan nou oor en wat staan my te doen? Indien jou doktrine verskil van *Torah*, verander jou doktrine, want jy kan nie *Torah* verander nie. God soek nie jou Christenskap nie, ook nie Judaïsme, of 'n Messiaanse gelowige nie; Hy soek jou **gehoorsaamheid** soos ons sien in *Yochanan* 3:

³⁶*Wie ook al in die Seun **vertrou**, het die ewige lewe en wie ook al die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die woede van God sal teen hom staan."*

Hein Zentgraf
12 Kislev 5779
20 November 2018
hein@zentgraf.org

Hierdie artikel is ook in Engels beskikbaar.

Bronnelys:

<https://www.bibletools.org/index.cfm/fuseaction/Library.sr/CT/BQA/k/143/Was-God-Tired.htm>

<https://spokanefav.com/ask-a-jew-how-can-god-be-refreshed-when-god-is-the-all-powerful-creator-of-all-existence/>

<https://rcg.org/books/ttagc.html>

https://hebrew4christians.com/Scripture/Torah/Ten_Cmds/ten_cmds.html

<https://www.themessianictorahobserver.org/2018/03/09/torah-portions-body-christ-messiah/>

<https://www.thesacredcalendar.com/>

<https://www.bibleprophecyblog.com/>

<https://www.biblehub.com/>

<https://www.ucg.org/bible-study-tools/booklets/is-god-a-trinity/what-about-passages-that-prove-the-trinity>

<https://thetorah.com/when-does-counting-the-omer-begin/>

http://www.albatrus.org/english/church-order/worship/drums_suitable_worship_god.htm

NIV Faith Life Study Bible, Zondervan, Grand Rapids, MI

The Pilgrim Church, EH Broadbent, Gospel Folio Press, Grand Rapids, MI, ISBN 1-882701-53-4

The Names of God, Marilyn Hickey, Whittaker House, New Kensington, PA, ISBN 978-1-60374-086-9

Afrikaanse 1933/1953 vertaling, elektroniese weergawe

PWL, elektroniese weergawe

KJV 1611/1769 with Strong's numbers, elektroniese weergawe

DRC, translated from the Latin Vulgate, elektroniese weergawe

Complete Jewish Bible (CJB) is beskikbaar by gewone en aanlyn boekwinkels of as elektroniese weergawe by: <https://www.thewordbooks.com/index.php/product/complete-jewish-bible/>

Addendum A

Hierdie vergelykende kalender begin by die jaar soos deur God ingestel in Eksodus 12:2 en verwys na die Hebreeuse jare 5778/5779 en die sekulêre jare 2018/2019 vanaf 1 Nisan 5778/17 Maart 2018. Dit toon aan dat God se kalender vaste reëls het, terwyl die sekulêre (heidense, Gregoriese) kalender moet skarrel om tred te hou met wat deur die mens ingestel is en gereeld verander word. Kyk gerus ook na elke verwysing om te bepaal hoe God se kalender ritmies in 'n tydkring loop, volgens oeste van gewasse. Die woord “*Netzarim*” (נְצַרִים) – nê-tsa-riem) wat hier gebruik word, is die versamelnaam van mense wat God en *Yeshua* volg volgens die Skrif, soos *Yeshua* ons deur Sy studentevolgelinge kom leer het. Daar is niks vreemds omtrent hierdie woord nie en dit is reeds gebruik in die tyd terwyl *Yeshua* op aarde was; *Natzeréner*, iemand wat uit *Natzeret* [Nasaret] kom. Uiteraard, deur spelling en klanke, is daar verskeie verbuigings van hierdie woord, maar ek sal volstaan met hierdie spelling. Addendum C het ook nog inligting. Soos vroeër genoem, is dit hartseer dat mense etikette moet gebruik om te wys (of bewys) wat hul geloof of lewenswyse is. Derhalwe word *Netzarim* slegs hier gebruik om die pad aan te dui wat *Yeshua* ons kom leer het en te onderskei van Christene en Ortodokse Judaïsme. Ek hoop vir jou onthalwe dat jy alreeds op daardie pad is.

Fees/vakansiedag	Gevier deur	Ingestel deur	Hebreeuse datum	Sekulêre datum
Menseregtedag	Belangstellendes	RSA regering	5 Nisan ^A	21 Maart ^C
Goeie Vrydag	Christene	RKK	14 Nisan ^{A, B}	30 Maart ^{A, B}
<i>Pesach</i> (3 feeste)	<i>Netzarim</i> , Jode	God	15-21 Nisan	31 Maart-6 April ^B
Vryheidsdag	Belangstellendes	RSA regering	12 Iyar ^A	27 April ^C
Werkersdag	Belangstellendes	Kommuniste	16 Iyar ^A	1 Mei ^C
<i>Shavu'ot</i>	<i>Netzarim</i> , Jode	God	6 Sivan	20 Mei ^B
Pinkster	Christene	RKK	6 Sivan ^{A, B}	20 Mei ^{A, B, D}
Vrouedag	Belangstellendes	RSA regering	28 Av ^A	9 Augustus ^C
<i>Yom T'ruah</i>	<i>Netzarim</i> , Jode	God	1-2 Tishrei	10-11 September ^B
<i>Yom Kippur</i>	<i>Netzarim</i> , Jode	God	10 Tishrei	19 September ^B
<i>Suqot</i>	<i>Netzarim</i> , Jode	God	15-22 Tishrei	24 September-1 Oktober ^B
Erfenisdag	Belangstellendes	RSA regering	15 Tishrei ^A	24 September ^C
<i>Chanukah</i> ^E	Jode, Belangstellendes	Jode	25 Kislev-2 Tevet	2-9 Desember ^B
Dag van versoening	Belangstellendes	RSA regering	8 Tevet ^A	16 Desember ^C
Kersfees	Christene	RKK	17 Tevet ^A	25 Desember
Welwillendheidsdag	Belangstellendes	RKK, Regering	18 Tevet ^A	26 Desember ^C
Nuwejaarsdag	Belangstellendes	Babiloniërs	24 Tevet ^A	1 Januarie ^C
<i>Purim</i> ^F	Jode, Belangstellendes	Jode	14-15 Adar	21-22Maart 2019 ^B

^A Verander elke jaar op Hebreeuse kalender.

^B Verander elke jaar op sekulêre kalender.

^C Ekstra vakansiedag (Maandag) word bygevoeg indien dit op Sondag val.

^D Pinkster word bepaal deur “goeie Vrydag”. Hierdie jaar het dit saamgeval, maar is baie uitsonderlik.

^E 'n Toewydingsfees ingestel ter herinnering aan die hertoewyding van die tempel in *Y'rushalayim* in 165vY toe 'n groep Jode rebelleer het teen *Antiochus*, 'n Siriese koning wat die Jode wou vergrieks. 'n Joodse priester, *Mattityahu*, en sy vyf seuns het teen die stelsel rebelleer en vir ongeveer twee jaar baklei teen die Siriërs. Die een seun, *Yehuda*, het bekendgestaan as *Yehuda haMakabi* (Juda die hamer) en die naam Makabeërs het hieruit ontstaan. Twee kanonieke boek, Makabeërs 1 en 2 is op verskeie webwerwe beskikbaar en bevat baie interessante inligting. 'n Ander leuen, hierdie keer nie van die kerk nie, het ook uit hierdie gebeurtenis ontstaan. Ten spyte daarvan dat meeste mense weet dit is nie waar nie, word die storie elke jaar met die viering van *Chanukah* oortel. Na bewering sou dit agt dae neem om nuwe olie, soos per instruksies volgens *Torah*, te maak om die

lampstaander se lampe te laat brand,. Daar was egter net genoeg olie vir een dag, maar die lampe het vir agt dae gebrand totdat die nuwe olie gebring is. Derhalwe is 'n agt-dag fees deur Juda die hamer ingestel om die "wonderwerk" te herdenk. Dit is egter nie die werklike verhaal nie en hierdie skrywe is nie die platform om dit verder te verduidelik nie. Lesers mag gerus versoek om die werklike weergawe per e-pos te ontvang of dit self navors. Saam met hierdie fees gaan ook 'n speelding, *dreidel* in *Yiddish*, of *sevivon* in Hebreeus. Dit is 'n viersydige tol van hout of plastiek wat vinnig gedraai word deur elke deelnemer. Op elke kant is 'n verskillende Hebreeuse letter wat die akroniem is vir "groot wonderwerk (het) hier plaasgevind". Gewoonlik speel kinders die speletjie en ruil dan sjokolademunte uit. Buite die land van *Yisra'el* word die woord "hier" vervang met "daar". Die fees het vroeër ook bekendgestaan as die Fees van Ligte.³⁰

F *Purim* is ingestel om die oorwinning or hul vyande te herdenk waartydens koningin *Esther* haar man, koning *Achasverosh* [Ahasvéros], oortuig het van die slinkse plan van *Haman* om al die Jode uit te moor. Die volledige boek van *Esther* word tydens hierdie twee dae gelees en elke keer wanneer *Haman* se naam genoem word, skreeu die deelnemers aan die fees snedige aanmerkings, maak geraas met hout raspels (ratels), stamp hul voete en dies meer om *Haman* se nagedagtenis te verkleineer. Dit is gewoonlik 'n baie plesierige en kleurvolle fees, maar gaan soms gepaard met guitighede wat nie noodwendig Skriftuurlik is nie. Hierdie fees staan ook bekend as die Fees van Lootjies.

³⁰ Epstein, Baruch. ["All's Well – When it Ends"](#).

Addendum B

Die Afrikaanse Apostoliese Geloofsbelydenis.

Terwyl daar sekerlik niks mee verkeerd is om 'n geloofsbelydenis te hê nie, is dit egter belangrik dat daardie belydenis getrou is aan die feite wat dit sou voorstel. Wanneer iemand jou in die straat of 'n winkelsentrum sou stop en vra dat jy kortliks moet verduidelik hoe en wat jy glo, is só 'n geloofsbelydenis van onskatbare waarde, mits alles daarin waar is en uit Skrif bewys kan word.

Soos gesien in die hoofstuk oor die negende leuen, die drie-eenheid, is hierdie belydenis klaarblyklik 'n samestelling van stellings wat die studentevolginge van *Yeshua* sou maak. Hetsy net oorlewering of waarheid, verander dit geensins aan die teks wat baie van ons geleer of dalk slegs gehoor het iewers in ons vroeëre lewe nie.

Daar is verskeie belydenisse opgestel, waarvan die bekendste die Apostoliese belydenis is. Die ander, toegeskryf aan maar nie opgestel deur *Athanasius* (293-373) nie, is minder bekend en die belydenis van *Nicaea*, die meer bekende van hierdie twee, word soms in sekere kerke gebruik. Hierdie belydenis is opgestel in samewerking met Konstantyn I om "sekere kettery, veral Arianisme" te bestry.

Arianisme is die teologie dat *Yeshua* nie een in wese is met God-die-Skepper nie – presies die jarelange leuen wat hoofstuk nege bestry. Hierdie uitlating en oortuigings is gemaak deur 'n priester van Alexandrië, *Arius*, wat in 336nY oorlede is. Die byvoeglike naamwoord is "*Arian*" en word as volg beskryf³¹:

1530s, pertaining to the doctrines of Arius, priest in Alexandria early 4c., who posed the question of Christ's nature in terms which appeared to debase the Savior's relation to God (denial of consubstantiation). Besides taking an abstract view of Christ's nature, he reaffirmed man's capacity for perfection. The dissent was widespread and split the Church for about a century during a crucial time.

Laat ons die mees bekende geloofsbelydenis ontleed en sien waar die vroeëre kerkvaders die pot gemis het. Vir duidelikheid plaas ek rooi regmerke by Skriftuurlike waarhede en 'n verwysende karakter by stellings wat nie in Skrif gevind word nie, wat dan onder hierdie teks bespreek sal word. Die letter "l, i" is doelbewus uitgelaat:

Ek glo in God die Vader[☑], die Almagtige[☑], die Skepper van hemel en aarde[☑],
En in Jesus Christus^A, sy eniggebore Seun[☑], ons Here^B;
wat ontvang is van die Heilige Gees[☑], gebore is uit die maagd Maria[☑];
wat gely het onder Pontius *Pilatus*^C, gekruisig is[☑], gesterf het en begrawe is[☑] en ter helle neergedaal het (neergedaal het na die hel)^D;
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode^E;
wat opgevaar het na die hemel[☑] en sit aan die regterhand van God[☑], die almagtige Vader[☑];
van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe, en die wat reeds gesterf het[☑].
Ek glo in die Heilige Gees^F;
ek glo aan 'n heilige^G, algemene Christelike kerk^H;
die gemeenskap van die heiliges^J,
die vergewing van sondes^K,
die opstanding van die vlees^L en in 'n ewige lewe[☑].^M

³¹ Online Etymology Dictionary, © 2010 Douglas Harper

- A** Dubbelsinnig gestel, maar laat ons dit voorlopig aanvaar. *Hasatan* glo ook in *Yeshua*...
- B** Meester is 'n baie beter en meer beskrywende woord. Ons moet ook dan onthou dat "Here" nie van toepassing kan wees op God-die-Vader nie.
- C** Totaal van die spoor af. *Yeshua* het inderdaad gely, maar nie onder "Pontius" *Pilatus* nie – Pontius beteken gewoon "goewerneur" en hoef eerstens nie 'n hoofletter te wees nie. Sien die laaste paragraaf by "Ter Verduideliking" op bladsy 1. Inteendeel, dit was die man wat probeer het om Hom los te laat! Selfs sy vrou het 'n visioen van God gekry om te sê haar man moet homself onttrek van die saak. *Yeshua* het gely onder jou en my, onder mede-landgenote, onder Sy eie mense, Fariseërs en dies meer. Die Romeine kon hulle eintlik min skeel aan wat met Hom gebeur aldan nie – hulle wou net nie 'n opstand hê nie.
- D** Die deel in hakies is by die oorspronklik ingevoeg en is slegs 'n sinsverbuiging. Waar is die hel? Behalwe die dorpie in die Karoo, moet die "hel" nog geskep word. Dit is die plek waarvan ons lees in Openbaring 20:
- ¹⁰*Die valse aanklaer, hulle misleier, is in die meer van vuur en swael gegooi, waarin die dier en die vals profete is en hulle sal dag en nag gepynig word, vir tydlose ewigheid.*

Die ergste kom nog in Openbaring 20:

¹⁴*Toe is die dood en Sh'ol in die meer van vuur gegooi. Hierdie is die tweede dood.*

Yeshua het nie neergedaal na die hel nie; Hy het nie, soos ek al sommige predikers hoor sê "die sleutels van die hel by *hasatan* gaan steel" nie. "Hel" is die finale, tweede dood vir hulle wat nie wil leef soos Vader ons in Sy Woord leer nie, ja selfs vir jou wat hierdie lees en nog steeds glo die wet is weggevat en jy hoef nie *Shabbat* en God se feeste te vier nie. Dit is waar jy gaan opeindig en jy sal nie *Yeshua* daar sien nie, net *hasatan* en sy trawante.

E *Yeshua* het, soos ons gesien het by die Twaalfde Leuen: Drie Nagte en Drie Dae, aan die **einde** van die derde dag opgestaan, nie op die Sondag, dag een nie en ook nie op enige ander tyd gedurende die derde dag nie. Die woordjie "weer" is misleidend. Het *Yeshua* al vantevore uit die dood opgestaan?

F Hier wil ek nie noodwendig krities wees nie, maar mens kan nie eintlik "glo in die Heilige Gees" nie. Jy kan wél glo in die bestaan of die werking van die Heilige Gees, veral na wat ons gesien gebeur het in Handeling 2 toe *Ruach haQodesh* uitgestort is. Hierdie is moontlik later bygevoeg omdat daar nie veel van *Ruach haQodesh* gesê is by ander dele van die belydenis nie.

G Hierdie is erg debatteerbaar. "Heilig", eintlik afgesonder, is net iets wat 'n persoon kan wees wat werklik 'n pad loop met God. Geen "kerk" kan heilig wees nie aangesien dit slegs 'n groep gelowiges is. Indien jy een sandkorreltjie in 'n glas water gooi, het jy nie meer suiwer water nie. Waar slegs een persoon nie 'n afgesonderde lewe beoefen nie, is die hele liggaam siek. *Sha'ul* sê vir ons in 1 Korinthiërs 12:

²⁶*Nou, as een ledemaat ly, sal almal die pyn deel en as een ledemaat hom verheug, verheug al die ledemate hulle saam*

Ons strewe is dus om te verseker dat elkeen leef soos *Yeshua* die voorbeeld vir ons gestel het. Ons moet in harmonie met mekaar wees en ook bereid wees om raad te gee sowel as kritiek te kan aanvaar.

H Daar is niks mee verkeerd om saam met 'n groep mense dieselfde belange te hê en dieselfde vooruitsigte na te streef nie. Wat egter in hierdie gedeelte bedoel word, is om mense te kry wat die doktrine van die "kerk" – leier of groep se doktrines – te aanvaar. Algemeen = katoliek soos ons vroeër gesien het. Vir my persoonlik beteken algemeen ook iets wat elkander persoon doen en dit is nie noodwendig wat God behaag nie. Dit is byna asof jy nie jou eie besluit mag maak nie en dit is ongelukkig waar die RKK vandag staan – geen persoon is meer sy eie baas nie.

J Soortgelyk aan **G** hier bo, is "heiliges" of afgesonderdes 'n term wat slegs bepaal kan word deur die

persoon van wie gepraat word. Niemand is enigsins beter as iemand anders nie en ons mag nooit neersien op ander mense nie. Ons moet egter, soos met die manne met die blink pakke, uiters onderskeidend wees om te sien dat geen valshede teenwoordig is of ingesleep word nie.

K Die Pous het elke katolieke priester *carte blanche* gegee om links en regs sonde te vergewe, mits die persoon werklik berouvol lyk of klink, die kerkkoffers aanvul en tien “hail Mary’s” opsê – of dalk tien bloody Mary’s drink! Slegs God vergewe sonde en slegs wanneer ons dit berouvol bely in die Naam van *Yeshua*.

L Ek wil graag hê dat iemand aan my verduidelik hoe ‘n liggaam wat in ‘n graf geplaas is en ontbind het, as vlees kan opstaan. Wanneer ons saam met *Yeshua* die Ewigheid ingaan, sal ons goddelike, verheerlikte liggame hê, onverganklik, volgens Filippense 3:

²¹want Hy sal ons vernederde liggaam verander, om te wees volgens die beeld van Sy liggaam van lof en eer volgens Sy groot krag, waardeur alles aan Hom gehoorsaam gemaak word.

Geen vlees sal in God se Koninkryk ingaan nie, want *Yeshua* se woorde aan *Nakdimon* [Nikodemus] was baie duidelik in *Yochanan* 3:

⁵Yeshua antwoord en sê vir hom: “Dit is ‘n tydlose waarheid wat Ek vir jou sê: as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, is dit onmoontlik dat hy in die Koninkryk van God kan ingaan.

Verder sien ons in 1 Korinthiërs 15:

⁵⁰maar dit sê ek, broers, dat dit nie moontlik is vir vlees en bloed om die Koninkryk van God te beërwe nie; ook beërwe dit wat vergaan nie dit wat nie kan vergaan nie.

M Vreemd, maar by sommige plekke, meestal Engelssprekendes, word “*Amen*” gesê na die belydenis, asof bevestigend. Ander plekke verkies om die belydenis te laat soos dit is.

Uit 25 kommentare het hierdie belydenis 13 positiewes en 12 negatiewes gekry.

Indien ons sou poog om die negatiewe punte te omskep, kan die verklaring dalk as volg daaruit sien:

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde,
En in *Yeshua*, sy uniekgebore Seun, ons Meester en Gesalfde Een;
wat ontvang is van *Ruach haQodesh*, gebore is uit die jongmeisie *Miryam*;
wat gely het, onder *Pilatus* gekruisig moes word,
gesterf het en begrawe is;
wat aan die einde van die derde dag opgestaan het uit die dode;
opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader;
van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe, en die wat reeds gesterf het.
Ek glo aan die werking van *Ruach haQodesh*;
ek glo dat gelowiges gereelde byeenkomste moet hê,
ek glo dat eendersdenkendes gemeenskaplik moet saam verkeer,
ek glo dat slegs God deur *Yeshua* sondes kan vergewe,
ek glo aan die wederkoms van *Yeshua* waartydens Hy opregte gelowiges kom haal vir die ewige lewe.

Hierdie paar lyntjies is nie in klip gekap nie en is nie iets wat ek aan elke gelowige gaan opdring nie. Dit is vir my ‘n basis waarop ek kan bou om te besef hoe broos die mensdom is, hoe ons in elke opsig net op die guns van God kan staatmaak vir alles in ons lewens.

Addendum C

Hierdie tabel is lank gelede saamgestel oor 'n verloop van etlike maande tussen myself en 'n Sabbatsonderhoudende vriendin. Ek verdien geen krediet hiervoor nie en plaas dit slegs as aanvullende inligting rondom onwaarhede en aannames wat deur die kerk verkondig word. Die lys is geensins volledig nie en jy is welkom om my te kontak indien jy iets wil byvoeg wat ek oorgesien het.

Nr.	Wat geleer of algemeen geglo word	Wat Skrif sê
1	Drie wyse manne het eer aan die Gesalfde Een betoon.	Onbekende getal wyse manne; drie soorte geskenke word genoem: goud, wierook en mirre (<i>Mattityahu</i> 2:11).
2	<i>Yeshua</i> was 'n <i>Natzir</i> [Nasireër] en mag nie wyn gedrink het nie (Numeri 6:2-4).	<i>Yeshua</i> was 'n <i>Nazaréner</i> [Nasaréner] (iemand uit <i>Natzeret</i> [Nasaret]) (<i>Mattityahu</i> 2:23) en het wél wyn gedrink (<i>Mattityahu</i> 11:19; 26:29 en ander).
3	<i>Yeshua</i> was 'n <i>Natzir</i> [Nasireër] en mag nie Sy hare laat sny het nie (Numeri 6:5).	<i>Yeshua</i> was 'n <i>Nazaréner</i> [Nasaréner] en het so baie soos ander jongmans gelyk dat Hy met 'n soen uitgewys moes word (<i>Mattityahu</i> 26:48-49).
4	יהוה (God) is nie in beheer van die aarde nie, maar wel <i>hasatan</i> .	Alle gesag is aan <i>Yeshua</i> gegee (<i>Mattityahu</i> 28:18). Hy laat egter baie dinge toe omdat die aarde vol sonde is.
5	<i>Yeshua</i> het Sy hare lank gedra.	1 Korinthiërs 11: ¹⁴ <i>Of leer die natuur self julle nie dat as 'n man sy hare laat groei, dit vir hom 'n oneer is nie</i> Y'chezk'el 44: ²⁰ <i>Hulle mag ook nie hulle koppe kaal skeer nie, nogtans moet hulle nie hulle hare lank laat groei nie; hulle moet die hare van hulle kop net korter sny.</i>
6	Toe <i>Qayin</i> [Kain] en <i>Hevel</i> [Abel] offers aan יהוה gebring het, het die rokie van <i>Hevel</i> se offer reguit opgetrek, maar <i>Qayin</i> s'n het skuins getrek.	Genesis 4: ⁴ <i>en Hevel het ook van die eersgeborenes van sy kleinvee gebring en van hulle vet.</i> יהוה <i>het Hevel en sy offer aanvaar,</i> ⁵ <i>maar Kayin [Kain] en sy offer nie aanvaar nie en Kayin het baie kwaad geword en sy gesig laat val.</i> Geen melding van rokie nie, net nog 'n wolhaarstorie vanuit die kinderbybel. ^A
7	<i>Avshalom</i> [Absalom] se lang hare is in die takke van 'n boom vasgevang toe sy muil daaronder deur gehardloop het.	2 <i>Sh'mu'el</i> 18: ⁹ <i>Avshalom het onverwags die diensknegte van Dawid ontmoet, want Avshalom het op sy muil gery en die muil het onder die digte takke van 'n groot eikeboom ingegaan en sy kop het in die eikeboom vasgehaak sodat hy tussen hemel en aarde bly hang het terwyl die muil, wat onder hom was, aanhou loop het.</i> Alle vertalings tot my beskikking sê “head/kop” , nie sy hare nie. Hy het elke jaar sy pragtige hare geskeer, dus kon dit nie veel langer as so 12-18 sentimeter gewees het nie (2 <i>Sh'mu'el</i> 14:26).
8	Die maagd <i>Miryam</i> [Maria] het 'n maagd gebly vir die res van haar lewe – daarom dat sy nog so genoem word.	<i>Yeshua</i> het broers en susters gehad. <i>Mattityahu</i> 1:25; 13:55-56 ^B

Nr.	Wat geleer of algemeen geglo word	Wat Skrif sê
9	<i>Yeshua</i> is op goeie Vrydag gekruisig en het op paas Sondag opgestaan (36 uur).	Hy is op die Woensdag voor 'n spesiale <i>Shabbat</i> gekruisig (<i>Yochanan</i> 19:31) en het aan die einde van die weeklikse <i>Shabbat</i> opgestaan soos Hy in Sy teken belowe het – 72 uur (<i>Mattityahu</i> 12:39-40).
10	Die verbode “vrugte” van die boom van kennis van goed en kwaad in die tuin van Eden was 'n appel.	Skrif sê nie dit was 'n appel nie, maar 'n begeerlike vrug. ^C
11	<i>Yonah</i> is deur 'n walvis ingesluk.	Al die vertalings tot my beskikking gebruik “groot vis” en nie “walvis” nie. ^D
12	Genesis 2: ^{17b} want op die dag as jy daarvan eet, sal jy die dood sterf. Die teëstander het dit probeer weerspreek in Genesis 3: ^{4b} Julle sal die dood nie sterf nie, Wie het die waarheid gepraat? Die dag dat hulle daarvan geëet het, het hulle nie gesterwe nie.	Genesis 5: ⁵ Al die dae van Adam, wat hy geleef het, was nege honderd en dertig jaar en hy is dood. 2 Kefa 3: ^{8b} dat een dag by יְהוָה soos 'n duisend jaar is en 'n duisend jaar soos een dag. Adam hét toe “sekerlik gesterwe” voor sy “dag” van duisend jaar op was. Vergelyk ook Psalm 90:4.
13	'n Wa van vuur het <i>Eliyahu</i> [Elia] weggeneem.	'n Wa van vuur het <i>Eliyahu</i> en <i>Elisha</i> geskei en 'n warrelwind het hom weggeneem (2 Konings 2:11).
14	Die klip moes weggerol word sodat Jesus uit die graf kon kom.	Die klip moes weggerol word sodat mense (getuies) kon ingaan. <i>Yeshua</i> het by meer as een geleentheid ná Sy opstanding aan die studentevolginge verskyn sonder om deure te gebruik (<i>Markos</i> 16:14; <i>Yochanan</i> 20:26).

^A Kinderbybels en hul nonsens... Advertensies rondom sulke boeke is keer op keer in die kol: Die Jesus Storieboek Bybel: Elke Storie Fluister Sy Naam³² – deur Sally Lloyd-Jones en Jago. Selfs die uitgewers, Zondervan, moet alreeds die rooi vlaggies laat opgaan. Inderdaad is meeste van die stories presies net dit: stories, onwaarhede. Die feit dat dit gefluister word sê nog meer, want waar *Yeshua* ter sprake is behoort ons dit uit te basuin! Hierdie is maar net een van baie leuenboeke...

Die Spaanse Jesuïtiese priester, *Baltasar Gracián y Morales*, ook bekend slegs as *Baltasar Gracián*, het die volgende bekende stelling gemaak: “Gee my 'n kind (seun) vir sy eerste sewe jaar en ek sal jou die man gee”. Die idioom “buig die boompie terwyl hy jonk is” kom dadelik in herinnering en dan sien ons in Spreuke 22:

⁶Voed 'n kind op volgens die pad wat hy moet gaan en wanneer hy oud word, sal hy nie daarvan afwyk nie.

Kinders is baie meer gevoelig en opletterend as wat meeste mense besef. Vir baie ouers gaan dit om hulself, dalk hul loopbane, hul vriendekringe, hul sosiale bedrywighede, hul status – alles dinge wat verbygaan terwyl baie min aandag aan ewigheidswaardes gegee en hul kinders ook daaraan blootgestel word. Sommige ouers is van mening dat dit die “kerk” en skool se plig is om hul kinders op te voed en wonder dan hoekom die samelewing, veral die jongklomp, so “ontaard” het. By verskeie geleenthede het ek gesien hoe een of albei ouers hul kinders by vermaaklikheidsplekke aflaai, 'n klomp kontant in die hand stop en wegry, moontlik om hul eie belange te na te jaag.

³² https://www.amazon.com/Jesus-Storybook-Bible-Every-Whispers/dp/0310708257/ref=sr_1_4?s=books&ie=UTF8&qid=1546331222&sr=1-4&keywords=children+bible

Daardie ouers het geen benul wat die kind met daardie kontant doen nie en sal moontlik later die kind se vriende en ander mense blameer wanneer hulle hul hare uit hul koppe trek omdat die kind behandel moet word vir dwelms of drank, ongewenste swangerskap, of dalk uit 'n tronk losgekoop moet word. 'n Kind behoort dieselfde te leer wat volwassenes leer en nie noodwendig op 'n "eenvoudiger" manier nie, maar met die nodige insig en geduld wat slegs Vader kan gee. Die televisie en slimfoonspeletjies moet ook nie as voltydse kinderoppasser dien nie.

As daar een euwel is wat ek summier sou afbreek, indien dit in my vermoë was, is dit die "moederskamer". Dit is tipies 'n lui of onopgevoede moeder wat hiervan gebruik maak, iemand wat duidelik nie 'n verhouding met God het nie, wat die geleentheid aangryp om by die byeenkoms te wees sonder om deel daarvan te wees. Hierdie "gerieflikheid" is geskep deur mense wat geen vorm van disipline wou erken of toepas nie. Nêrens in Skrif lees ons dat kinders apart van hul ouers in 'n sinagoge was nie. Intendeel, verskeie verse wys juis daarop dat kinders midde-in elke byeenkoms was. *Yeshua* het gereeld met en van kinders gepraat. Nadat Hy in *Y'rushalayim* ingery het op die donkie, was baie mense in die tempelarea om gesondgemaak te word. Hy het Psalm 8:2 aangehaal in *Mattityahu* 21:

¹⁵ *maar toe die leierpriesters en leraars van die wet die wonderwerke sien wat Hy gedoen het en die kinders in die tempelarea uitroep en sê: "Red ons nou, Seun van Dawid," het dit vir hulle boos gelyk* ¹⁶ *en hulle sê vir Hom: "Hoor U wat hulle daar sê?" Yeshua antwoord hulle: "Ja, het julle nooit gelees: 'Uit die mond van babas en suigelingte het U 'n lied van lofprijsing gekomponeer,' nie?"*

Daar is vele aspekte van moderne Judaïsme wat ek nie goedkeur en waarmee ek nie saamstem nie. Ek weet egter van geen sinagoge met 'n "moederskamer" nie en daar bestaan ook nie "*TaNakh* vir Kinders" in enige vorm nie.³³ Kinders is soveel deel van die gebede, leringe en verrigtinge tydens 'n *Shabbat*byeenkoms as wat hulle deel is van die Koninkryk van God, soos God Self en behoort nooit apart geleer of onderrig te word nie. Derhalwe behoort hulle ook nie hul "eie weergawe" van Skrif te hê nie, maar van jongs af, wanneer hulle begin lees, moet elke kind hul eie persoonlike afskrif in die hand gesit word. Kinderbybels is deurtrek met mooi prentjies waardeur kinders verkeerde afleidings maak: Jesus met lang (blonde) hare en blou oë; *Adam* en *Chava* wat agter 'n vyeblaartjie wegkruip, *Noach* se ark wat soos 'n passasierskip lyk met sommige diere bo-op die skeepsdek, twee vet leeus wat vir *Dani'el* staan en glimlag en vele meer verfoeilikhede *ad infinitum*. Dan word kinders geleer (uit daardie selfde verfoeilike boek of onbetrokke ouers) om te bid vir "liewe Jesus", asof hy God is en alles kan doen. Dit is moontlik ook waar mense die vieslike gewoonte aanleer om byname aan God te gee wanneer hulle Hom nie regtig wil erken nie of skaam is voor ander mense: die "Oubaas daar bo", of enige ander neerhalende en verkleinerende titels. Hoe sou jy voel indien God jou so verkleineer en dalk, net per ongeluk, nie toelaat in Sy Koninkryk nie?

B Die brief van *Ya'aqov* is geskryf deur die halfbroer van *Yeshua*; *Miryam* kon dus nie 'n maagd gebly het nie en dit is weereens 'n leuen deur die RKK bewerkstellig. Die Engelse naam van die boek is "James" en iets wat koning Jimmy laat verander het om homself te verewig. Die aanbidding van *Yeshua* is alreeds onaanvaarbaar in God se oë, maar die aanbidding van mense is 'n gruwel. God het geen mens gemaak om meerder- of minderwaardig teenoor ander te wees nie – dit is 'n slenter waarmee die mens homself verneuk. In die hoogs onwaarskynlike geval waar God dalk sou toelaat dat ons *Yeshua* aanbid, is dit waar dit sou stop en vir 'n feit sou die mens wat Hom voortbring het nie aanbid of selfs net geëer word nie. Weereens het die RKK bordjies verhang, in só 'n mate dat die Verlossing wat deur God vir alle mense bewerkstellig is, nou aan 'n kruis eerbiedig word en die vrou waaruit Hy gebore is, word aanbid en is amper belangriker is as God self! Dan praat ons nie van al die ander priesters, biskoppe en liefdadigheidswerkers (soos moeder Theresa) wat heilig verklaar word en elkeen iewers 'n spesiale dag op die heidense kalender kry nie. Soortgelyk het ons ou volkie

³³ Die volgende webwerf is 'n uitstekende bron van verskeie bedrywigheide uit Skrif vir kinders van alle ouderdomme en bevat gratis sowel as aankoopbare items: <https://biblepathwayadventures.com/>

hierdie afskuwelikheid aangeleer om 'n landsverraaier, 'n kommunist te verheerlik, te aanbid tot siekwordend toe.

C Dit is baie moontlik dat die woord “vrug” heeltemal iets anders beteken as wat ons dink en dat dit nie letterlik eetbaar sou wees nie. Ons moet nooit die arglistigheid van die teëstander onderskat nie. Die “Boom-van-die-Lewe” is 'n vooruitskouing na *Yeshua*, dus kon die “Boom-van-die-Kennis-van-Goedheid-en-Boosheid” ook iets wees wat fisies aantreklik moes lyk. Die straf wat die vrou ontvang het mag hiermee verband hou, maar terwyl ons niks meer het om op te gaan nie, is alles bespiegeling en juis een van daardie dinge waarteen ons moet waak. Die woord “vrug” word ook in Skrif op 'n geestelike manier aangewys in Filippense 4:

¹⁷*Nie dat ek geskenke soek nie, maar dat julle vrug mag vermeerder.*

Daar is verskeie ander teksverse wat handel oor “vrug”. Een van die bekendstes is *Galatiërs 5*:

²²*Die vrugte van die Gees is liefde, blydskap, vrede, geduld, sagte omgee, goedheid, vertroue,*
²³*nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge is geen wet in plek nie,* ²⁴*maar dié wat aan Die Gesalfde Een behoort, het die menslike natuur met al sy passies en begeertes gekruisig.*

Ons kan dus nie afleidings maak oor watter “vrug” ter sprake was met die sondeval nie, maar wees verseker dat *Yeshua*, die finale *Adam*, daardie probleem kom regstel het. Al wat jou nou te doen staan, is om die nodige vertroue in Hom te hê en dit uit te leef in gehoorsaamheid.

D Die teks praat van “groot vis” en dui selfs aan dat dit “deur God aangestel” (geskep?) is vir die doel om *Yonah* te red. Ons sien in *Yonah 1*:

¹⁷*יְהוָה* het 'n groot vis **aangestel** om *Yonah* in te sluk en *Yonah* was vir drie dae en drie nagte in die maag van die vis.

Die Hebrew interpolated Study Bible gebruik die woord “*hayah*”:

H1961 *הָיָה* **hayah** (haw-yaw) v.

1. to exist.
2. to be or become.
3. to come into being, i.e. to happen, to occur

Alle walvisse is groot, maar nie alle groot visse is walvisse nie!

Addendum D

Diere en die Ewigheid

Net soos die leuens in kinderbybels, is hierdie foefie moontlik 'n antwoord van iemand wat nie die feite ken nie, maar iemand anders wil vertroos nadat 'n geliefde troeteldier dood is. "Toemaar, Jannie, Wagter is nou in die dierehemel. Eendag sal jy hom weer sien."

Indien daar 'n dierehemel sou wees, hoe gaan Jannie weer vir Wagter sien indien Jannie nie ook 'n dier is nie? Selfs al sou die "mensehemel" en "dierhemel" verenig word, gaan Jannie dalk nooit "hemel toe" nie. Al hierdie klomp snert is dus nie net die nagevolg van 'n vrugbare verbeelding wat oortyd werk in hoogste rat nie, maar ook die onsekerheid van die persoon rakende sy/haar verhouding met die enigste Skepper-Lewende God.

God het diere amper laaste gemaak, na die plante en die tekens in die hemelruim en gesien dat dit goed was. Daarna het Hy die mens gemaak **na Sy beeld**, soos ons sien in Genesis 1:

²⁷God het die mens geskep na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskep; man en vrou het Hy hulle geskep.

Niemand vra ooit of gunsteling plante "hemel" toe gaan nie, tog weet ons daar sal plante in die Ewigheid wees volgens Openbaring 22:

²In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom-van-die-lewe, wat twaalf soorte vrugte voortbring en elke maand sy vrugte gee en sy blare vir die genesing van die volke

Diere is nie na die beeld van God gemaak nie. Die mens is aangestel om te heers oor die res van die aarde, soos ons lees in Genesis 1:

*²⁸God het hulle geseën en God het vir hulle gesê: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, **onderwerp dit en heers oor** die visse van die see, die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde beweeg."*

Hieruit kan ons sien dat die dier nie die mens se gelyke is nie. Ten spyte daarvan dat die diere van dieselfde stof as die mens gemaak is en dieselfde lug inasem, het God slegs die mens gemaak met 'n redenasievermoë, soos dit uitgewys word in, onder andere, Deuteronomium 30:

*¹⁹Ek roep die hemel en die aarde vandag as getuies teen julle; dat ek lewe en dood voor julle geplaas het, die seën en die vloek. **Kies** dus die lewe sodat jy kan lewe, jy en jou nageslag,*

Yeshua het nie aarde toe gekom om diere te red nie, maar mense. Ons leer uit Yochanan 3:

*¹⁶want op dié manier het God die wêreld liefgehad: só, dat Hy Sy enigste uniekgebore Seun opgegee het sodat **elkeen wat in Hom vertrou**, nie verlore sal wees nie, maar die ewige lewe sal hê,*

Geen dier het hierdie vorm van vertrou nie en kan dus nie gered word nie.

Dit beteken egter nie dat daar nie diere saam met ons in die Ewigheid sal wees nie. Die genoemde teksverse op bladsy 46 en ander is van toepassing; daar sal dus diere wees wat nuut geskape is, nes die plante.